

THE COMMISSION RESUMES 12 JUNE 1990.

CHAIRMAN: Before you proceed I just want to place on record that according to my information the attack at Voortrekker-hoogte to which Mr Mamasela testified took place on 12 August 1981. I think it places some light on his evidence and as far as the Cortina is concerned, code 11 on B143B means motorcar and 21 would have been a pick-up or a bakkie and according to micro-fiche I received from the original documentation it was described as a sedan and I mark these documents as B143C.

(10)

WILLEM FREDERICK SCHOON nog onder eed:

MR PRETORIUS: Mr Chairman, before I continue may I just hand up the affidavit of Gilbert Phoshoko and the original affidavit of Frankel, the London lawyer. It was more amenable to copying than the fax copy that you ... (intervenes)

CHAIRMAN: No, fine thanks. That original - that is B138 and Gilbert Phoshoko will be B145.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. PRETORIUS: Brigadier, ons het van u vorige getuienis verstaan dat as 'n afdelingsbevoerder die Vlakplaas-eenheid nodig het, sal hy 'n brief of 'n druktelegram aan hoofkantoor rig en daar aanspraak maak vir die afstuur van die eenheid na sy afdeling toe. -- Dit is korrek of so nie het sommige van hulle ook telefonies geskakel.

Nou, as dit op skrif gestel was behoort daardie dokumente ook nog iewers te wees. -- Dit is korrek.

Vermoedelik by hoofkantoor. -- Ja.

Nou, in verband met arrestasies, ek neem aan dat daar seker dokumentasie daaromtrent gehou sou geword het. -- In al die gevalle was daar dokumentasie omtrent arrestasies.

En dié sou ook te hoofkantoor geliasseer word. -- Ja. (30)

Vir hoe lank/..

Vir hoe lank was u in bevel van seksie C? -- Sedert Desember 1980 tot Oktober 1989.

So omtrent nege jaar. -- Dit is korrek.

En in daardie nege jaar het u enige kennis van hoeveel arrestasies deur afdeling C1 uitgevoer was? -- Daar is rekord daarvan.

VOORSITTER: Dit is die Vlakplaas-eenheid? -- Dit is die Vlakplaas-eenheid.

MNR. PRETORIUS: Daar is rekords? -- Daar is rekords.

Kan u nou vir ons skat hoeveel sou gearresteer word? -- Dit gaan moeilik wees om nou 'n korrekte skatting te gee. Die korrekte syfers is geredelik beskikbaar. Dit moet net effe nagevors word. (10)

Kan u dit vir ons kry? -- Ek is ongelukkig nie meer verbonde aan die tak nie.

U sien want volgens .. (tussenbei)

VOORSITTER: Ek dink die syfer is deur mnr. Maritz gestel in Londen aan een van die getuies.

MNR. PRETORIUS: Ja, ek is nie seker van die tydperk daarvan nie, maar ons kan saam met hom daaroor praat, maar .. (tussenbei)

VOORSITTER: Dit gaan oor die hoeveelheid mense wat deur die Vlakplaas-eenheid geïdentifiseer is en gearresteer is tydens sy bestaan. Ek het onthou dit was 'n besonder klein hoeveelheid mense gewees. (20)

MNR. MARITZ: Ja-nee, al wat ek onthou is ek dink Joe Mamasela het gesê in al die tyd wat hy daar was, was daar iets soos twintig mense ... (tussenbei)

VOORSITTER: Nee, iemand het aan die hand van 'n verklaring van generaal Coetzee gestel, as ek reg kan onthou, maar ek

kan nie/..

MNR. MARITZ: Ek sal dit opvolg.

MNR. PRETORIUS: In elk geval Nofemela het gesê dat gedurende die tydperk wat hy daar was hy het kennis gedra van net een arres. Dit sou omtrent ses jaar gewees het. Ngqulunga het gesê hy het een arrestasie gesien. Dit is omtrent oor 'n tydperk van vyf jaar.

Mamasela het melding gemaak van omtrent twintig arrestasies gedurende sy tydperk daar en gedurende kolonel Coetzee se tydperk, so drie jaar, '82 tot '85, was daar ses arrestasies volgens hom. Nou, ek dink nie dat dit saak maak watter syfer ons vat nie.

Dit moet uit hierdie getuienis blyk dat daar baie min arrestasies was wat deur afdeling C1 uitgevoer is. -- Dit is korrek. (10)

Aanvanklik was die eenheid maar ook redelik klein gewees en dit het metter-tyd uitgebrei.

Sê nou maar daar was 'n gemiddeld van twintig mense oor die tydperk 1980 tot 1989 wat .. (tussenbei) -- Nee, dit is ... (tussenbei)

Wat 'n konserwatiewe skatting sou wees, nè? -- Ja, ek dink dit is baie konserwatief. Daar was meer gewees na die einde toe.

Baie meer, en sê nou maar daar was veertig/vyftig arrestasies, kom ons verdubbel die nommer, daar moet mense daar gewees het wat vir vyf/tien jaar feitlik niks gedoen het. (20)

(Tussenbei)

VOORSITTER: Niks reggekry het.

MNR. PRETORIUS: Niks reggekry het nie. -- Dit verg harde werk om die mense te gaan vang, want hy kom in, ons weet nie wie hy is of waar hy is of waarvandaan hy kom nie en die mense moet gesoek word.

Maar die/..

K90.9

- 2540 -

SCHOON
(30)

Maar die punt wat ek wil maak is u het self toegegee dat hierdie mense is nie eintlik opgelei nie, hulle is eintlik in polisieterme

gedraaide terroriste, nè? -- Ja.

Taamlik ongedissiplineerd. -- Ja.

Was dit nie voorsienbaar dat in daardie omstandighede, waar hulle so min van hulle amptelike werk kan regkry, dat hulle op hulle eie dinge sou wou probeer doen nie? Was dit nie voorsienbaar nie? -- Ek vrees ek kan nie daarop antwoord nie.

Kyk, brigadier, u het geweet hulle is ongedissiplineerd. U het self toegegee. -- En in gevalle waar hulle wel ongedis-siplineerd was, is daar gepaste stappe teen hulle geneem.

Ja, maar die punt was u het geweet dat daar is 'n kans dat hulle ongedissiplineerd sou optree. Daarvoor het julle die riglyne uitgereik in sulke terme as wat hulle wel uitgereik was. -- Ja, die riglyne was meer bedoel vir die afdelingsbevelvoerder en die manne op afdelingsvlak as wat dit bedoel was vir die mense op Vlakplaas. (10)

Maar u het toegegee, brigadier, dat die rede daarvoor of een van die redes daarvoor was dat hierdie mense kan moontlik ongedissiplineerd optree. -- Ja.

En hulle het wel. -- In sommige gevalle, ja.

Tweedens, hulle is nie opgelei nie, hulle is nie polisie-manne nie, hulle is eintlik gedraaide terroriste, nè? -- En daar was indiensopleiding gewees. Namate hulle daar gevestig geraak het, het hulle opleiding gekry. (20)

Ja, maar nie soos 'n polisieman sou gekry het nie? -- Nee.

En hulle stap vir jare deur die land rond en baie van hulle kry feitlik niks reg nie. -- Nee, ek wil nie sê hulle

het niks/..

K90.10

- 2541 -

SCHOON

het niks reggekry nie. Ek dink as u die syfers gaan neem sedert majoor De Kock daar oorgeneem het, was daar 'n dras-tiese verandering. (30)

Kom ons neem die tydperk voor majoor De Kock. -- Voor majoor De Kock het hulle nie veel arrestasies gemaak nie.

Nou, hierdie tipe persoon sou, ek neem aan, en dit sou voorsienbaar gewees het, verveeld raak met hierdie onsuksesvolle pogings om arrestasies uit te voer. -- Daar is altyd so 'n moontlikheid.

En ek wil dit aan u stel dit was heeltemal in daardie omstandighede voorsienbaar dat hierdie mense op hulle eie onwettig miskien sou opgetree het. -- Daar bestaan so 'n moontlikheid.

Watter stappe is deur u of enigiemand anders geneem om hierdie moontlikheid uit te sluit, om te verhoed dat hulle so optree? -- (10)
Wanneer hulle wel die wet oortree het, is daar wel gepaste stappe geneem. Ek kan nie voorsien dat 'n man vandag hier by 'n plek uitloop of inloop dat hy iets verkeerd gaan doen nie. As dit wel die geval was, dan was ek - het ek in die toekoms in kon sien en dan kon ek daarvoor gekeer het.

My punt is was daar enigiets gedoen om hierdie tipe optredes te voorkom voordat hulle gebeur het? -- Deur hulle dissipline op te knap.

Is dit al? -- Ja.

(20)
VOORSITTER: Ek het dan verstaan dat as hierdie mense uitgaan dan moet hulle, het die vorige getuies gesê, dan was hulle in die teenwoordigheid van.. (tussenbei). -- Ja, daar was senior mense wat direk oor hulle bevel gevoer het en wat na hulle omgesien het en gekyk het dat hulle nie verkeerde dinge doen nie.

MNR. PRETORIUS/..

K90.11

- 2542 -

SCHOON

MNR. PRETORIUS: Maar dan ontstaan die vraag sou dit maklik of sou dit moontlik gewees het in die eerste instansie vir iemand om (30)
onwettig op te tree in 'n afdeling, as hierdie noue toesig gehou was? -- O ja, as sy toesighouer ook daardie tendense gehad het,

dan is dit baie moontlik.

Maar die punt wat u maak, en ek dink dit is billik, is dat daar moes 'n mate van koöperasie gewees het met die persoon van die afdeling. -- Ja, dit is korrek.

VOORSITTER: Ek verstaan nie. Wat bedoel u? Wat stel u aan die getuie presies?

MNR. PRETORIUS: Wel, ek stel aan die getuie dat as 'n lid van Vlakplaas in die loop van sy diens onwettig in 'n afdeling optree dan is die waarskynlikheid dat iemand van die afdeling sou daarvan kennis gedra het. -- Dit is moeilik vir my om dit te glo, (10) want ek glo nie enige regdenkende mens sal hom inlaat by verkeerde optrede nie.

Wel, dit is eintlik die ... (tussenbei)

VOORSITTER: Ek dink u is besig om met die getuie iets te argumenteer wat u met my kan argumenteer later.

MNR. PRETORIUS: Ja-nee, dit is, brigadier, eintlik wat die taak van die Kommissie is om uit te vind en ons sal dit daar los.

Ons het melding gemaak van die feit dat hiedie Askari's gedraaide terroriste was en nie altyd heeltemal betroubaar was nie. Ons het dit vasgestel, nê? -- Ja. (20)

Nou, was u ooit bang dat van hulle dubbelagente kon geword het of sou sommer net weggehardloop het met al hierdie geheime inligting wat hulle gekry het? -- Ons het streng daarteen gewaak, daarom was dit eintlik beleid dat 'n man word nie op Vlakplaas gehuisves alvorens hy nie in 'n hof getuienis

afgelê het/..

K90.12

- 2543 -

SCHOON

afgelê het nie. In ander woorde dat hy hom onteenseglik verbind het om van die ANC af weg te breek.

Was dit 'n beleid wat altyd aangepas was? -- Aanvanklik nee. (30)

Van wanneer af het hierdie beleid, was van .. (tussenbei)

-- Nadat ons gevind het dat van die mense wat op Vlakplaas gehuisves is gedros het en weer teruggegaan het na die ANC.

Nou, min of meer wanneer sou dit gewees het hierdie beleid?

-- Dit sou gewees het daar in die begin van 1981.

Die begin van 1981. -- Ja.

Hierdie nuwe beleid was ingestel, as ek dit so kan stel. -- Nee, dit is toe die eerste geval voorgekom het.

Ja, maar wanneer het die nuwe beleid ingetree? -- Wel, dit het mettertyd in daardie omgewing rond.

VOORSITTER: Nee, ek het 'n bietjie van 'n probleem met die datum. (10)
Ek wil net seker maak. U sê begin '81. Ek dink aan die hand van mnr. Dirk Coetzee se getuienis het daar nog nie veel op Vlakplaas aangegaan in '81 nie. -- Nee, daar was toe al 'n paar van die manne daar.

Daar was 'n paar gewees. -- Daar was 'n paar gewees.

So, dit was op daardie stadium? -- Op daardie stadium het die ding alreeds begin.

Maar op daardie stadium het van hulle - het een of meer al gedros, laat ek dit so stel. -- Daar het twee gedros.

MNR. PRETORIUS: Kan u die name van daardie twee onthou? -- Dit (20)
was twee Menye-broers.

Die Mnisi-broers? -- Of die Mnisi-broers, dit is korrek.

Voor dit sê u dat - as ek die beleid verstaan het u gesê dat die Askari's was net toegelaat om daar by Vlakplaas te bly nadat hulle getuienis in 'n hof afgelê het? -- Hulle was
aangewend/..

K90.15

- 2544 -

SCHOON

aangewend om as Askari's geëmplojeer te word nadat hulle deur die afdeling gebruik is om getuienis te lewer in 'n saak en dit bevind (30)
is dat die man wil sy samewerking verleen.

So, kan 'n mens daarvan aflei dat elke Askari wat op Vlakplaas

gewerk het of met Vlakplaas se dienste betrokke was getuienis in 'n hof afgelê het? -- Die oorgrote meerderheid van hulle het.

So, die beleid was in sommige instansies nie .. (tussen-bei) -- Dit het soms gebeur dat 'n man uit sy eie beweging kom en sê hy wil homself oorgee en weens gebrek aan iemand teen wie 'n mens hom kon gebruik om getuienis te lewer was ons eintlik moreel verplig om die man te huisves.

Hoeveel informante was daar by Vlakplaas onder die Aska-ri's, wat nie eintlik gedraaide terroriste in daardie sin was, maar van die begin af informante? Hoeveel van hulle was daar? -- Ek kan nie onthou dat ons enige informante daar gehuisves het nie. (10)

As daar gevrees was dat iemand gaan weghardloop of gaan moeilikheid veroorsaak vir die Vlakplaas-eenheid, wat was die beleid dan? Wat het u met daardie mense gedoen? -- Daar het nie so 'n voorval opgeduik waarvan ek kennis dra nie.

Nooit met iemand gepraat oor 'n vrees dat hierdie Askari lyk onbetroubaar te wees, hy gaan weghardloop met sy inligting wat hy verkry het of hy gaan draai weer of hy gaan moontlik 'n dubbele agent word? Nooit nie? -- In hierdie spel moet 'n mens verwag dat sommige gaan jy oorreed om te bly, andere gaan miskien nie tevrede wees nie, hulle gaan dros. Die moontlikheid is altyd daar. (20)

VOORSITTER: Ja, maar wat die advokaat vir u vra was daar ooit 'n geval van 'n spesifieke persoon wat u verdink het daarvan dat hy/..

K90.18

- 2545 -

SCHOON

dat hy gaan wegloop, terugloop? -- Nie waarvan ek weet nie.

MNR. PRETORIUS: U sien, ek verstaan u getuienis in daardie verband en dit is nie die getuienis van ander getuies, maar ek gaan nie daarop in op die oomblik nie, maar op die veronderstelling dat so iets wel gebeur het, dat iemand was verdink dat hy kan weghardloop en op daardie wyse geheime inligting vir die vyand (30)

gee, wat kan 'n mens in daardie omstandighede doen? -- Die mense het oor bitter min geheime inligting beskik. Daar was intendeel geen inligting aan hulle oorgedra nie, behalwe dit wat hy noodwendig moes weet om ander terro-riste op te spoor.

Ja, maar as 'n mens iets in verband met iemand wat u verdink omdat hy gaan weghardloop, wat kan 'n mens daaromtrent doen? -- Daar is bitter min wat 'n man kan doen as iemand wil weghardloop.

Of moet hy gaan - jy kan hom nie aankla nie, seker en in die tronk sit nie. Dit is nie moontlik nie, is dit so? -- Ek dink dit is wel moontlik, want die meeste van die mense is mense teen (10) wie daar wel sake ondersoek was en teen wie daar wel getuienis was en as dit die prokureur-generaal behaag het dan kon hy die man aangekla het.

En dan sou hy die kans kry om getuienis in 'n hof te gee. -- En in die gevalle waar 'n man wel getuienis gegee het en hy deur die regter van sy daad verskoon is, wel daar kon ons natuurlik nie optree nie.

Maar die punt is dat hier is die geheime eenheid, hy dra kennis van elke gedraaide terroris of insurgent en om hom vry te laat in die sin dat hy gaan nou voor 'n verhoor, gee u hom die kans (20) om alles in die hof te ontbloot, sy prokureurs te vertel, sy kollegas in die tronk te vertel, u weet. Dit is
nie/..

K90.19

- 2546 -

SCHOON

nie eintlik 'n maklike besluit, sou nie eintlik 'n maklike besluit gewees het vir u as u daardie uitweg wou neem nie. -- Ek verstaan u nou nie mooi nie, want die man is nou vry op die oomblik, hy is daar op Vlakplaas en nou sê u nou verdink ek hom dat hy dros.

Hy gaan weghardloop, hy gaan draai, teen die polisie draai. (30) Hy gaan weghardloop. Hy gaan so baie skade as wat hy kan aan Vlakplaas berokken. -- Dit is die risiko wat 'n man moet loop as

jy met hierdie mense te doen het.

VOORSITTER: Ek wil net - voor die advokaat voortgaan. Wat was u persoonlike verbintenis met Vlakplaas? Ek bedoel u was nou - dit het nou onder u geressorteer, maar wat was u persoonlike betrokkenheid by die - by wat daar aangaan? -- Ek het maar omtrent een keer 'n maand daar gekom. Ek het nie daar gebly of daarvandaan geopereer of gewerk nie. My kantoor was hier by veiligheidshoofkantoor in die middestad en die mense wat die saak daar bedryf het, was aanvanklik kaptein Coetzee, daarna was dit kaptein, of nou later kolonel, Jan Coetzee .. (tussenbei)

Ja, goed, wag net so 'n bietjie. Wat ek eintlik by u wil weet is die volgende: 'n Persoon, 'n insurgent met die naam van X word nou aangekeer en hy word nou as 'n kandidaat vir Vlakplaas geïdentifiseer. U volg? Punt nommer een, wie se besluit was dit gewees om so 'n persoon by Vlakplaas te plaas? -- Die prosedure was dat benewens seksie C1 was daar ook 'n ander seksie, C2, wat die ondervraging en die uitkenning deur middel van foto's gaan doen het op verskillende standplase waar 'n gearresteerde terroris aangehou word en indien hulle daardie man as 'n getuie geïdentifiseer het en hy dan ook later as 'n getuie gebruik is en na afhandeling van die saak

(10)
(20)
dan is/..

K90.20

- 2547 -

SCHOON

dan is die man oorgeplaas na seksie C1 en op Vlakplaas geakkommodeer.

Ja, maar wie se besluit was dit gewees, om hom daar te aanvaar? -- Dit is 'n besluit wat na konsultasie ... (tussenbei)

Tussen die twee seksies. -- Tussen die twee seksies gedoen is en ... (tussenbei)

Nou goed, nou word 'n man daar geplaas. Kom ons neem nou die geval van X, u het dan seker 'n lêer op X aangehou. -- Ja.

(30)

Ek bedoel sou u nou weet, u in u hoedanigheid as hoof van C1, dat daar 'n persoon met die naam van X op die plaas is met hierdie agtergrond? -- Ek het nie baie intiem met hierdie dinge gewerk nie.

Ja, dit aanvaar ek, maar wat ek by u wil weet is sou u in die algemeen - ons praat nou heel in die algemeen, sou u geweet het daar is 'n persoon met die naam van X by Vlakplaas of was u kennis tot iets anders beperk? -- Ek het 'n beperkte kennis gehad, veral wanneer dit kom by name, want daar is vandag nog mense daar wat ek glad nie weet wie of wat hulle is nie.

(10)

Goed, maar kom ons neem nou 'n persoon X. Kom ons veronderstel nou u weet X is daar op die plaas. Ek aanvaar daar was sulke gevalle gewees, dat u die identiteit van ten minste van party van die mense geken het. Is dit reg? -- Dit is korrek.

Nou die vraag wat daaruit voortvloei is dit, watter terugvoer het u gekry oor hierdie persone? Met ander woorde om by die advokaat se vraag aan te sluit, het u enige terugvoer gekry van die bevelvoerder oor sê nou maar die persoon se lojaliteit of verdeelde lojaliteit? -- Ek kan nie 'n

geval onthou/..

(20)

K90.22

- 2548 -

SCHOON

geval onthou waar ek terugvoer gekry het nie.

Nou, as u nie terugvoer gekry het nie dan wil ek net by u dit weet, uit u eie kennis sou dit vir u - op welke wyse sou u kon geweet het of 'n persoon 'n verdeelde lojaliteit het of moontlik kan hê? -- Ek sou nie kon geweet het nie.

Maar u kan nie die moontlikheid uitskakel dat dit aan u meegedeel is dat 'n persoon verdink word van verdeelde lojaliteit nie? -- Ek kan nie so 'n geval onthou nie.

(30)

Nee, ek aanvaar dit, maar ek bedoel as daar so 'n geval was - kom ons aanvaar dat Dirk Coetzee het na u toe gekom in 1981 en

gesê kyk, ek verdink X van verdeelde lojaliteit, dit sou tog 'n redelike gebeurtenis kon gewees het. -- Dit is so.

MNR. PRETORIUS: As daardie persoon waaroor u en die kommissaris nou gepraat het, as daardie persoon met die verdeelde lojaliteit alreeds getuienis afgelê het, is die moontlikheid, bestaan die moontlikheid dat hy van verdere vervolging sou gevrywaar gewees het? -- Ja.

So, dit sou nie altyd moontlik gewees het om daardie persoon net op te sluit en aan te kla nie, want hy het alreeds getuienis afgelê en soos staatsgetuies baie die kans kry om gevrywaar te word, sou dit kon gebeur het? -- Ek dink met die ou Wet op Terrorisme, artikel 31, glo ek het daarvoor voorsiening gemaak. (10)

Wat kan 'n mens dan met 'n persoon wat 'n potensiële ver-raaier is doen anders as om hom te skiet, dood te maak?

(Tussenbei)

VOORSITTER: U weet, mnr. Pretorius, ek het nou 'n probleem. Van watter geval praat u?

MNR. PRETORIUS: Wel, ek praat nou op die vlak van beleid, maar daar is ... (tussenbei)

VOORSITTER/.. (20)

K90.24

- 2549 -

SCHOON

VOORSITTER: Nee, kom ons wees spesifiek dat ons net die feite kry.

Sê net vir my na watter geval mik u?

MNR. PRETORIUS: Daar is drie gevalle in die algemeen, Ace Moema, Vusi en Peter.

VOORSITTER: Nou, Vusi was nie so 'n geval gewees nie. Peter was nie so 'n geval gewees nie. Hulle het nie geval binne wat u nou stel nie.

MNR. PRETORIUS: Ace Moema is 'n moontlikheid.

(30)

VOORSITTER: Ja, goed.

MNR. PRETORIUS: In elk geval, brigadier, u sien dit is - al is

dit onder geen omstandighede geregverdig nie, dit is ver- staanbaar dat 'n bevelvoerende offisier by Vlakplaas sou gevoel het kyk hierdie persoon het - daar bestaan 'n moontlik- heid hy gaan teen ons draai, hy het verdeelde lojaliteit, hy kan moontlik groot skade berokken, ons moet van hierdie persoon wegkom, ons moet hom doodmaak. -- Ek weet nie van so 'n geval nie.

Nou, u het seker in 1981 brigadier Nic van Rensburg geken. -- Ek weet nie of ek - hy was toe op Ermelo gestasioneer en ek het hom maar baie swak geken. Ek glo nie ek het hom daardie tyd ontmoet ooit nie.

Sou u nie kennis dan gedra het of daar op daardie stadium alreeds enige tugstappe teen hom geneem was of enige klagtes in verband met sy gedrag? -- Ek het geen kennis daarvan nie.

Om net aan te gaan na 'n ander punt toe, gedurende 1981 en daarna was die ANC en PAC beskou as die vyand van Suid-Afrika. -- Ja.

CHAIRMAN: Could I just ask one question of you, do you have - can you date the date the Mnisi brothers in fact left or re- joined the ANC on your information?

MR PRETORIUS/..
(20)

K90.27

- 2550 -

SCHOON

MR PRETORIUS: I think it was in 1981, mid to late 1981.

CHAIRMAN: No, except for the year. Do we have any information on that?

MR PRETORIUS: I think at least during March 1982 the Mnisi brothers were still at Vlakplaas. (Discussion in background.) Then there must be a mistake.

CHAIRMAN: No, it may also be '82, this is what worries me. It depends on how one understands the evidence that I have so far, how you adjust it. I do not think from the evidence I have in front of me I can date it. I thought you might have had some

independent information.

MR PRETORIUS: We will be handing in a statement in due course. It has just been put in affidavit form but the - and hopefully before the relevant people give evidence, but it is certain - or it is reasonably certain that the Mnisi brothers were there before Ace Moema disappeared and until that time.

CHAIRMAN: Yes, you see but on any version that must at least have been in '82, that must have been in '82 or maybe end of '81.

MR PRETORIUS: Yes, it could well have been in '82.

CHAIRMAN: I am not quite sure.

MR PRETORIUS: My summary says that early in 1982 ... (inter-venes) (10)

CHAIRMAN: No, thank you. I just - thank you very much.

MR PRETORIUS: So, we may be dealing with early 1982. May I continue?

CHAIRMAN: Yes. I just find it difficult sometimes to fit in the occasions.

MNR. PRETORIUS: Brigadier, in 1981 en daarna was die ANC/PAC die vyand. -- Asook die Kommunistiese Party.

Van/..

K90.29

- 2551 -

(20)
SCHOON

Van Suid-Afrika, en hulle was die ergste tipe vyand dit moes gewees het vir die polisie, want hulle het hierdie ondergrondse oorlog teen die land gevoer. -- Ja.

Dit is nie 'n openlike oorlog nie, maar 'n terroriste aanslag. -- Ja.

'n Totale aanslag op baie vlakke. -- Ja.

En volgens beleid, soos ek dit verstaan het, was dit nodig vir beide die Suid-Afrikaanse Polisie en die weermag om die land te verdedig teen die vyand. Binne en buite Suid-Afrika. -- Ja.

Nou, was daar ooit in die Suid-Afrikaanse Polisie 'n besluit geneem, of alleen of saam met die Suid-Afrikaanse Weermag, om op (30)

die offensief te gaan teen die ANC en die PAC in plaas van net defensief te bly? -- Ek dra van geen so 'n besluit kennis nie.

In die dae van die totale aanslag, was daar geen besluit wat die SA Polisie geneem het om op die offensief te gaan nie, om die vyand uit te soek en daar met hom te handel? -- Dit was heel van die begin af ons optrede om die mense uit te snuffel en te arresteer.

Is dit al? Nou, brigadier, sal u erken of ontken u dat die SAP betrokke was by optredes teen die ANC en die PAC in Suid-Afrika se buurstate soos byvoorbeeld Botswana en Swazi-land? Wat is die posisie daarvoor? -- Ek was geadviseer dat ek nie op hierdie (10) vrae moet antwoord nie aangesien dit nie binne die bestek van die Kommissie se opdrag val nie.

Wel, ek sal u belowe, brigadier, ek gaan nie besonderhede van u vra .. (tussenbei)

VOORSITTER: Ja, die advokaat wil maar net - hy bedoel u hoef nie die vraag te antwoord nie, maar bloot in die algemeen

gesproke/..

K90.30

- 2552 -

SCHOON

gesproke, dra u kennis van sulke gevalle, dit is wat hy by u wil weet. U het u advies gekry, ek gaan nie - maar - u kan self besluit (20) of u by u advies wil bly. -- Met u toestemming sou ek liever nie daarop wil antwoord nie.

MNR. PRETORIUS: U sien, ek het 'n bietjie van 'n probleem met die posisie, want dit het nou 'n punt geword in verband met die Botswana-aangeleentheid. Dit is nou 'n punt in hierdie kommissie waarvoor baie aantygings van beide kante gemaak is en ek wil u net vra, ek dink dit is 'n billike vraag en dit verg, ek dink in alle billikheid, 'n antwoord van u. Erken u of ontken u dat die SA Polisie betrokke was by sulke aanvalle in buurstate? Wat is u (30) houding daarvoor? -- Ek hou by my standpunt soos ek reeds netnou gestel het.

U wil nie daardie vraag ... (tussenbei) -- Nee.

Nou, ek sal die vraag of die punt op 'n ander wyse probeer mee handel, ons weet daar is aantygings van optredes in die buiteland deur die SA Polisie en ons weet ook dat sulke tipe voorvalle wel plaasgevind het, al weet ons nie in elke geval wie dit gedoen het nie. U weet van die aantygings teen die polisie seker. -- Ja, ek weet daarvan.

En u weet ook dat daar wel voorvalle in die buiteland, in die buurstate plaasgevind het van hierdie tipe aard waaroor die aantygings gaan. -- Ja.

En as u geen vraag daaroor wil antwoord nie, dan maak dit my taak moeilik, maar my taak is eintlik gemik aan beleid in die binneland, sou daar enige verskil in die beleid van die polisie gewees het - kyk, ek neem aan u aanvaar dat die polisie nooit onwettig sou opgetree het nie. -- Dit word immers van die polisie verwag om nie onwettig op te tree nie. (10)

Ja-nee, ek weet dit word verwag van die polisie, maar

wat hulle/..

K90.32

- 2553 -

SCHOON

(20)

wat hulle wel gedoen het mag anders gewees het, nou vra ek u het die polisie ooit onwettig opgetree volgens 'n beleid om so te doen? -- Hulle het nie so 'n beleid toegepas om onwettig op te tree nie.

Waar daar wel onwettige optrede was, soos dit so dikwels in die howe bewys is, is daar teen hulle opgetree.

En ek neem aan dat die regverdiging vir hierdie beleid is net dat u nie gemagtig is om onwettig op te tree nie. Dit gaan teen die kultuur van die polisie. -- Dit is korrek.

En dieselfde beleid sou geld buiteland - in die buiteland en in die binneland. -- Binnelands is daar sekere wette waarvolgens ons kon optree wat voldoende was om die nodige stappe te neem. In die buiteland is daar absoluut geen wet waarvolgens ons (30)

kon optree nie.

En dus sou u nie daar opgetree het nie, want in daardie sin as u 'n man in Botswana sê nou byvoorbeeld ontvoer, is dit onwettig vir nog 'n rede, dat u nie gemagtig is om daar hoege- naamd op te tree nie, nè? Dit is nog onwettig in terme van die wette van daardie land. -- Ja-nee, dit is.

En volgens die algemene kultuur en beleid van die polisie sou u dit nie gedoen het nie. -- In die buiteland is daar absoluut geen wet waarvolgens ons hierdie sameswerings en planne wat daar gesmee word om die Republiek binne te val en moord en doodslag te saai, waarvolgens ons kan optree nie. (10)

En dus sou u nie opgetree het nie of verstaan ek u .. (tussenbei) -- Ek het reeds gemeld dat ek beroep my op privi-legie om nie oor die buiteland te praat nie.

Maar dit is nie privilegie .. (tussenbei)

VOORSITTER: Dit is 'n kwessie van 'n beperking op die omvang van die kommissie. -- Van die kommissie.

MNR. PRETORIUS: Maar dit is nie 'n beperking ... (tussenbei) -- Dit is wat/..

K90.34 - 2554 - (20) SCHOON

-- Dit is wat ek bedoel.

Maar, brigadier, ek moet iets vir jou uitwys, dit is nie 'n beperking op u, u is nie beperk nie. U kan as u wil daar- die vraag antwoord en u verkies uit u eie om daardie vraag nie te antwoord nie. -- Dit is korrek.

Dit is u eie keuse. -- Ja.

Dit is nie 'n beperking wat die kommissaris op u plaas nie. Hy het dit duidelik vir u gemaak. Dit is u keuse. Ons moet dit op die tafel so neerlê. -- Ja.

Maar die punt wat ek wil maak is dat of dit binne of buite die grense is, is die kwessie een van of dit wettig is of nie. (30)

Dit is nie 'n kwessie van - u het nie een beleid vir buiteland en 'n ander beleid vir binneland nie. -- Binnelands het ons 'n stel wette waarvolgens ons kon optree, in die buiteland nie.

Maar buiteland is daar ook wette. In Botswana is daar ook wette en ek neem aan u verontagsaam daardie wette nie of u sou nie daardie wette verontagsaam nie of sou u? Wat is die beleid?

Is daar 'n verskillende beleid vir die buiteland en die binneland of is dit dieselfde beleid? U tree regmatig op binne u magte en bevoegdhede en binne die algemene kultuur van die polisie? -- Ek verkies om nie daarop te antwoord nie.

(10)

Om na 'n ander punt toe te gaan, wat is die plig van 'n mede-polisielid as een van sy kollegas onwettig optree? Ons handel nou binnelands. As 'n polisieman onwettig optree, 'n kollega dra kennis van hierdie onwettige optrede, wat is sy plig, wat moet hy doen en wat sal hy waarskynlik doen? -- Sy plig is om gepaste stappe te neem sodat daar teen daardie lid opgetree kan word.

Hy moes in alle gevalle, hoe klein die optrede is,

gerapporteer/..

(20)

K90.37

- 2555 -

SCHOON

gerapporteer word deur sy kollegas. Dit is die beleid. -- Dit hang af. Miskien is dit 'n ding wat hyself kon besleg het, waar hy self kon tugstappe neem om die ding te remedieer.

Ja, maar hy moet eintlik stappe neem, hy kan dit nie los nie. Dit is die beleid van die ... (tussenbei) -- Dit is die beleid.

Dit is die reëls en die regulasies. -- Ja.

As iemand iets onwettig doen, hoe klein is dit, dit is nie vir hom om 'n besluit daaroor te neem nie, hy moet dit rapporteer of self tugstappe neem. -- Ja.

(30)

En is dit die kultuur van die polisie dat dit waarskyn gedoen sou geword het, daardie beleid sou gevolg geword het? -- Wel, dit

is beleid en as daar beleid neergelê is moet 'n mens dit nakom.

Ja, maar u weet, almal weet dat as 'n vriend van jou nou 'n onwettige optrede begaan, dan is dit nie altyd dat 'n mens geneig is om hom te rapporteer nie? -- As 'n vriend en nog 'n vriend miskien saam 'n onwettige ding doen dan twyfel ek of een van hulle dit gaan rapporteer.

Ja, as hulle dit saam doen. -- Ja.

Maar as hulle dit nie saam doen nie. Sê nou byvoorbeeld ek is in 'n afdeling, iemand van Vlakplaas kom na my afdeling toe en hy steel 'n motorkar. As ek daarvan kennis dra moet ek hom rapporteer. -- Dit is 'n baie ernstige misdaad. (10)

En is die waarskynlikheid dat hy sou gerapporteer word het?

Is dit die waarskynlikheid volgens u ervaring in die polisie?

-- Ek sou verwag het dat hy dit moet rapporteer.

Nee, ek weet u sou dit verwag het, maar is dit .. (tussenbei)

VOORSITTER: Ons is weer besig met waarskynlikhede, asseblief.

MNR. PRETORIUS/..

K90.39

- 2556 -

SCHOON

MNR. PRETORIUS: Ekskuus?

(20)

VOORSITTER: U is weer besig om waarskynlikhede te debatteer met die getuie.

MNR. PRETORIUS: Ja, maar dit is in sommige gevalle waaroor ons moet argumenteer en ek wil net hierdie getuie 'n kans gee om daarvoor kommentaar te lewer as hy wil. Maar in elk geval sê nou byvoorbeeld 'n lid gedurende 'n tydperk van ses of so maande, tien of meer onwettighede aangaan en een of meer van sy kollegas dra kennis daarvan, is die waarskynlikheid nie dat hy sou gerapporteer word het? -- Dit is vir my moeilik om op waarskynlikhede te antwoord.

Ek wil hê u moet probeer. U is 'n ervare polisieman, u dra kennis van wat ... (tussenbei) (30)

VOORSITTER: Mnr. Pretorius, ek gaan nie die getuie nou vra om

daardie vraag te antwoord nie, want dit hang tog van faktore af.

Dit hang daarvan af of die persoon - ek moet eers weet wie die persoon is wat die onwettigheid gepleeg het, ek moet weet wie die persoon is wat kennis gedra het daarvan, wat daardie persoon se motiewe was of nie motiewe was nie. Vir hierdie getuie om in die algemeen te antwoord dink ek help my absoluut niks nie.

MNR. PRETORIUS: Ek was van voorneme om .. (tussenbei)

VOORSITTER: As u dit spesifiek wil maak .. (tussenbei)

MNR. PRETORIUS: Meer spesifiek in te gaan en ek sal dit nou doen.

Ek gee vir u 'n voorbeeld. Sê nou maar Dirk Coetzee gaan af
Oos-Kaap toe en daar steel hy twee of drie - een voer- tuig, twee (10)
of drie voertuie sê nou maar. Hy steel die voertuie en 'n lid
in die Oos-Kaap dra kennis daarvan. Nou, wat is die
waarskynlikheid? Daardie lid sal waarskynlik vir die Kommissie
sê kyk, ek was nie daarby betrokke nie en ek

weet nie/..

K90.40

- 2557 -

SCHOON

weet nie of hy sal toegee dat dit wel gebeur het nie, maar dit
is 'n moontlikheid dat hierdie Kommissie sal 'n bevinding maak
dat dit gebeur het, nou op daardie veronderstelling dit het gebeur, (20)
'n lid in die Oos-Kaap dra kennis daarvan, wat is die
waarskynlikheid? Dat hy gerapporteer sou word of nie? -- Ek dra
nie kennis van die voorval nie en hier is dit al weer
waarskynlikhede. Ek kan ongelukkig nie daarop antwoord nie.

Wel, ek moet dit aan u stel as sê nou 'n senior offisier in
die Oos-Kaap kennis gedra het van een of twee motordief- stalle
gepleeg deur die Dirk Coetzee of iemand van Vlakplaas af, dat hy
sou gerapporteer word. -- Ek sou verwag dat hy dit rapporteer.

Dit is die waarskynlikheid en die enigste omstandighede
waarin hy nie sou gerapporteer geword het nie, sou die bestaan (30)
van een of ander regverdiging vir sy aksie wees. -- Ek kan nie

daarop antwoord nie.

Wel, ons gaan argumenteer en ek wil dit aan u stel, dat polisiemanne het gevoel dat in die omstandighede wat geheers het daardie tyd, die totale aanslag van die vyand, die oorlog waarin die SAP betrokke was, dat al was dit onwettig dit was geregverdig en hulle het so opgetree binne die milieu van daardie regverdiging.

Wat sê u daarvan? -- Wel, as u daarvan kennis dra, ek dra geen kennis nie.

Om net na 'n ander punt toe te gaan, het u ooit kennis gedra van enige opdrag om Dirk Coetzee te laat dophou, te eniger tyd in die laaste vyf jaar? -- Nee. (10)

Geen opdrag? -- Ek weet van geen opdrag nie.

Om sy telefoon mee te luister? -- Nee.

Nou, u het seker geleer gedurende die verloop van sy interne verhoor dat daar aantygings gemaak is dat hy

onbetroubaar/..

K90.42

- 2558 -

SCHOON

onbetroubaar was? -- Ek het dit gehoor.

En moontlik kon hy 'n veiligheidsrisiko vir die polisie geword het.-- Ek glo dat hy wel een was. (20)

En hy het wel aantygings in verband met telefoonmeelistering gemaak. Ek weet nie of dit die korrekte uitdrukking is nie, maar .. (tussenbei) -- Dit is maar op hoorsê wat ek dit gehoor het.

Nou, is dit nie redelik om te verwag dat hy sou dopgehou geword het onder daardie omstandighede deur die veiligheids- polisie nie? -- Ek het van sy doen en late geen kennis gedra nadat hy van Vlakplaas weg is nie.

Ja, maar sou u nie verwag het onder daardie omstandighede dat iemand 'n bevel sou uitgereik het om hom te laat dophou nie, om te sien dat hy geen skade vir die SA Polisie berokken nie? -- (30)

Ek vrees ek kan nie daarop antwoord nie.

Glo u dat Coetzee 'n dubbele agent was, vir die ANC en SA Polisie? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Nou, u ken seker vir Craig Williamson. -- Ek ken hom.

Hy is 'n betroubare of was 'n betroubare, prominente lid van die veiligheidspolisie. -- Ek het hom maar net as persoon geken baie oppervlakkig.

Maar hy was gerespekteer binne die veiligheidspolisie-kringe? -- Hy was, hy was.

Daar was geen klagtes teen hom nie. -- Nee.

(10)

In die Coetzee-verhoor, een van die klagtes teen Coetzee was dat hy probeer het om Craig Williamson te oorreed om hom te help met die uitvoer van 'n onwettige transaksie. Dra u kennis daarvan? -- Nee.

Wel, ek wil net die agtergrond dan vir u gee. Daardie optrede was om geld onwettig in die land in te bring. -- Ek dra geen kennis/..

K90.43

- 2559 -

SCHOON

geen kennis daarvan nie.

(20)

En onder kruisverhoor deur Coetzee se regsverteenvoorder, en dit is die regsverteenvoorder nou vir Coetzee, gesê aan Williamson "Maar nooit het Coetzee vir jou direk gevra om hulp nie" en Williamson se antwoord daarop was al het hy nie die spesifieke woorde gebruik nie, Williamson het dit so verstaan - hy, Williamson, het dit so verstaan binne die konteks van die gesprek en ek wil voor u plaas wat Williamson in daardie verband gesê het en ek sal vir u lees. Dit is die kruisverhoor. Ek sal dit in Engels lees as ek mag.

"Well, did he ever request you personally to bring in the money? -- No, he did not but he made it very clear that he would like me to arrange the person

(30)

who brought it in who would probably be him to be guided past customs.

Where did he say that? There is one sentence about that alone? -- That is right.

Where did he request you to help him with that? -- From Williamson. Captain Coetzee never at any time said to me Craig I want you to do this or that or the next thing. This was, as I have said several times, the conversation between confidants and I understood perfectly clear what he was asking me to do." (10)

And then he goes on to say - dan gaan hy aan om te sê:

"It is a very devious way of talking. It was something that security people will understand."

Dan gaan hy aan "I think for people in the profession" en hy praat nou van sekuriteitspolisie of veiligheidspolisie "people who speak deviously to each other and have a very intimate rapport with each other understand intimately, understand very

well/..

K90.45 - 2560 - (20) SCHOON

well what is going on in this type of conversation". Weet u waarvan Williamson praat daar? -- Ek het nie die vaagste benul nie.

Hy praat net uit sy kop uit blyk dit. -- Ek weet nie waaroor dit gegaan het nie.

Is dit nie 'n gebruik .. (tussenbei)

VOORSITTER: Nee, die getuie sê hy verstaan nie wat die agtergrond is nie.

MNR. PRETORIUS: Wel, ek het probeer om soveel agtergrond te gee .. (tussenbei)

VOORSITTER: Nee, wat die advokaat vir u sê is die volgende, dat wat mnr. Williamson te kenne gee is dat in die - onder die (30)

veiligheidspolisie word min woorde gewissel en dan weet mense, uit die min woorde weet hulle dat daar steek meer in die woorde as wat uitgespreek is. Met ander woorde dat hulle so in vae terme praat en dan weet die mens - die ander party weet dan presies wat bedoel word. Dit is die essensie. Nou vra die advokaat vir u of u daarmee saamstem, dat julle so 'n kriptiese taal het. -- Nee, dit is nuus vir my. Ek weet nie daarvan nie.

MNR. PRETORIUS: U sien, en ek moet dit aan u stel, want dit is 'n punt wat in hierdie Kommissie geopper is, oor gedebatteer, dat as 'n polisieman nou 'n bevel wil gee aan 'n onderdaan oor iets onwettig, sou dit sin maak om sulke taal te gebruik omrede dat daardie aksie nie terug aan hom gebring kan word nie, daardie opdrag. 'n Mens kan sê kyk, ek het nooit daardie opdrag gegee in sulke terme nie en die gebruik van daardie taal maak sin. Stem u nie saam nie? -- Ek dra geen kennis daarvan nie. Ek weet nie van sulke taal wat gebesig word nie. (10)

In verband met die Mxenge-voorval, hy was op

19 November/..

K90.48

- 2561 -

SCHOON
(20)

19 November vermoor 1981 en die volgende dag, ons weet nou, het die polisie alreeds kennis gedra van sy dood. Wanneer het u vir die eerste keer van sy dood leer ken of kennis gedra? -- Ek dink die volgende dag toe dit in die koerante was.

Wat was - is u seker dit was die volgende dag of is dit nie vir u 'n belangrike stuk van informasie nie? -- Nee, ek dink dit was die dag daarna gewees.

U dink dit was die dag daarna. Wat sê u? Is u seker dit was die dag daarna? -- Nee, ek is nie seker nie, maar toe dit in die koerante verskyn het. (30)

So, die eerste kennis wat u gedra het van Mxenge se dood was toe u dit in die koerante gelees het? -- Ja.

Is u seker daarvan? -- Ek is seker daarvan.

Hoe kan u so seker wees? -- Omdat ek dit van niemand anders gehoor het nie.

Maar dit is wat ek vir u vra, hoekom is u so seker daarvan? Kon dit nie gewees het dat iemand u gebel het en daaroor gerapporteer het of u 'n druktelegram gekry het of .. (tussenbei) -- Nee, ek het dit vir die eerste keer in die koerant gelees.

U is absoluut seker daarvan? -- Absoluut seker.

En toe u dit gelees het, het u enige stappe geneem? Het u daaroor met iemand gepraat? -- Nee.

(10)

Met Van der Hoven nooit daaroor gepraat nie, brigadier Van der Hoven van Natal? -- Hy het nooit so iets met my bespreek nie.

Het u so iets met hom bespreek? -- Nee.

Het u dit ooit met generaal Johan Coetzee bespreek? -- Nee.

So, u sê u het die aangeleentheid nooit op 'n amptelike vlak nou/..

K90.50

- 2562 -

SCHOON

vlak nou met u kollegas bespreek nie? -- Nee.

(20)

Op 'n nie-amptelike informele vlak? -- Ook nie.

Nooit bespreek nie? -- Nie sover ek weet nie.

Was u kantoor ooit daarby betrokke, veiligheids- hoofkantoor? -- Nee.

VOORSITTER: Kan ek net uitvind, u was hoof van afdeling C, nê?

-- Ja.

Het mnr. Mxenge enigiets met afdeling C te doen gehad? -- Nee. Afdeling C het uit en uit op terrorisme gekonsentreer.

MNR. PRETORIUS: Maar was dit nie algemene kennis dat hy 'n ondersteuner van die ANC was nie? Griffiths Mxenge. -- Ja, ek dink dit was algemeen bekend. (30)

En meer as 'n ondersteuner, hy het ook geld gekry om hulle

in die howe te verdedig, die ANC/PAC-persone. -- Ja, ek dink dit was genoem.

Sou dit nie onder u aandag gekom het dat hy wel 'n ANC-ondersteuner is wat aktief binne Suid-Afrika is? -- Dit kon onder my aandag gekom het, maar daar was niks wat ons daaraan kon doen nie.

So, dit is moontlik dat hy binne die grense van afdeling C se werksaamhede kon geval het? -- Nie noodwendig nie, want ons taak was die opsporing en arrestasie van terroriste en indien iemand in mnr. Mxenge sou belang gestel het, kon hulle na sy kantoor toe gegaan het en hom daar gearresteer het of hom daar ondervra het. (10)

Dra u kennis van 'n persoon kolonel Knoppe? -- Kolonel Knoppe, ja.

In 1981 kan u onthou waar hy gewerk het? -- Nee, ek weet hy was by hoofkantoor en hy was al die jare verbonde aan die ANC-lessenaar.

En dit val/..

K90.51

- 2563 -

SCHOON
(20)

En dit val binne die bestek van afdeling C se werksaam- hede. -- Nee, dit is - hy was toe by seksie B2.

U sien want volgens hoe ek die saak verstaan was dit altyd 'n moontlikheid dat Mxenge vermoor kan word deur ANC- persone en dit het by die polisie opgekom en dit was onder- soek - op 'n latere stadium ondersoek. Dra u kennis daarvan? -- Ek dra geen kennis nie.

In elk geval toe Mxenge vermoor was, was die Askari's wel in Durban gewees. -- Sover ek weet was hulle in Natal en dit kon in Durban gewees het.

En ek sou gedink het dat as daar 'n vermoede was dat dit die ANC kon gewees het dat die Askari's sou gevra word om die moordenaar (30)

te help soek. -- Sover ek weet was daar geen inlig- ting dat die ANC hom wou vermoor nie.

Ja, maar ek sou aanneem dat dit sou opgekom het vroeg al na sy dood as 'n moontlikheid, op die veronderstelling dat dit nie die polisie was in die eerste plek nie. -- Ja.

Ek vra u nie daaroor nie. Ons het alreeds daaroor ge- handel met brigadier Van der Hoven, maar op die voorwaarde dat daar wel 'n vermoede ontstaan het by die polisie dat dit wel die ANC was, kon gewees het wat hom vermoor het, ek sou gedink het die Askari's sou ingespan geword het die volgende dag om die vermeende terroris (10) op te spoor. -- Ek glo so. Indien daar enige getuienis na vore sou gekom het dat die ANC wel betrok- ke was en daar moontlike name genoem is, dan glo ek dat hulle definitief ingespan sou gewees het.

Maar in plaas daarvan was die Askari's die volgende dag bevele gegee om terug te gaan. -- Ek het hulle nie so beveel nie.

Nee, ons - ek weet dit of ek weet dit is die getuienis.

VOORSITTER/..

K90.55

- 2564 -

SCHOON
(20)

VOORSITTER: Terwyl die advokaat kyk in hierdie verband, u sal onthou gister het hy u gevra oor hierdie een sin in daardie brief wat u geskryf het, die span moet uitsluitlik aangewend word met die opsporing, arrestasie en identifikasie - om met die opsporing, arrestasie en identifikasie van terroriste behulpsaam te wees, u onthou dit? -- Ja.

En hy het u gevra oor die onderstreping van die woord uitsluitlik. U het dit toe gesien dat dit, of u het gesê dit gaan, moet uitsluitlik wees opsporing, arrestasie en iden- tifikasie.

Vir my klink dit meer asof daardie uitsluitlik meer slaan op (30) terroriste, met ander woorde die spanne ge- bruik moet word in verband met terroriste en nie in ander kontekste nie. -- Dit is

presies wat dit is.

Met ander woorde dit is nie soseer dat die woord uit- sluitlik beteken dat hulle moenie ook die mense ondervra nie, hoewel ondervraging nie hierby is nie, maar dit gaan dat dit mense is wat uitsluitlik aangewend word om in die konteks van terroriste behulpsaam te wees, is dit nie eintlik wat die sin beteken nie? -- Dit is ook in wese wat dit bedoel.

DIE KOMMISSIE VERDAAG VIR TEE. DIE KOMMISSIE HERVAT.

WILLEM FREDERICK SCHOON nog onder eed:

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. PRETORIUS: Brigadier, is u (10)
bewus van aantygings dat Coetzee en andere motorvoertuie van aktiviste gesteel het en sommige van hulle aan die brand gestek het? Is u bewus van daardie aantygings? -- Ek het dit nou maar - sedert hierdie ondersoek het dit tot my kennis gekom.

Het u die aangeleentheid met u regsverteenwoordigers bespreek, met u kollegas bespreek? -- Nee, ek het geen nodigheid daarvoor gesien nie.

Dra u enige/..

K90.58 - 2565 - SCHOON (20)

Dra u enige kennis .. (tussenbei) -- Ek dra geen kennis van sulke aantygings nie of van die aantygings as sulks nie.

Het u enige menings oor of hulle waar kan wees of nie? -- Moontlik is dit waar.

U het self geen ondersoek - u was betrokke by geen sulke ondersoek. -- Nee.

En u kan ons met geen persoonlike menings - menings uit persoonlike kennis help of .. (tussenbei) -- Nee.

Het u ooit kennis gedra van enige bewerings dat Coetzee motors gesteel het vir eie wins? -- Nie op daardie stadium toe hy nog (30)
verbonde was aan Vlakplaas nie.

En nou? -- Sedertdien het ek gehoor dat dit wel die geval

is.

Het u enige persoonlike kennis daarvan? -- Geen persoonlike kennis nie.

Enige menings daaroor? -- Ek kan maar net dink dat dit vir persoonlike gewin was.

Is dit u mening? -- Dit is 'n moontlikheid.

As dit 'n moontlikheid is, is daar ook 'n moontlikheid dat dit nie vir eie wins was nie. Ek wil net uitvind hoe ver u kennis gaan. -- Wel, u vra my om 'n mening en toe het ek gesê dit is 'n moontlikheid.

Ja, en ek neem aan as dit 'n moontlikheid is volg dit dat dit ook 'n moontlikheid is dat dit nie is was nie. -- Dit is korrek. (10)

En ek neem aan sover u kennis strek is dit 'n moontlikheid ook dat ander lede by die afdelings ook betrokke was by hierdie diefstalle. -- Dit is moontlik.

Dra u kennis van aantygings dat persone soos Mtimkulu, die Peter en Vusi waaroor getuienis afgelewer is, Ace Moema,

Japie/..

K90.60

- 2566 -

SCHOON
(20)

Japie Maponya ontvoer is en doodgemaak is? -- Nee.

U dra geen kennis daaroor nie? -- Geen kennis.

Het u ooit daardie aangeleenthede laat ondersoek? -- Dit het nooit tot my kennis gekom nie.

So, u kan ons ook nie daaromtrent help nie? -- Nee.

Het u enige mening of kennis van die feite wat die bewering ondersteun het in die getuienis van baie polisiemanne wat nou onlangs getuienis afgelewer het dat Dirk Coetzee en Mamasela nie mekaar in 1981 geken het nie? Kan u ons help daarmee? -- Ek vrees ek kan u nie help nie.

U het geen mening daaroor nie? -- Absoluut geen. (30)

Nou, in u beëdigde verklaring, paragraaf 7, bladsy 3, sê u:

"Ek dra geen kennis van die beweerde diefstal van 'n wit en rooi Kombi by die Johannesburger Hotel in Johannesburg nie. Ek ontken spesifiek dat ek opdrag gegee het aan Dirk Coetzee om brigadier Nic van Rensburg in Port Elizabeth aangaande die hele insident te skakel." -- Dit is 'n bewering wat deur Dirk Coetzee gemaak is en wat aan my gestel was deur die advokaat.

Ek neem aan u kan nie betwis dat u moontlik Dirk Coetzee op een of ander tyd opdrag gegee het net bloot op brigadier Nic van Rensburg te skakel nie. -- Nee, ek dra geen kennis van sodanige opdrag nie. (10)

Nee, maar as brigadier Nic van Rensburg Dirk Coetzee in die hande wou gekry het, so tien jaar gelede nou, net bloot vir u gevra het kyk, vra net vir Dirk Coetzee om my te bel en niks vir jou gesê het waarom dit gegaan het, u sou seker nie daarvoor - dit kan betwis nie? -- Ek kan nie so 'n voorval onthou nie.

Ja, maar/..

K90.62

- 2567 -

SCHOON

Ja, maar dit is moontlik dat so 'n voorval, onbelangrike voorval kon gebeur het en dat u daarvan kon vergeet het. -- Ek kan dit nie onthou nie, indien dit wel gebeur het. (20)

Ja, maar wat ek aan u stel is dat dit is nie die tipe ding wat u sou onthou het van tien jaar gelede, net bloot 'n aanvraag om Dirk Coetzee opdrag te gee om brigadier Nic van Rensburg te skakel nie? -- Ek onthou nie so 'n voorval nie.

En dit is moontlik dat dit kon gebeur het, maar u het daarvan vergeet? Dit is moontlik? -- Dit is moontlik.

Nou, het u BEWYSSTUK JC1 nog voor u? Die omsendbrief wat u uitgestuur het? -- Ja.

U sien daar is handgeskrewe notas daarop, op bladsy 1 en bladsy 2. -- Ja. (30)

Blykbaar deur kolonel Van Rensburg gemaak. -- Dit is korrek.

En ek verstaan dat kolonel Van Rensburg oorlede is. -- Nee, hy is nie oorlede nie.

Die Van Rensburg is hy nie? -- Nee.

R.A. van Rensburg. -- Nee, hy woon hier in Pretoria.

Dan is my inligting verkeerd. Ek is jammer, maar ek wil net 'n paar vrae vra oor die inhoud wat op bladsy 2 geskryf is. Dit is feitlik onleesbaar, maar ons het 'n taamlike goeie afskrif gekry en ek het iemand gevra om notas te maak van wat daar verskyn en ek kan u verseker dat dit korrek is, want ek het dit self gelees.

(10)

Die notas lees - daar is 'n opskrif daar "Operasionele hoofkantoor" en dan handel die notas met Vlak- plaas of Vlakplaats as dit so daar onder nommer een geskryf is en item nr. 7 is daar 'n hofie sabotasie 1979 12; 1980 19; 1981 55; 1982 31. Nou kan u ons help wat bedoel al dit? -- Ek vrees ek weet nie. Kolonel Van Rensburg het dit daar geskryf

destyds/..

K90.67

- 2568 -

SCHOON

destyds en hierdie afdruk wat ek het, is onleesbaar, 'n mens kan absoluut niks .. (tussenbei)

(20)

VOORSITTER: Maar beteken die woorde vir u iets wat die advokaat vir u voorgelees het? -- Ek sou aanneem dat daardie sabotasie is die hoeveelheid voorvalle wat jaarliks plaas- gevind het.

Sal u net weer voorlees wat staan daar.

MNR. PRETORIUS: Item 7, sabotasie en langs elke jaar staan daar 'n syfer, twaalf langs 1979, negentien teenoor '89, vyf-en-vyftig teenoor 1981 en een-en-dertig teenoor 1982.

U sê dit is syfers van sabotasie wat plaasgevind het? -- Dit is die afleiding wat ek maak.

(30)

Deur wie? Sabotasie deur wie gepleeg? -- Deur die ANC.

Ek verstaan nie hoe daardie syfers by die notule van sê nou

maar 'n vergadering waar Vlakplaas bespreek is sou ingekom het nie. Waarom is hierdie syfers hier relevant, van sabotasie deur die ANC gepleeg? -- Ek kan werklik nie die vraag beantwoord nie, want ek het dit nie daar geskryf nie.

U sien wat ek hier opmerk is dat daar in 1981 vyf-en- vyftig insidente van sabotsie was, veel meer as in die ander jare, voor en na 1981. Nou, is dit so dat in 1981 daar veel meer sabotasie deur die ANC gepleeg was in 1982 en in 1980? -- Sedertdien het die voorvalle jaarliks drasties opgegaan. Daar is volledige statistiek oor die aantal voorvalle wat jaarliks plaasgevind het. (10)

En nr. 8, dit is heeltemal onleesbaar op hierdie afskrif, maar ons het dit gelees, lees "Wit sersant wat plase bestuur en instandhouding". Nou, ons weet dat sersant Schutte Vlak- plaas bestuur het, het hy ook 'n ander plaas bestuur? -- Nie sover ek weet nie.

Bo die/..

K90.70

- 2569 -

SCHOON

Bo die getikte woorde "bevelvoerende offisier" blyk die sterkte van die Vlakplaas-eenheid neergeskryf te word en onder die hofie "sterktes" is daar die woorde "twintig swart en vyf bronne". Nou, wat beteken dit? -- Ek sou die afleiding maak dat dit die mense is wat op Vlakplaas geëmplojeer was en wat as bronne geregistreer was ten einde hulle te vergoed. (20)

Ek wil nog iets aan u stel, as u daarvoor kommentaar kan lewer, ons het 'n bietjie navorsing gedoen en volgens die navorsing het die eerste berig van die Mxenge-moord op 21 November in die Natal Mercury verskyn. Kan u ons daarvoor help? U het gesê u eerste kennis was deur die koerant gekry. -- Ek vrees ek kan nie.

Dit was nie die Vrydag nie, maar dit sou die Saterdag gewees het. Dit is volgens ons navorsing. Ons moet seker maak dat dit korrek is, maar op voorwaarde dat daar is 'n kans dat dit korrek (30)

moet wees, kan u kommentaar daaroor lewer? -- Nee.

So, as dit korrek is, het u eerste kennis gedra, het u eerste kennis gekry van die moord op die Saterdag, as dit korrek was?

As ons navorsing korrek was. (Tussenbei)

CHAIRMAN: What date did you say, Mr Pretorius?

MR PRETORIUS: 21st.

CHAIRMAN: Well, I have got B10 "Attorney found slain, 20-11-1981. Former Durban attorney and former Robben Island, Mr Griffiths Mxenge." It is EXHIBIT B10.

MR PRETORIUS: What newspaper would that be?

(10)

CHAIRMAN: All I have is page 1 of B10. It is the Daily News.

MNR. PRETORIUS: In elk geval, daar is 'n kans - ek moet sê dat my inligting inkorrek is en - Mr Chairman, in the light of what you have said I will leave that line.

Net een/..

K90.73

- 2570 -

SCHOON

Net een laaste vraag, brigadier, dra u enige kennis van die Ebrahim-voorval? -- Ja.

Hy het beweer dat hy uit Swaziland ontvoer is. -- Dit is
korrek. (20)

Is hy wel uit Swaziland ontvoer? -- Ek glo so.

Deur lede van die Suid-Afrikaanse Polisie? -- Nee.

Deur wie? -- Ek weet nie.

Maar hy het ook beweer dat hy is ontvoer en direk na sy ontvoering is hy in jou kantoor ingebring. -- Nee.

U sien, volgens ons inligting is hy ontvoer en na u kantoor toe gebring. -- Nee.

Wel, wat is die korrekte ... (tussenbei) -- Ek het hom by brigadier Jack Cronje in sy kantoor aangetref, by ou Kompogebou.

(30)

Is hy direk daar gebring na sy ontvoering? -- Ek weet nie.

Toe ek daar kom toe was hy reeds daar.

U sien of dit u kantoor was of brigadier Cronje se kantoor is dink ek maak nie saak nie, maar sy bewering is hy is ontvoer en direk vanaf Swaziland na 'n polisiekantoor toe gebring wat hy gedink het was u kantoor. -- Ek kan nie daarop antwoord nie.

Ek het hom by brigadier Cronje in die kantoor gekry.

Het hy wel vir u die bewering gemaak dat hy was eintlik in Swaziland ontvoer? -- Ja.

Wat het u daarvoor gesê vir hom? -- Ek het vir hom gesê dat die feit dat hy nou hier is, is hoofsaak en dat die feit dat hy uit Swaziland ontvoer is, is nie op daardie stadium ter sake nie.

En u ontken dat hy deur die Suid-Afrikaanse Polisie ontvoer is? U ontken dit? -- Ek weet van geen lid van die

Suid-Afrikaanse/..

K90.77

- 2571 -

SCHOON

Suid-Afrikaanse Polisie wat by sy ontvoering betrokke was nie.

Maar dit is 'n bietjie anders gestel. Sê u u weet nie of sê u u ontken beslis dat dit die Suid-Afrikaanse Polisie was wat hom ontvoer het? -- Ek ontken ook dat enigiemand wat ek ken daarby betrokke was.

(20)

Kwalifiseer u dit, brigadier? Sê u kyk, dit kon moontlik 'n Suid-Afrikaanse Polisieman gewees het wat ek nie geken het nie?

Is dit wat u nou sê? -- Na die beste van my wete het die Suid-Afrikaanse Polisie absoluut niks met sy ontvoering uit Swaziland te doen gehad nie.

K91 Nee, ek verstaan daardie ontkenning. Dankie, brigadier.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. KUNY: Brigadier, verskoon, net 'n bietjie agtergrond, asseblief. U was by Vlakplaas of u het by afdeling C gewerk vanaf min of meer 1980 tot 1989. -- Korrek.

Voor 1980 waar was u gewees? -- Toe was ek in Ovamboland.

(30)

Was dit met die Koevoet se eenheid? -- Nee. Ek het met Koevoet niks te doen gehad nie.

Op geen stadium nie? -- Geen stadium nie. Ek was in bevel van die veiligheidstak op Oshakati.

En u is direk na Pretoria-hoofkantoor afdeling C. -- Korrek.

En was u die hoofbevelvoerder van Vlakplaas? -- Ek was oorhoofs in bevel.

En u sou in die algemeen geweet het wat by Vlakplaas aangaan en watse soort werk die Vlakplaas-eenhede gedoen het. Hulle moes uiteindelik aan u rapporteer. -- Ja.

Miskien het ek nie goed gehoor nie, maar het u gesê dat daardie rapporte aan u mondelings of skriftelik gegee word? -- Aan die (10)
begin was dit mondeling gedoen.

Tot wanneer? -- Lateraan is dit op skrif gestel.

Tot wanneer/..

K91.2

- 2572 -

SCHOON

Tot wanneer was dit mondelings? -- Totdat majoor De Kock oorgeneem het, toe het hulle elke maand, het elke groep 'n skriftelike verslag ingedien.

Aan hom eers? -- Aan hom en hy het dit aan my voorgelê.

Het hy daardie rapporte aan u oorgedra of het hy self aan (20)
u gerapporteer? -- Nee, hy het dit net tot my beskikking gestel en ek het dit gelees.

En daar geliasseer in die hoofkantoor. -- Ek het dit in die stroom in teruggevoer.

Waarnatoe? -- Na die kantoor toe wat met die administra- tiewe dinge handel.

So, daar moes eintlik rapporte nog bestaan in verband met Vlakplaas vanaf 1983 min of meer? -- Ja.

Maar voor daardie tydperk geen rapporte nie, geen skriftelike rapporte nie. -- Nee.

En u sê dat die lede, polisielede op Vlakplaas nie sak- boeke (30)
gedra het nie, van die begin af? -- Nee, hulle het nie sakboeke

gedra nie.

Op geen stadium nie? -- Op geen stadium.

Wanneer het u eers Dirk Coetzee leer ken? -- Ek het hom leer ken toe hy by Vlakplaas begin het.

Voor daardie tydperk het u hom .. (tussenbei) -- Het ek hom glad nie geken nie.

Of ontmoet nie? -- Of ontmoet nie.

Terwyl hy by Oshoek, die grenspos gewerk het, het u hom nie geken nie? -- Nee, ek het hom nooit ontmoet voor dit nie.

So hy was min of meer 'n jaar en 'n half op Vlakplaas gewees, (10)
vanaf min of meer Augustus 1980 tot die einde van 1981. -- Ja.

En u sê u het omtrent een keer per maand na Vlakplaas
toe gegaan/..

K91.5

- 2573 -

SCHOON

toe gegaan? -- So een keer 'n maand, dit is omtrent hoeveel keer ek daar uitgekom het.

Waaroor? -- As die spanne aan die einde van die maand terugkom dan het hulle gewoonlik daar saamgetrek en dan het 'n mens die geleentheid gehad om 'n bietjie met hulle te gaan gesels. (20)

Oor watse werk hulle gedoen het? -- Ja, net 'n bietjie sosiaal saam te verkeer, die manne beter te leer ken.

Met watter manne was dit? -- Dit is die blanke toesig- houers.

Nie die Askari's nie. -- Nee.

Nie die swart lede van die mag nie? -- Nee.

Het u nooit met hulle gepraat nie? -- So af en toe, maar dit was die uitsondering en nie die reël nie.

Het u net individueel met die manne gepraat of terwyl hulle altesaam gekom het? -- Nee, hulle kon bymekaar gewees het of dit kon individuele gesprekke gewees het. (30)

VOORSITTER: Ek dink wat die advokaat eintlik in gedagte het, het u ooit - dit is nou soos u praat, half op 'n sosiale vlak, het

u nie die mense toegespreek van tyd tot tyd nie? Dit is wat die advokaat .. (tussenbei) -- Nee.

MNR. KUNY: Het u enigiets geweet van 'n voorval wat naby Lindley in die OVS plaasgevind het in Oktobermaand 1981? -- Ek is nie seker van die datum nie, maar so 'n voorval het wel, het ek wel van gehoor.

Van wie het u daarvan gehoor? -- As ek dit nie mis het nie, was dit van Dirk Coetzee.

En hoe het hy dit aan u gerapporteer? -- Nadat hulle teruggekom het, het hy dit by die kantoor kom rapporteer, as ek reg onthou.

Het hy nie/..
(10)

K91.7 - 2574 - SCHOON

Het hy nie u gebel nie? -- Nee.

Vanaf Lindley. -- Nee, ek kan nie onthou dat hy my ooit gebel het nie.

Is dit moontlik? -- Dit is miskien so.

Want hy sê hy het u gebel nadat dit plaasgevind het. Dit kan so wees? -- Dit kan so wees.

En aan u gerapporteer dat daar 'n skietvoorval was waarin sekere persone raak geskiet was. -- Ja.

Nou, hoekom sou hy dit aan u gerapporteer het? -- Sodat ek moet kennis dra daarvan. (20)

Waarvoor? Was dit noodsaaklik dat aan u moes gerapporteer word? -- Ek sou so dink.

En het hy 'n skriftelike rapport aan u gedoen of net mondelings? -- Hy het dit eers mondelings gedoen en dan weet ek was daar 'n dossier aangelê wat deur die speurdiens in die Vrystaat ondersoek is.

Het u ooit daardie dossier na gekyk of het u die briewe en die stukke in daardie dossier gelees? -- Ek het daardie dossier nooit gesien nie. (30)

Glad nie? -- Glad nie.

Geen briewe, geen verklarings, niks nie? -- Nee.

Sou 'n mens nie verwag het dat u daardie dossier sou gesien het nie? -- Nee. Ek het met die ondersoek niks te doen gehad nie. Die saak was deur die speurdiens ondersoek.

En het u geweet dat Almond Nofemela, wat 'n lid was van Vlakplaas aangekla sou geword het? -- Ja, ek het. Ek kan so vaagweg iets onthou in daardie rigting.

Het u geweet dat op 'n sekere stadium daardie klagtes teen hom teruggetrek was? -- Ja.

Het u geweet hoekom hulle teruggetrek was? -- Ek dink
(10)
daar is/..

K91.8 - 2575 - SCHOON
daar is verstoë gerig na die prokureur-generaal.

Op watter basis? -- Ek het nie self daarmee te doene gehad nie. Ek weet nie.

Het u geweet dat dit beweer was dat dit nie Nofemela was wat geskiet het nie, maar wel 'n ander persoon? -- Nee.

Het u nooit daarvan gehoor nie? -- Nee.

En dat die ander persoon wel 'n bron was wie se identiteit
(20)
geheim moes gehou word. -- Nee.

Hoe sou u geweet het dat die klagtes teen mnr. Nofemela teruggetrek word? -- Ek het maar net lateraan verneem dat die klagtes wel teruggetrek is.

Wel, het iemand 'n rapport aan u in daardie verband gemaak? -- Ja, ek dink Dirk Coetzee het aan my gerapporteer.

En het u gevra hoekom die klagtes teruggetrek word? -- Ek dink amper brigadier Du Preez het ook 'n woordjie gedoen by die prokureur-generaal.

Nee, maar was dit nie aan u verduidelik hoekom die klagtes
(30)
teruggetrek was nie? -- Ek kan dit nie onthou nie.

En die tydperk toe die klagtes teruggetrek was, was Dirk

Coetzee van Vlakplaas af weg gewees? Dit was vroeg in 1982.
Februarie. So Februarie/Maart. -- Dit is moontlik.

So, u moes dit van iemand anders gehoor het. -- Dit is
moontlik.

En het u ook gehoor dat daarna 'n siviele eis ingestel was
vir vergoeding deur die persoon wat - een van die persone wat raak
geskiet was? -- Ek kan vaagweg so iets onthou.

En dat daardie saak geskik was. Het u ook daarvan gehoor?
-- Dit is moontlik.

U sien, ek vra u hierdie vrae omdat dit lyk snaaks dat u as
die hoof bevelvoerder van Vlakplaas baie min in verband met (10)
hierdie voorval/..

K91.9 - 2576 - SCHOON

hierdie voorval geweet het. -- Ek het geweet dat die saak
ondersoek word en dit is al wat ek daarvan geweet het.

Het u nie Dirk Coetzee ingeroep en gesê man, wat het hier
aangegaan, hoe het dit gekom dat sekere persone geskiet was?
-- Hy het dit aanvanklik so aan my verduidelik.

En hy het vir u gesê dat daar wel 'n persoon was wat 'n bron
was wat geskiet het, is dit nie so nie? -- Nee. (20)

Wat het hy aan u gesê? -- Hy het aan my gesê dat daar 'n skietery
plaasgevind het en dat een van die lede in die poli- siekombi die
skietwerk gedoen het.

Het u gevra wie dit was? -- Dit is moontlik dat hy vir my
gesê het dit is Nofemela.

En dit is moontlik dat hy gesê het dit was iemand anders?
-- Dit is ook moontlik.

So, u kan nie op hierdie stadium onthou wat hy aan u gesê
het nie? -- Nee.

En of dit Nofemela of iemand anders was wat die skietery gedoen
het nie. -- Nee. (30)

En of daar 'n bron betrokke was of nie. -- Dit is moontlik.

En u sê, ek wil net klaar maak met hierdie punt, op geen stadium het u enige van die stukke in verband met hierdie voorval gelees nie of stukke van die prokureur-generaal of van die polisie of van die staatsprokureur? -- Ek kan dit werklik nie onthou nie.

My geleerde vriend mnr. Pretorius het u gevra oor die kwessie van optrede in die buiteland en u het gesê u sal nie daarvoor antwoord nie, nie waar nie? -- Ja.

En u verkies om nie daarvoor te antwoord nie. -- Ja.

Nou, ek wil u nie vra watse optrede nie, maar wat ek
wil weet/.. (10)

K91.10

- 2577 -

SCHOON

wil weet is of dit korrek is dat die polisie wel in sekere van die buurstate van tyd tot tyd opgetree het in verband met insurgensie en terrorisme.

MNR. MARITZ: Mnr. die Voorsitter, ek moes al seker vroeër iets hieroor gesê het, maar hierdie hele aangeleentheid van buitelandse optrede val kennelik buite u opdrag. Dirk Coet- zee het 'n geweldige klomp aantygings gemaak buite die kommissie hoofsaaklik. Daardie getuienis is nooit aangebied nie. Ons het dit nie te berde gebring nie. Dieselfde geld vir Nofemela. (20)

Die basis waarop my geleerde vriend nou lyk dit vir my met 'n omweg buite die opdrag van hierdie kommissie wil gaan is prima facie heeltemal inkorrek. Sou dit handel oor die geloofwaardigheid van 'n getuie of nie het 'n mens begrip daarvoor. 'n Mens dink terug aan byvoorbeeld 'n man soos Mamasela, maar hoe hierdie kruisverhoor kan slaan op die geloofwaardigheid van hierdie getuie voor hierdie verrigtinge op hierdie wyse, verstaan ons nie.

VOORSITTER: Nee, ek dink die vraag word - ek sê nie die getuie moet die vraag antwoord nie, al wat ek sê is dat ek dink nie dat die vraag is noodwendig in die sin, is 'n on- behoorlike vraag (30)

omdat daar mag 'n rede wees omdat dit 'n staving kan bied vir sekere aangeleenthede en ek verstaan wat u probleem is en ek verstaan wat mnr. Kuny se probleem is. Ek dink net dit is 'n eenvoudige vraag om te antwoord, maar eintlik is daar net twee antwoorde.

Kan ek die vraag weer aan u stel en u kan maar u standpunt handhaaf, brigadier, of u hoef dit nie te handhaaf nie. Ek dink die vraag wat - ons weet byvoorbeeld uit u verklaring, saamgelees met wat Dirk Coetzee sê, dat Askari's het vir Pillay uit Swaziland ontvoer, nie waar nie? -- Ja.

En lei ek af/..
(10)

K91.12

- 2578 -

SCHOON

En lei ek af, sê u, dat dit was 'n onbehoorlike, ongemagtigde optrede. -- Ja.

So, ons weet dan ten minste van optrede, uit die hand van u eie verklaring, van Askari's oor grense heen, ongemagtigde optrede. -- Korrek.

En ek aanvaar dat daar kan ook gevalle wees van ongemagtigde optrede deur lede van die polisie oor grense heen. Weet u van sulke gevalle? Ek gaan u nie die detail vra nie, ek vra u maar net die algemene vraag. - Nee.
(20)

Weet u nie daarvan nie? -- Nee.

Dan ontstaan of is die vraag wat mnr. Kuny u vra is dra u kennis van gemagtigde optrede deur die Suid-Afrikaanse Polisie, operasionele optrede? -- Dit was nie die Suid-Afrikaanse Polisie se taak om in die buiteland op te tree nie.

Ja-nee, dit aanvaar ek, al wat ek vir u vra is dra u kennis en soos ek sê u kan sê dat u nie die vraag wil antwoord nie, maar dra u kennis van enige gemagtigde optrede deur die SAP, operasionele optrede in buurstate? -- Nee.
(30)

MNR. KUNY: U sien, mnr. die Voorsitter, dit maak dit baie moeilik vir my, want die getuie sê dit was nie die SAP se taak om in die

buiteland op te tree nie. Ek kan dit nie opvolg om te vra of dit, alhoewel dit nie die taak was, of hulle dit wel op sekere geleenthede gedoen het.

VOORSITTER: Nee, maar ek het hom nou gevra en hy sê nee.

MNR. KUNY: Hy sê hy dra geen kennis daarvan nie.

VOORSITTER: Ja. U sien, die probleem wat ek het, mnr. Kuny, en dit sluit ook - dit werk na albei kante toe, is ons is ietwat op die grens van kollaterale aangeleenthede waar 'n mens eintlik half gebonde is aan wat die getuie sê. Dit is op dieselfde basis as wat Bosigo se getuienis kollateraal sou

(10)
wees/..

K91.15

- 2579 -

SCHOON

wees, maar kan ek net uitvind by u wat wil u verder - vra maar u vrae. Ek bedoel - u verstaan? Dit is maar my probleem.

MNR. KUNY: Ja, ek verstaan. Mr Chairman, the problem is it is not a trial and therefore the issues are not as clearly defined as in a trial. It is a commission which is investigating a whole range of matters. In order to decide what is happening within the borders of the Republic you have to rely upon the, to a large extent, the credibility of witnesses who have testified or will testify before you. In order to test credibility fully, it may be necessary to test the evidence of the witnesses in general and that includes having, as we have already submitted, a total picture of their conduct. Now, I do not want to reargue that, but what I am saying is that for example Lieutenant Colonel Jan Coetzee said the South African Police never engaged in this kind of conduct other than ...

(intervenes)

CHAIRMAN: Yes, he said in assisting the army.

MR KUNY: Other than assisting the army. Now, I do not know whether he is telling the truth or not and it might well be that in being

(30)

able to cross-examine other senior police officers we may get a better or a different picture and that is why it places tremendous restriction on us in attempting to arrive at the truth and it also means that when witnesses like Coetzee, Nofemela and Tshikalange are ultimately to be evaluated credibility wise, it is not possible to do so without having knowledge of the whole ... (intervenes)

CHAIRMAN: Except this - on the assumption - I take your point, but on the assumption that the issues are collateral, say for instance Mr Nofemela says that or that Dirk Coetzee said I blew up a building in Swaziland, let us just take

(10)
that for/..

K91.18

- 2580 -

SCHOON

that for an example which is collateral as far as I am - just a second. I have, as I understand, to accept what he says on the basis that if a question is put - if something is put in dispute and I more or less have to take it, I am bound by his answer unless I get involved into all collateral issues.

MR KUNY: Well, may I make two points in this regard. The one is I am not sure whether I would agree whether it is a question of a collateral issue here. It is an issue which is pertinent and relevant but has been made collateral in the sense because in terms of reference of the Commission, not merely because it is a side issue, but because it is outside the borders of the Republic. To that extent it is hardly collateral in the sense that one understands collaterality in a trial. The other thing is of course that in looking at what was done outside the country one may have a better idea and perhaps have a more believable picture of what was done within the boundaries of the country. It is not collateral in that sense either.

(20)
CHAIRMAN: That places me in a certain dilemma which I prefer to prevent on the simple basis that once I get involved in that kind

(30)

of issue, I get an application to hear, go in camera, get an application to exclude X, Y and Z and I run in all of that. That is one of the major reasons why I do not want to get involved in this kind of debate, but ask your questions, Mr Kuny, and we can see what we get from the witness.

MR KUNY: Well, I think that we have probably reached the point where I am not going to get anything more.

CHAIRMAN: Of none return, yes.

MNR. KUNY: Brigadier, kolonel Jan Coetzee het gesê dat die

Suid-Afrikaanse/..

(10)

K91.19

- 2581 -

SCHOON

Suid-Afrikaanse Polisie nooit in die buiteland opgetree het behalwe in verband met die weermag nie. Nou, sal u enigiets daarvoor kan sê of verkies u nie om daarvoor te praat nie? -- Al wat ek kan sê is dat die veiligheidstak het van tyd tot tyd sekere inligting aan die weermag beskikbaar gestel waarvolgens hulle dan sekere beplanning kon doen.

Is dit al wat u daarvoor wil sê? -- Ja.

En u sal geen kommentaar lewer of lede van die veiligheidstak op enige geleentheid in die buiteland wel opgetree het of nie? (20)

-- Nee.

Nou, wat sê u van die Joe Pillay-insident? U weet daarvan?

-- Ja.

U was die bevelvoerder ten tyde dat Joe Pillay ontvoer was.

-- Ja.

Deur lede van die veiligheidspolisie. -- Nee, nie noodwendig lede van die veiligheidspolisie nie. Daar was persone betrokke by daardie daad wat geen verbintenis met die polisie het nie. Dit is bronne wat deur Dirk Coetzee in Swaziland aangewend is. (30)

U sê die veiligheidspolisie was nooit in die ontvoering betrokke nie? -- Nee, u sê dat almal .. (tussenbei)

Nee, nie almal, maar daar was lede ... (tussenbei) -- Daar was lede van die veiligheidstak wel betrokke, maar daar was ook lede wat nie aan die veiligheidstak verbonde is nie.

Nou wat het met Joe Pillay gebeur nadat hy ontvoer was en na die Republiek gebring was? -- Nadat Joe Pillay ontvoer is, is hy aangehou ingevolge artikel 29 en .. (tussenbei)

Vir hoe lank? -- Ongeveer tien dae. Ek is nie seker van die tydperk nie.

Nou, u moes onmiddellik geweet het dat daardie ontvoering
onwettig/..

(10)

K91.20

- 2582 -

SCHOON

onwettig was, onmiddellik na dit gebeur het? -- Wel, daar was besliste sake gewees wat gesê het as die man hier is dan moet hy verhoor staan.

Maak nie saak hoe hy hier gekom het nie? -- Ja.

Ja, ek weet daar is sake van daardie aard, maar in hierdie verband is mnr. Pillay ontvoer inter alia deur lede van die Vlakplaas-eenheid. -- Ja.

En u persoonlik moes geweet het onmiddellik na dit gebeur
het dat dit 'n onwettige ontvoering was. -- Dit is so. Dit was
vir ons 'n baie groot verleentheid. (20)

Hoekom was hy nie onmiddellik terug Swaziland toe gestuur nie? Hoekom het julle hom vir min of meer tien dae aangehou? -- Wel, ons het eers 'n bietjie met hom gesels. (Gelag in agtergrond.)

Ja, aangesien hy wel hier was en nie in u sitkamer nie? -- Nee.

Waar was hy aangehou? -- Ek weet hy was by die polisie- stasie en lateraan het ons hom hier iewerste by die ou sterrewag, daar aangehou.

(30)

Ek weet nie waar dit is nie, maar .. (tussenbei)

VOORSITTER: Ja, dit is die plek wat mnr. Coetzee .. (tussenbei)

MNR. KUNY: Dieselfde plek, ja, naby Voortrekkerhoogte.

VOORSITTER: Nee, nee, dit is net hier - as 'n mens op die Jan Smutspad uitry aan die linkerkant, maar dit is dieselfde plek, daar is nie ... (tussenbei)

MNR. KUNY: Ja, en was die weermag ... (tussenbei)

VOORSITTER: Dit is 'n weermagperseel.

MNR. KUNY: En was die weermag tot 'n sekere mate betrokke met sy aanhouding? -- Ja, hulle het ook toegang gehad tot sy

ondervraging/..

K91.21

- 2583 -

(10)
SCHOON

ondervraging.

Hulle het ook met hom 'n bietjie gesels? -- Ja.

En nadat julle klaar met hom gesels het, was hy terug Swaziland toe gestuur? -- Ja, die Swazi's het beswaar gemaak via diplomatieke kanale en ons het hom gaan teruggee, ek en generaal Coetzee en mnr. Ray Killan wat destyds hier by buitelandse sake was, het saamgegaan tydens die oorhandiging.

VOORSITTER: Het u hom self oorhandig daar? -- Ek was by gewees toe hy oorhandig is. Ek het met hom gepraat, ek het hom die geleentheid gegee om met sy mense, ek dink in Stanger, telefonies mee in verbinding te tree om te sê dat hy nog in goeie welstand is. (20)

MNR. KUNY: Wie het mnr. Pillay terug na die Swazi-grens geneem?

Kan u onthou? -- Ek kan nie - dit kan wees dat dit kaptein Deetleffs was, want hy was toe aangehou hier in Oos-Transvaal by een van die polisiestasies.

Was hy na Lothair toe geneem? -- Ek dink dit is Lothair.

Kon dit Koos Schutte gewees het wat hom daarnatoe geneem het?

-- Nee.

Hoekom nie? -- Nee, Koos Schutte het nie operasionele werk verrig nie en sover ek kan onthou was hy die laaste paar dae in (30)

Oos-Transvaal aangehou in afwagting van sy oorhandiging aan die Swazi-owerhede.

Dit is beweer, ek weet nie of u daarvan weet nie, deur mnr. Tshikalange en ook Dirk Coetzee, dat terwyl mnr. Pillay aangehou was, was hy swaar ondervra en ook aangerand. -- Nee, hy was net ondervra. Van aanranding weet ek niks.

En daarna het Tshikalange en Koos Schutte, volgens Tshikalange, hom terug na Lothair toe geneem. -- Nee, ek glo nie hulle was enigsins betrokke by sy terugneem nie.

Was enige/..
(10)

K91.23

- 2584 -

SCHOON

Was enige dissiplinêre stappe geneem deur die persone van Vlakplaas, die lede van Vlakplaas, wat hom onwettig ontvoer het? -- Nee.

Enige rede daarvoor? -- Geen spesifieke rede nie.

Ons weet dat in die veiligheidspolisie gebruik julle bronne. -- Ja.

Gewoonweg. -- Ja.

En die identiteit van die bron moes altyd as 'n geheim gehou word. -- As 'n reël is dit hoe dit werk. (20)

Julle openbaar nie die identiteit aan die bron nie? -- Nee.

Hulle is geregistreer met nommers, met syfers. -- Korrek.

En as daar enige rapport gemaak is in verband met daardie bron of daar enige inligting van die bron verkry is, is dit onder die nommer, nie die naam nie. -- Ja.

En die praktyk was om sy identiteit nooit te openbaar nie, behalwe net sy oprigter of hanteerder het daarvan geweet. -- Nee, bronne word by hoofkantoor geregistreer en daar word hulle besonderhede op rekord geplaas.

Maar daardie rekord moes geheim gehou word, nie waar nie? -- Wel, dit is. Een man was in bevel daarvan. (30)

En sy plig was om daardie rekords te hou en die identiteit van die bron nie te openbaar nie. -- Soms het offisiere by hom gaan aanklop om te verneem wie 'n spesifieke bron is.

Hoekom so? -- Om 'n evaluasie te maak van die bron.

As die bron vir daardie offisier werk? -- Nee .. (tussenbei)

Of enigiets met hom te doen gehad het. -- Want ek weet ek het dit soms gedoen.

Ja wel, u as die bevelvoerder sal wel daardie inligting
kon verkry/..

K91.26 - 2585 - (10)
SCHOON
kon verkry het ek meen, maar in die algemeen sou dit nie gedoen word nie? -- Nee.

Ken u brigadier Neethling, Lothar Neethling? -- Generaal Neethling, ja.

Generaal. -- Ja.

Hy is nou generaal Neethling. -- Nee, hy is al geruime tyd.

Wat was sy rang in 1981? -- 1981 dink ek was hy 'n brigadier.

Ken u hom? -- Ek ken hom.

Van wanneer af? -- Ek het hom die eerste keer ontmoet dink ek in 1973. Dit is kort nadat hy in diens gestel is by die (20)
Suid-Afrikaanse Polisie.

Was julle vriende gewees? -- Nee, nie vriende nie.

Net saam met mekaar van tyd tot tyd gewerk? -- Nee.

Glad nie met hom gewerk nie? -- Nee, ek het bitter min met hom gewerk.

Maar het u wel met hom gewerk? -- Op daardie een geleentheid, ja.

Wanneer? In 1973? -- In 1973.

En sedertdien? -- Sedertdien nie weer nie.

Nou, watter skakeling het u met hom sedert 1973 gehad? -- (30)
Geen skakeling nie.

Wel, in watter omstandighede sou u met hom gepraat het byvoorbeeld? -- Ek weet ek het op 'n komitee gedoen waar hy die voorsitter was en die komitee het periodiek byeengekom.

Was dit in Pretoria? -- In Pretoria.

Het u ooit met hom gepraat telefonies? -- Moontlik.

Kon daar enige geleenthede gewees het toe u hom gebel het? -- Ek dink daar kon moontlikhede gewees het.

In verband/..

K91.28

- 2586 -

SCHOON

(10)

In verband met werk? -- Nee.

U sien, u weet dat dit beweer is deur Dirk Coetzee, dat hy na brigadier, hy was dan 'n brigadier, brigadier Neethling toe gegaan het om sekere gif van hom te kry. U weet dit is beweer?

-- Ek weet van die bewering

En ook mnr. Vermeulen, kaptein ek dink hy was op daardie stadium, kaptein Vermeulen, het na hom toe gegaan, volgens Dirk Coetzee. -- Ja.

Nou, Coetzee beweer dat u het gereël dat hy en Vermeulen na Neethling toe sou gegaan het. -- Ek het nie.

(20)

Ek weet nie of u geweet het waarvoor nie, maar dat u wel die reëlings getref het dat hulle na Neethling toe gegaan het. -- Nee.

U ontken dit? -- Ja.

Ten sterkste. -- Ja.

Was u ooit by Neethling se kantoor gewees? -- Nooit nie.

Of by sy huis gewees? -- Nee.

Het u ooit enige persoonlike skakeling gehad met Joe Mamasela? --Nee.

Het u hom ontmoet? -- Ek het hom op Vlakplaas ontmoet nadat kolonel Coetzee daar begin het.

(30)

Hoe kan u dit onthou, dat dit was nadat kolonel Coetzee daar begin het? -- Ek was daarvan bewus dat Mamasela 'n bron van Jan

Coetzee was.

Wanneer het u daarvan bewus geword? -- Dit is hier in 1980 of '81.

Die hele tyd wat hy 'n bron was het u daarvan geweet? -- Ja.

Wie het dit aan u gesê, vertel? -- Jan Coetzee was daar by my.

Hy het/..

K91.30

- 2587 -

SCHOON

Hy het vir u .. (tussenbei) -- Hy het vir my gesê.

(10)

En het u geweet dat Mamasela het in die omgewing van Botswana in die Wes-Transvaal gewerk? -- Ja.

Meer in Botswana as in die Wes-Transvaal. -- Ek weet hy het inligting oor Botswana ingewin.

Dat hy dikwels Botswana toe gegaan het. -- Ek sou nie sê dikwels nie, maar ek weet dat hy die inligting gebring het wat oor Botswana handel.

Het u enigiets geweet in verband met sy reisdokumente? -- Absoluut niks.

Sou u nie daardie soort besonderhede gewoonweg geweet het nie? -- Nee. (20)

Wie sou daarvan geweet het? Jan Coetzee? -- Ek glo hy sou seker daarvan geweet het.

Dra u enige kennis van die feit dat veiligheidspolisie misien van tyd tot tyd meer as een reisdokument gedra het, somtyds onder valse name? -- Nee.

Is dit moontlik? -- Dit is moontlik.

VOORSITTER: Mnr. Kuny, ek kan net vir u sê wat ons probeer vasstel na aanleiding van daardie reisdokument.

MNR. KUNY: Ja.

(30)

VOORSITTER: U weet wat die uitslag is of nie?

MNR. KUNY: Nee, ons weet nie.

VOORSITTER: Op Mamasela se tweede - die dokument wat ...

(tussenbei)

MNR. KUNY: O ja, ek het daardie verklaring gesien, dat daar wel 'n reisdokument te Krugersdorp uitgereik was.

VOORSITTER: Hierdie een - wel, dit is die een met hierdie nommer.

MNR. KUNY: Ja, met hierdie nommer. (Tussenbei)

VOORSITTER/..

K91.31

- 2588 -

SCHOON

VOORSITTER: Nee, ek verwys maar net na die feit dat daar nie (10)
behoorlike rekords bestaan oor daardie tydperk nie en dat 'n mens daardie reisdokument op meerdere plekke kon aanvra en kry skynbaar, soos ek dit aflei.

MNR. KUNY: Was daar enige geleentheid toe Dirk Coetzee 'n rapport aan u gemaak het dat 'n sekere persoon van Lesotho af doodgeskiet was? -- Nee.

'n Man wat 'n diamanthandelaar was. -- Nee.

U weet mos dat in hierdie verhoor was melding gemaak van so 'n voorval en persoon of dra u geen kennis daarvan nie? -- Ek dra nie kennis van die voorval nie, maar wel van die be- wering wat (20)
hy gemaak het nou.

Hoe het u gehoor of van wie het u gehoor dat daar so 'n bewering gemaak is? -- Van my advokaat.

Het u na die rekord van die getuienis in daardie verband gekyk? -- Dit was aan my gestel gewees, wat hy gesê het.

En ek neem aan u ontken dit ook? -- Ek ontken dit ten sterkste.

Net in die algemeen, brigadier, my geleerde vriend het u al ondervra oor die kwessie van die vyand teen wie julle geveg het en die "julle" ek bedoel die veiligheidspolisie, nie waar nie?

Die vyand, laat ons sê die ANC as die vyand teen wie julle geveg (30)
het. -- Ja.

Dit was sover dit julle betref 'n oorlog, nie waar nie? --

Nee. Ons het ook nie geveg met hulle nie. Ons het maar net probeer voorkom dat hulle slaag in die doel waarvoor hulle hierheen gestuur is.

En julle moes op so 'n manier opgetree het om te voorkom dat hulle daad van terrorisme sou pleeg. -- Ja.

Of binne die raamwerk van die wet of buite die raamwerk
van die wet/..

K91.26 - 2589 - SCHOON

van die wet. -- Binne die raamwerk van die wet. (10)

En ek neem aan dat somtyds was daar voorvalle waar mense doodgeskiet was. -- Ja.

Insurgente wat doodgeskiet was. -- Ja.

Was daar enige lede van Vlakplaas wat doodgeskiet was? --
Nee.

Op geen stadium gedurende die tydperk dat u daar gewerk het nie? -- Daar is wel 'n lid of twee wat gewond is.

Gewond in voorvalle .. (tussenbei) -- En dan was daar ander .. (tussenbei)

Tussen Vlakplaas-lede en insurgente. -- Ja, en dan was daar ook voorvalle waar polisiemanne werklik doodgeskiet is deur insurgente. (20)

Kan u onthou of dra u enige kennis op hierdie stadium van hoeveel insurgente wel doodgeskiet was, gedurende die tydperk dat u daar gewerk het? (Tussenbei)

VOORSITTER: Dit is nou deur die Vlakplaas-eenheid. -- Ek kan nie onthou nie.

MNR. KUNY: Wel, kan u 'n skatting gee? Kan u min of meer sê? -- U bedoel nou wat uit en uit net deur lede van Vlak- plaas geskiet is? (30)

Ja. -- Ek kan nie .. (tussenbei)

In die loop van hulle diens, in die uitvoering van hulle

pligte. -- U weet daar was gesamentlike operasies ook waar daar van die grotere polisiemag ook betrek was, waar hulle in skermutselinge betrokke geraak het.

En ek neem aan u praat nou van binne die grens van die Republiek en buite die grens van die Republiek? -- Nee, binne die grens van die Republiek.

Dra u kennis van enige voorvalle waar insurgente of

mense wat/..

K91.37

- 2590 -

SCHOON

(10)

mense wat sou insurgente geword het buite die grense van die Republiek geskiet was? -- Nee, binne die Republiek wel.

Kan u vir ons sê min of meer hoeveel? -- Maar dit is weer, moet ek kwalifiseer, dit is nie waar Vlakplaas se mense alleenlik betrek was nie. Daar was ander lede ook by.

Wel, waar daar lede van Vlakplaas betrokke was. -- Dit kan tien, twaalf wees.

Sou daar rekords daarvan wees? -- Daar behoort te wees.

En is daar ook insurgente, terroriste, wat gewond was in daardie soort voorvalle? -- Ja, ek dink daar was.

(20)

Kan u nie sê hoeveel nie? -- Nee.

Ek wil net terugkom na die Lindley-skietvoorval. U het gesê u het nooit dokumente in daardie verband gesien nie. Nou hier is sekere afskrifte van briewe wat in 1982 geskryf is. Hier is 'n brief van 20 April 1982 wat aan die Distrikskommandant, SA Polisie, Kroonstad, die Bevelvoerende Offisier, Veiligheidshoofkantoor, Pretoria, en die Kommissaris van die SA Polisie geskryf was. Kan u net na daardie brief kyk, asse- blief.

U sien die tweede persoon aan wie dit geadresseer was, sou dit nie u gewees het nie? Dit is die brief wat verwys na die terugtrekking van die klag. -- Daar is 'n moontlikheid dat die brief by my sou uitkom, maar as 'n reël gaan dit na die betrokke

(30)

lid se persoonlike lêer toe.

Maar dit is 'n baie belangrike saak waar een van u lede drie pogings - vir drie pogings van moord aangekla word en die brief blyk asof dit aan u geadresseer is. -- Dit is moontlik dat daardie brief by my uitgekom het, maar ek kan dit werklik nie nou onthou nie.

Ja wel, kyk nou na die vorige brief, dit wil sê 'n brief van Januariemaand. Kan u sien aan wie daardie brief

geadresseer is/..

K91.40

- 2591 -

(10)
SCHOON

geadresseer is? -- Ja.

Die tweede persoon is wie? -- Is aan die Offisier in Bevel, Eenheid C1, Veiligheidshoofkantoor.

Wie sou dit gewees het? -- Dit sou ek gewees het.

U gewees het? -- Ja

Nou, kan u sê of u daardie brief ooit gesien het of gekry het? -- Heel waarskynlik het ek dit gesien.

Nou, wat sou u gedoen het as u daardie brief gesien het? -- Ek sou dit vir C1 uitgemerkt het.

U sou nie ondersoek instel nie in verband met so 'n belangrike saak? -- Ek sou dit as 'n reël verwys het na die lid wat daarmee handel.

U sien, brigadier Schoon, ek weet u is nie hiervoor verantwoordelik nie, maar daar is melding gemaak in hierdie stukke van 'n verklaring, 'n sekere verklaring wat die korrekte feite stel in verband met daardie voorval, watter verklaring verdwyn het. Ons kan dit nie vind nie. Niemand weet wat met daardie verklaring gebeur het nie. U kan ons nie help nie? -- Nee.

En ek kom net terug weer ten laaste by die insident van Joe Pillay, u en die ander senior offisiere moes baie kwaad gewees het oor wat met mnr. Pillay gebeur het. -- Ons was.

(30)

En die Swazi's was baie kwaad daaroor, nie waar nie? -- Hulle was redelik ontstoke.

Ons kan nie verstaan hoekom u geen ondersoek ingestel het en geen stappe geneem het teenoor die persone wat verantwoordelik was vir die ontvoering nie. -- Daardie besluit het by die BO berus en hy het besluit om geen verdere stappe in te stel nie.

VOORSITTER: Wat is die BO? -- Dit was op daardie stadium

generaal Coetzee/..

K91.41

- 2592 -

SCHOON

(10)

generaal Coetzee gewees. Die bevelvoerende offisier.

MNR. KUNY: Was hy die bevelvoerende offisier van die polisie?

-- Van die veiligheidstak.

Van die veiligheidstak? -- Veiligheidstak, ja.

Ek het geen verdere vrae.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. MARITZ: U is verwys na aantekeninge op daardie direktief wat u opgestel het, die omsendskrywe, JCl dink ek is sy naam. -- Ja.

Nou, ek dink dit blyk uit die ellelange verklaring van generaal Coetzee wat ek verstaan voor die Kommissie is ...

(20)

(tussenbei)

VOORSITTER: Nee, nee.

MNR. MARITZ: Is hy nie? Ek het gedink hy is. Hy het 'n berg van 'n verklaring gemaak.

VOORSITTER: Dit is hoekom dit nie voor die Kommissie is nie.

MNR. MARITZ: Hy verwys na, ek dink dit is 'n jaarlikse konferensie wat gehou is by veiligheidshoofkantoor, is my herinnering reg? -- Ja, daar word jaarliks 'n afdelingsbevelvoerderskonferensie te hoofkantoor gehou.

En by so 'n konferensie is daar verskeie besprekingspunte.

(30)

-- Dit is korrek.

Onder andere word daar sekerlik gekyk na statistiek met

betrekking tot terroristiese voorvalle in die land, in die verskeie afdelings, hoe die ding verwickel en hoe moet 'n mens planne maak om dit te bekamp. -- Die verskillende lessenaars bied gewoonlik 'n lesing aan of gee 'n oorsig van die gebeure wat op sy lessenaar plaasgevind het oor die afgelope jaar en as daar dan leemtes geïdentifiseer word, dan word dit bespreek en gekyk of daar nie oplossings gevind kan word nie.

Kan u onthou of in die jare '80/'81 selfs '82 daar by

hierdie konferensies/..

K91.43

- 2593 -

(10)
SCHOON

hierdie konferensies 'n rubriek was "Vlakplaas", dat die hele Vlakplaas-opset bespreek is? -- Ek kan my so iets voorstaan.

Nou, in soverre die aantekeninge op die omsendbrief sou verwys na konferensie-inligting, het u enige idee waar so- danige inligting vandaan sou gekom het? -- Dit sou van die persoon gekom het wat verantwoordelik is vir die byhou van statistiek.

U is gevra oor kolonel Jan Coetzee en Joe Mamasela en u sê u het geweet dat hy 'n bron is of 'n bron was van Jan Coetzee. -- Dit is korrek.

(20)
Ek wil net probeer vasstel het u daardie inligting bekom nadat Mamasela reeds 'n polisieman geword het of het u dit voor die tyd geweet terwyl hy opgetree het as 'n bron? -- Ek het dit reeds voor die tyd geweet, want Mamasela het op daar- die stadium redelik aktief verslag gedoen oor Botswana en ek wil net kwalifiseer dat ek weet dat Jan Coetzee het by geleentheid by my kantoor aangedoen waar ons gepraat het oor die Botswana-opset.

Kan u net verduidelik aan die Kommissie hoe dit dan in hierdie geval gebeur het dat hier afgesien is van die element van geheimhouding van die bron se identiteit. Waarom sou dit in hierdie spesifiek geval geopenbaar gewees het? -- Ek verstaan nou nie mooi wat u bedoel nie.

(30)

Kyk, sover ons weet word 'n bron se identiteit geheim gehou.

-- Ja.

Net die bron en die hanteerder weet van mekaar. -- En die persoon by hoofkantoor wat die registrasie behartig.

Maar dit was nie u nie? -- Nee.

Nou, hoe het dit gekom dat Jan Coetzee nou vir u vertel wie sy bron nou eintlik is, wat sy identiteit is? Hoekom is daar afgesien/..

K91.47

- 2594 -

SCHOON

(10)

daar afgesien van die geheimhouding? -- U weet na 'n tydperk dan ontwikkel daar 'n vertrouensposisie en is jy nie skaam om vir iemand wat jy vertrou te sê so en so is my bron nie en dit kon ook gewees het dat - wat ek dikwels gedoen het, is om na luitenant Van den Berg wat die registrasiewerk gedoen het, as jy nou nuuskierig raak oor 'n bron, dan gaan jy na hom toe en jy sê gee vir my daardie lêer asseblief, dan het jy insae in die man se besonderhede.

Sou Dirk Coetzee byvoorbeeld dit kon gedoen het? -- Daar is 'n moontlikheid. Ek kan nie sê hy het dit gedoen nie.

Die Pillay-aangeleentheid, as ek u reg verstaan dan is dit op 'n baie hoë vlak hanteer, die hele ontvoering. -- Ja.

(20)

VOORSITTER: Dit is die teruggee wat op 'n hoë vlak hanteer is.

-- Die teruggee is op 'n hoë vlak hanteer. Mnr. Ray Killan van ... (tussenbei)

Nee, maar alles is nie op 'n hoë vlak hanteer nie? Ek bedoel sy ontvoering is op 'n redelike lae vlak hanteer. -- Ja.

MNR. MARITZ: Kan u dalk onthou of die onderhandelinge met die Swazi's 'n dag of twee dae of langer of net 'n paar ure geduur het of wat sê u herinnering? -- Die onderhandelinge met die Swazi's by die grenspos?

(30)

VOORSITTER: Nee, wat aanleiding gegee het tot die vrylating.

MNR. MARITZ: Ja. Tot die teruggawe. -- Nee, dit was - ek weet

generaal Coetzee het twee naweke agter mekaar, wat hy na Swaziland gegaan het voordat die terughandiging gerealiseer het.

En net laastens wat die Pillay-aangeleentheid aanbetref, ek dink nie u moet so skaam wees of so nederig probeer wees nie, wat die tugstappe aanbetref, u het nou reeds gesê dat

u was baie/..

K91.49

- 2595 -

SCHOON

u was baie kwaad gewees oor die ontvoering, het u met gene-raal Coetzee, wat destyds die BO was, het u met hom gepraat oor die aangeleentheid? -- Ek het en generaal Coetzee se standpunt was dat dit help nie om nou almal te kruisig nie, ons moet nou red wat te redde is en hierdie ding op die beste manier skik. (10)

In die besonder wat was u standpunt gewees oor Dirk Coetzee? -- Sy standpunt?

Nee, u standpunt. -- Wel, ek was nog steeds redelik kwaad gewees vir Dirk Coetzee.

Nee, maar teenoor generaal Coetzee. (Tussenbei)

VOORSITTER: Watter standpunt het u teenoor generaal Coetzee ingeneem ten aansien van die aangeleentheid? Het u saamgestem? -- Wel, ek moes saamstem, want hy was my bevelvoerende offisier. (20)

Ja, maar het u saamgestem? -- Nie noodwendig nie.

MNR. MARITZ: Dankie, mnr. die Voorsitter.

GEEN VERDERE VRAE

DIE KOMMISSIE VERDAAG VIR MIDDAGETE.

DIE KOMMISSIE HERVAT NA MIDDAGETE

MNR. MARITZ: Die volgende getuie is mnr. Van Dyk. Daar is stukke (10)
voor u geplaas ter ondersteuning van 'n aansoek vir 'n verbod op
die neem van foto's, maar mnr. Van Dyk het nou daar in die getuiebank
vir my gewaai en ek dink hy wil vir my sê dat ek nie moet voortgaan
met die aansoek nie. Ek laat vaar dit derhalwe.

MNR. McNALLY: Die volgende getuie is dan Paul Jacobus van Dyk.

Ek lei sy getuienis vanaf BEWYSSTUK B27.

PAUL JACOBUS VAN DYK, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. McNALLY: Is u 'n kaptein in die
Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Veiligheidstak,
Hoofkantoor, Pretoria? -- Dit is korrek.

Het u op 1 Februarie vanjaar 'n verklaring gemaak wat tans (20)
voor u is in die getuiebank? -- Dit is korrek.

U mag dit asseblief hardop lees. - Van voor tot heelagter?
Asseblief. --

"Ek is 'n kaptein in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te
Veiligheidstak, Hoofkantoor, Pretoria."

Mag ek net vra, moet ek stadig lees of kan ek maar voortgaan?

Nee almal volg van die dokument so u kan taamlik vinnig lees?
-- Dankie.

"Ek het gedurende die tydperk van 4 tot 23 November 1981 (30)
diens tesame met ander lede van die Veiligheidstak te Durban en
omgewing verrig. Ek was in bevel van konstabel Du Preez en

die volgende swart lede wat my gedurende November 1981 na Durban vergesel het: Adjudant-offisier M.A. Letadsi, speurder-sersant S.G. Moss, konstabel B.S. Mbanda, konstabel D. Tshikalange, konstabel A. Nofemela,

konstabel/...

K92.0107

- 2598 -

VAN DYK

konstabel J.P. Kwgadi, konstabel J. Basigo en konstabel B.E.

Ngqulunga. Ons opdrag was die identifisering en opsporing van ANC-lede in Durban en omgewing. Op 11 November 1981 (10) het kaptein D.J. Coetzee by ons aangesluit en saam met my op 23 November 1981 om 08h00 by Pretoria Veiligheidstak, Hoofkantoor teruggekeer. Terwyl ons in Durban gewees het, is konstabel Du Preez op 16 November 1981 van diens om die een of ander rede onttrek. Die Mxenge-moord het aan die lig gekom terwyl ons nog in Durban gewees het. Ek ontken dat ek met die vergifti-ging van die Mxenge-honde behulpsaam sou gewees het en dat ek vooraf na Mxenge se woning sou geneem gewees het. Ek ontken verder dat ek Mxenge se voertuig vanaf Durban na Golela Grenspos sou geneem het en met die uitbrand daarvan behulpsaam sou gewees het. (20) Ek het nie gedurende my dienstydpark van 4 tot 23 November 1981 Durban en om-gewing verlaat nie. Ek het my geheue verfris deur na die eise register te kyk om sodoende te kon bepaal waar ek my gedurende daardie tydperk bevind het en wie saam met my daar gewees het. Gesertifiseerde afskrifte van eise register hierby ingelyf."

Ek kan net meld mnr. die Voorsitter dat dit BEWYSSTUK B34 is. --

"Nie een van die swart lede was by die moord van Mxenge betrokke (30) nie. Joseph Mamasela was op daardie stadium 'n bron van luitenant-kolonel Coetzee en nog onder dekking. Hy was op

geen stadium gedurende 19 November 1981 in Durban gewees nie."

Goed, nou wil ek 'n paar los vrae aan u stel ten opsigte van sekere bewerings wat gemaak is in Londen. Die een bewering/...

K92.0171

- 2599 -

VAN DYK

bewering was dat u betrokke was by die verbranding van 'n sekere voertuig wat aan sekere "hippies" behoort het te Rhodes in die Oos-Kaap. Wat sê u daarvan? -- Ek dra geen kennis nie.

(10)

Dan tweedens word beweer dat 'n sekere Kombi wat behoort het aan lede van 'n vakbond onderweg was na Harare in Zimbabwe en dat u tesame met Vermeulen, Schutte en Nofemela deelgeneem het aan die diefstal van daardie voertuig, hoe reageer u daarop? -- Ek dra geen kennis van dié bewerings nie.

Dit is ook beweer dat 'n sekere diamanthandelaar te Lindley in die Vrystaat vermoor is deur onder andere Nofemela, Tshikalange en Mamasela, hulle was die beweerde moordenaars en dat u behulpsaam was met die verbranding van die lyk van gemelde diamanthandelaar. -- Ook van so 'n voorval dra ek geen kennis nie.

(20)

Dirk Coetzee het ook getuig blykbaar dat u en hy sekere samesprekings gevoer het oor Nofemela se bewerings op of na 19 Oktober 1989. Kan u kommentaar lewer daarop? -- Ek het geen samesprekings met Dirk Coetzee gevoer ten opsigte van Nofemela self nie. Ek het met hom samesprekings gevoer ten opsigte van bewerings wat Nofemela aan hom sou gemaak het.

Ja, wat is u bewerings in daardie verband? -- Ek het Dirk Coetzee gaan spreek, alleenlik om te hoor wat is die posisie omdat Nofemela, ek myself was nie tydens wat Nofemela sy eerste

verklaring gemaak het, genoem dat ek in enigiets betrokke sou wees nie, maar wel dat ek hom sou gesien het in die gevangenis en dat ek sou behoort het aan die een of ander "death squad" of wat hulle

(30)

dit ookal genoem het, ek weet nie, dit is hoe ek dit aanvaar het, wat ek verneem het van wat genoem was. Ek dra geen kennis nie, wat weet hy daarvan.

En wat het hy vir u gesê ten opsigte van wat hy daarvan

weet/...

K92.0272

- 2600 -

VAN DYK

weet? -- Nee wat ons het nie die ding verder juis bespreek nie.

Ons het gepraat oor, ten opsigte meesal waarom sal 'n man sulke bewerings maak, Dirk het, ons het oor die algemeen gesels. Daar (10) is niks bespreek ten opsigte van die bewerings self nie, maar teen my was glad nie bewerings gemaak op daardie stadium nie, behalwe dat ek sou hom gesien het en dan ook sou ek aan een of ander "squad" behoort het soos hulle dit genoem het en sou ek hom 'n belofte gemaak het dat ek brigadier Schoon sou gevra het om te help dat hy uit die dodesel kom of iets in daardie lyn. Dit is al wat ek kennis dra van daardie storie.

Tydens daardie gesprek het Dirk Coetzee enige aanduiding gegee of hy op daardie stadium erken dat hy deelgeneem het aan moordbende aktiwiteite of dat hy sodanige optrede op daardie (20) stadium ontken? -- Nee, Dirk het die meeste van die tyd die gesprek gevoer en by hom het dit gegaan slegs oor sy departementele verhoor vroeër dat sekere offisiere hom sou benadeel het. Dit is al waaroor dit gegaan het en indien - hy was, wat hy wel genoem het was dat hy was bang dit sou weer met hom dalk gebeur. Ek het vir hom gesê waarvoor as jy nie "worries" het, ag ek is jammer vir die woord ... (tussenbei)

VOORSITTER: Dit maak nie saak nie. -- As jy nie probleme het nie, dan is daar nie probleme nie, dit is nie nodig, soos ek sê ek sal my woord gebruik waaroor "worry" jy.

MNR. McNALLY: Maar in Nofemela se oorspronklike bewerings was Dirk Coetzee spesifiek vermeld as 'n deelnemer aan

(30)

moordakti-witeite. Nou tydens u gesprek met hom hoe het hy gereageer op daardie aantyging? -- Op daardie stadium, sover my kennis strek, was dit alreeds in die koerante ook as ek dit nie mis het nie en hy het al daardie bewerings ook self geweet wat teen/...

K92.0328

- 2601 -

VAN DYK

teen hom gemaak was en hy ... (tussenbei)

VOORSITTER: Hoe het hy gereageer, het hy ... ? -- Hy het vir my gesê hy weet niks van die voorval af op daardie stadium nie.

(10)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. KUNY: Is u tans 'n kaptein? -- Tans 'n kaptein, dit is reg.

In die Veiligheidspolisie te Pretoria? -- Dit is korrek.

U en Dirk Coetzee was goeie vriende nie waar nie? -- Ja, ons was vriende.

Vir jare lank het julle mekaar geken?-- Ons het mekaar geken, ja, dit is korrek.

Wanneer het julle eers ontmoet? -- Dit was, dit is toe ek op Oshoek gekom het, grenspos, 1977.

En vir hoe lank was u saam met Dirk Coetzee te Oshoek? --
(20)
Ongeveer twee na drie jaar. Ek is ook nie honderd persent seker nie.

En hy was die bevelvoerder daar? -- Hy was die bevelvoerder op Oshoek Grenspos. Dit is korrek.

En waarvandaan het u gekom toe u, voordat u by Oshoek gekom het? -- Nersten Grenspos.

En nadat u Oshoek verlaat het waarnatoe was u? -- Nelspruit Veiligheidstak.

En vir hoe lank was u daar gewees voordat u Vlakplaas toe gekom het? -- Nelspruit Veiligheidstak, ek was ongeveer twee na drie maande daar.
(30)

En hoe het dit gekom dat u Vlakplaas toe gegaan het? -- Dirk

het my gekontak en gevra of ek wil 'n verplasing vat na Pretoria.

En u was gewillig om dit te doen?-- Ek was bereid om te gaan, korrek.

So/...

K92.0382

- 2602 -

VAN DYK

So hy het u versoek om daarnatoe te gaan? -- Nee, hy het my gevra.

Hy het u gevra? -- Ja.

En hy het saam met u gewerk en hy moes u daar wou hê, hy wou u hê? -- Hy het gevra of ek belangstel in 'n verplasing Pretoria toe en ek het gesê ek sal kom. (10)

En vir hoe lank was u op Vlakplaas? -- Seker agt jaar. Sewe, agt jaar. Sê tussen sewe en agt jaar.

Wanneer het u eers daar aangekom? -- Ek het in 1981, dit was in die winter of net na die winter 1981. Ek dink Augustus 1981, ja.

En Dirk het Vlakplaas verlaat Desembermaand 1981, einde van Desember 1981? -- Dit was die einde van die jaar. Ek kan nie sê of dit Januarie of Desember is nou presies nie. (20)

So u moes saam met hom vyf tot ses maande op Vlakplaas gewerk het? -- Ja, ek het 'n tydjie saam met hom op Vlakplaas gewerk.

Nou terwyl hy die bevelvoerder te Oshoek was het hy baie te doen gehad met Swaziland nie waar nie? -- Ek wil net 'n ding regstel.

Hy was Grensposbevelvoerder. Ek het glad nie onder Dirk gewerk nie en ek weet nie, ek het nie baie saam met hom geloop nie, so ek sal nie weet wat hy presies alles gedoen het nie. Hy het baie Swaziland toe gegaan, wel.

Hy het? -- Ja.

Wat het u daar gedoen, watse soort werk? -- Ek was Veiligheidstak. (30)

Maar het u ook nie dikwels Swaziland toe gegaan? -- Ja, ek het ook dikwels Swaziland toe gegaan.

Saam met Dirk op geleentheid? -- Partykeer per geleentheid, maar nie altyd nie.

En/...

K92.0437

- 2603 -

VAN DYK

En geleentheid alleen met ander lede van die mag? -- Nee, ek het 'n swart lid gehad wat saam met my gegaan het somtyds.

Om watter rede sou u Swaziland toe gegaan het? -- Ek het ook (10)
maar mense gaan spreek daar en alles handel oor inligting vandag in die polisie.

En Coetzee, Dirk Coetzee, het goeie kontakte of kontak-persone daar gemaak in Swaziland? -- Ek het so verneem.

In die loop van sy werk? -- Ek het so verneem, ja.

En sal u saamstem dat hy beskou was as 'n baie goeie bevelvoerder te Oshoek? -- Ek sal nie sê hy was baie goed nie, maar ek sal ook nie sê hy was sleg nie.

Wel, wat was hy sê u? -- Nee, ek sal sê hy was 'n bevelvoerder wat sy werk gedoen het.

Sy werk goed gedoen het? -- Ja, hy het sy werk redelik goed (20)
gedoen.

Nou hoekom sou hy wou hê dat u na Vlakplaas toe moet gaan? -- Ek weet nie. Hy het my gevra of ek belangstel in 'n verplasing en ek wou Pretoria toe kom daardie jare en ek het toe Pretoria toe gekom.

U het ook mnr. Vermeulen op Vlakplaas, kaptein Vermeulen op Vlakplaas gesien. Wanneer het hy eers daar aangekom? -- Hy het omtrent min of meer dieselfde tyd wat ek op Vlakplaas gekom het, het hy ook daar gekom.

Was dit ook op die versoek van Dirk Coetzee? -- Dit mag wees, (30)
u kan hom vra.

U kan nie sê nie? -- Ek sal liewers nie sê nie.

Was u en kaptein Vermeulen vriende gewees? -- Ja, ek ken hom goed, ons is vriende.

Huisvriende? -- Nee, ons is vriende.

Ja en u en Dirk Coetzee was julle ook huisvriende gewees?

-- Ook/...

K92.0491

- 2604 -

VAN DYK

-- Ook net vriende, nie huisvriende nie.

Nooit mekaar by die huise besoek? -- Op Oshoek wel per geleentheid as die kinders verjaar of so. (10)

En nadat Dirk Coetzee Vlakplaas verlaat het, het u hom ooit gesien? -- Ja, ek het hom eendag in die straat gekry.

Nee, maar behalwe ... ? -- U meen toe hy nog in die polisie was?

Ja. -- Ja, ek het hom gesien by verskeie geleenthede.

Op 'n vriendelike basis? -- Ja, ek was nog nooit vir hom kwaad gewees nie, tot vandag toe nie.

En hy was nooit vir u kwaad? -- Nee, ek glo ook so.

En dan wonder ons hoekom, hoe dit kon gebeur het dat hy vir u so kon beskuldig het? -- Ek sal hom graag self daardie vraag wil vra. (20)

Ek neem aan dat hy baie bly sal wees om met u te praat?

-- Ek weet nie, ons sal sien.

Maar u kan geen verduideliking gee hoekom hy hierdie bewerings teen u kan maak nie? -- Ek het geen idee nie.

Hy beweer dat u betrokke was met die stelery van die voertuie, verbranding van lyke, verbranding van 'n voertuig en u weet niks daarvan nie? -- Ek dra geen kennis van daardie voorvalle nie.

Nou ek neem aan dat u na die werkskaart gekyk het, na u eie werkskaart, het u? -- As ek hom net weer mag sien dat ek ...? (30)

B33. U sien al twee bladsye? -- Dit is korrek.

Sê u dat wat op hierdie werkskaarte staan verwys, is korrek sover dit verwys dat u op sekere stadions by sekere plekke sou gewees het?-- Dit is korrek.

As dit sê byvoorbeeld die eerste item van 18 Augustus

1981/...

K92.0585

- 2605 -

VAN DYK

1981 tot 25 Augustus 1981 u was in die Oos-Transvaal dan moes u in die Oos-Transvaal gewees het? -- Dan sou ek in die Oos-Transvaal gewees het.

(10)

En op geen ander plek of plekke nie? -- Dit moet so wees.

Wat as u, terwyl u in die Oos-Transvaal was 'n beroep kry om na 'n sekere ander plek toe te gaan? -- Dan sal die kaart verander word. Sê byvoorbeeld ek moet daarvandaan na Noord-Transvaal gaan, sal ons in Noord-Transvaal wees van daardie datum af wanneer ek Noord-Transvaal toe vertrek.

En as u byvoorbeeld die 18de na die Oos-Transvaal toe gaan en terwyl u daar was kry u 'n beroep om na enige ander plek te gaan en u is na die ander plek toe, sê byvoorbeeld die Noord-Transvaal en dan terug Pretoria toe, wat sou op die werkskaart gestaan het? -- Hy sou gewys het Oos-Transvaal en Noord-Transvaal waar ek sou gewees het.

(20)

Nie net Oos-Transvaal nie? -- Nee, nie net Oos-Transvaal nie.

En dieselfde ... (tussenbei)

VOORSITTER: Ek dink wat die advokaat in gedagte het is die volgende situasie: Nie dat u terugkom Pretoria toe nie? -- Ek het dit ook so.

U volg? -- Ek gaan direk, daardie eis sal aaneenlopend wees, maar hy sal wys Oos-Transvaal en Noord-Transvaal.

MNR. KUNY: En byvoorbeeld as dit wys na die Wes-Transvaal sou u definitief in die Wes-Transvaal gewees het? -- In die Wes-Transvaal.

(30)

So u sê hierdie werkskaart is heeltemal akkuraat in alle opsigte? -- My werkskaart sover my kennis sterk is heeltemal akkuraat.

Wanneer het u eers na hierdie werkskaart gekyk, weer
gekyk/...

K92.0640

- 2606 -

VAN DYK

gekyk? -- Na die voorval of na die bewerings wat gemaak is en ek sal nie sê weer gekyk nie, jammer, gaan maar aan.

Maar kyk u dikwels na u werkskaart? -- Gereeld as jy terugkom. (10)

En die werkskaart self, ek praat nou nie van die oorspronklike dokumente wat geteken is? -- Praat u van die ou werkskaart of die nuwe, van voor af ... (tussenbei)

VOORSITTER: Nee, wat die advokaat, daar is twee stalle. Daar is een waarop u handtekening voorkom, né? -- Dit is reg.

En daar is een waar ek dink u handtekening nie op voorkom nie. Is dit reg? -- Nee, sommige plekke kom die handtekening voor en sommige plekke nie.

O, kom hy op altwee dokumente voor.

MNR. KUNY: Nadat u terug Pretoria toe kom moes u 'n vorm teken nie waar nie? -- Dit is korrek. (20)

Wat bewys vir hoe lank u in die veld was en hoeveel u moes kry daarvoor, S & T? - Dit is korrek.

En van daardie dokument af word hierdie werkskaart opgestel? -- Ja, dit is korrek.

Soos ons dit verstaan.

VOORSITTER: Maar kan ek, ekskuus tog, kan u na B33 kyk, het u dit daar? -- Ja, B33, ja.

Nou daar is, verskyn u handtekening op daardie dokument? -- Ja, hy verskyn op baie plekke. By die heel eerste lyntjie is my handtekening en dan ondertoe is hy sommer dwars geteken, een slag. (30)

O, al hierdie onderstes is u handtekening? -- Dit is alles

my handtekening.

En dan ook hierso net na die streep is ook u handtekening?

-- Dit is korrek.

Net/...

K92.0696

- 2607 -

VAN DYK

Net bokant die streep - die 11 Januarie 1982, is dit ook u handtekening?

82-01-11? -- Dit is ook my handtekening.

En die een bokant hom? -- Dit is ook my handtekening.

(10)

Nou as u na die volgende bladsy kyk, onder u naam, daar waar J.P. van Dyk staan. Is dit u handtekening? -- Dit is nie my handtekening nie.

En ondertoe dink ek is een wat u handtekening is, by die skoolklere? -- Dit is korrek.

Is dit u handtekening? -- Dit is korrek.

So met ander woorde u het hierdie dokument B33 van tyd tot tyd gesien? -- Ek het hom gereeld gesien.

MNR. KUNY: Wel nou kan u verduidelik, u sien vanaf Augustus 1981 tot by September 1982 is daar 'n handtekening langs elke inskrywing, u sien dit, op die regterkant van die bladsy? -- Dit is korrek. (20)

Nou vanaf Oktobermaand 1982 tot die einde van die bladsy is daar net een handtekening, dit lyk asof dit net een is wat dwarsoor al daardie kolomme geskryf is? -- Dit is korrek.

Hoe kon dit gebeur het? -- Dit is baie maklik.

Bedoel dit nie dat daardie inskrywings was nie geteken ten tye dat hulle gemaak was? -- Nee, dit is baie maklik. Wat daar wel gebeur het, jy vul ook 'n eisvorm in, 'n gewone normale reis- en verblyfvorm en jy vat die vorm en jy gaan trek, hierdie is, eintlik het dit nie veel te doen vir jou eis vir reis- en verblyfvorm nie, dit is maar net om rekord te hou vir die mense in die kantoor. (30)

Jou reis- en verblyf eisvorm is die werklike vorm wat jy gebruik om jou geld te gaan haal. Dit is nie noodsaaklik, as jy hier kom en hy is nie geteken nie, daardie tyd het ek hom net nie geteken nie, ek het sommer

alles/...

K92.0766

- 2608 -

VAN DYK

alles op een slag geteken.

Is dit u handtekening daardie? -- Dit is my handtekening daardie.

(10)

Wat dwars ...? -- Wat daar dwars op sit.

Dwars lê. Nou dit maak nie saak vir die bedrag of u in die Oos-Transvaal of die Wes-Transvaal of in Natal was nie, die bedrae sal dieselfde wees? -- Op die eisvorm sal dit die-selfde wees vir daardie tydperk.

Dit hang af van hoe lank u uit was? -- Dit is korrek.

Nie aan waar julle was nie? -- Nee, dit is die tydperk wat tel.

So dit maak nie saak of dit hier ingeskryf word die Oos-Transvaal of die Wes-Transvaal of Natal? -- Nee, dit maak saak.

(20)

As daar ingeskryf is Oos-Transvaal of Wes-Transvaal, was jy in Wes-Transvaal of in Oos-Transvaal.

Ja, maar sover die bedrag ...? -- Nou kyk, die tydperk, as jy tien dae uit was sal jy 'n sekere bedrag geld kry, dit is wat u wil hê.

Onafhanklik aan waar u sou gewees het? -- Dit is korrek.

Nou u sê dat u het toe mnr. Mamasela by Vlakplaas leer ken? -- Dit is korrek.

Hoe kan u onthou wanneer dit sou gewees het? -- Dit moes gedurende 1981 gewees het nadat ek op Vlakplaas aangekom het.

(30)

1981? -- Ek het op 1981 op Vlakplaas gekom.

Ja, ek praat nou van mnr. Mamasela. -- O, Mamasela, ek het

gedink u praat van Nofemela.

Mamasela? -- Ek is jammer. Mamasela het ek later leer ken.

Hoe kan u dit onthou? -- Nadat kolonel Coetzee op Vlak-plaas gekom het, het Mamasela ook daar aangekom.

Maar/...

K92.0830

- 2609 -

VAN DYK

Maar hoekom koppel u mnr. Mamasela met Jan Coetzee? -- Hy was voorheen 'n bron van kolonel Coetzee.

Hoe het u dit geweet? -- Wel nadat hy daar aangekom het, het ek gehoor al daardie stories. (10)

Nadat hy aangekom het? -- Ja, kolonel - nee, voor dit het ons ook al geweet van dit.

Wanneer en hoe het u dit ...? -- So Desember, want ek het voor die tyd gehoor kolonel Jan Coetzee kom Vlakplaas toe.

En wanneer sou dit gewees het?-- Ek het hom geken voor hy Vlakplaas toe gekom het, kolonel Coetzee al.

Van Krugersdorp af? -- Dit was seker Desember of so wat hy gekom het, maar ek het nie Joe leer ken voor dit nie, ek het net gehoor van hom by kolonel Coetzee. (20)

Dit is wat ek wil weet. Van wanneer af het u kolonel Jan Coetzee geken? -- Ek ken hom al van 1977, nee, voor dit nog.

Hy was 'n ou vriend van u? -- Nee, hy is nie 'n vriend nie, ek het hom deur die polisie leer ken.

En voordat hy by Vlakplaas gekom het, het u hom van tyd tot tyd gesien? -- Ja, nou nie baie nie, maar ek het hom gesien.

Het u met hom gewerk? -- Nee, ons het nie saam, ons het een keer saamgewerk, dit is in 1975.

Maar gedurende 1981? -- Nee, toe het ons glad nie saam-gewerk nie. (30)

Het u hom gedurende 1981 gesien, met hom gepraat? -- Soos ek sê ek verbeel my ek het hom in Desember, maar ek is nie seker

nie, ek het hom iewers gesien.

Waar sou u hom gesien het? -- Dit kan Krugersdorp wees, dit kan Pretoria gewees het.

En/...

K92.0879

- 2610 -

VAN DYK

En wat het hy aan u gesê? -- Nee, ek sal nie onthou nie.

Wel in verband met die feit dat hy Vlakplaas toe kom? -- Nee, die hooffeit is net dat hy Vlakplaas toe gekom het, u weet hy is verplaas en 'n ou praat nie baie nie. Jy sê net hy sal welkom wees, dit sal goed wees om hom te sien op die plek. (10)

Ja, maar het hy van mnr. Mamasela gepraat? -- Nee, soos ek sê ek het voor, miskien nadat hy by Vlakplaas aangekom het dat ek van Mamasela gehoor het.

Van wie het u dit gehoor? -- Van kolonel Coetzee, self.

Self? -- Ja.

Wat het hy aan u gesê in verband met Mamasela? -- Net dat Joe sou, Mamasela sou plaas toe kom.

Nee, maar wie was mnr. Mamasela, hoe het u geweet wie hy was? -- Nee, ek het hom nie geken nie, ek het net gehoor van hom dat die man moontlik probleme opgetel het, so dit moes later gewees het, hierso in Januarie, Februarie. (20)

Wanneer? -- 1982 kon dit gewees het.

Nou sê u dat u nie van hom geweet het voordat hy Vlakplaas toe gekom het nie? -- Ek het gesê ek het gehoor van hom, ek het hom nie geken nie.

Nee kyk, ek praat nou van wat u gehoor het voordat u hom leer ken het. Nou wanneer het u eers van mnr. Mamasela gehoor? -- Kom ek sê dan 1982 Januarie of Februarie, ek is nie seker nie.

Dit was nadat hy op Vlakplaas was?

(30)

VOORSITTER: Nee ... (tussenbei)

MNR. KUNY: Of voordat hy daar gekom het? -- Voordat hy daar gekom

het. Kolonel Coetzee het in Januarie Vlakplaas toe gekom sover my kennis strek, so dit moes dan Januarie, Februarie gewees het voor hy nog op Vlakplaas toe gekom het.

Kan/...

K92.0932

- 2611 -

VAN DYK

Kan ons nou vasstel dat voordat kolonel Coetzee op Vlakplaas gekom het, het u niks van mnr. Mamasela gehoor nie? -- Nee, ek het hom nie geken nie.

U het nie geweet dat daar so 'n persoon as Joe Mamasela was nie? -- Nee, ek het hom nie geken nie. (10)

Is u seker daarvan? -- Ja.

Of dat hy 'n bron van Jan Coetzee was? -- Van kolonel Coetzee?

Ja. -- Hy was 'n bron.

Kolonel Jan Coetzee. -- Dit is korrek, hy was 'n bron gewees.

VOORSITTER: Maar wat die advokaat by u wil weet is, naastenby wanneer het u vir die eerste keer verneem dat hy 'n bron van Jan Coetzee was? -- Dit is nadat hy op Vlakplaas gekom het, het ons dit verneem, nadat kolonel Coetzee daar gekom het, het ek van hom verneem. (20)

MNR. KUNY: En nie voor daardie tyd nie? -- Nie voor daardie tyd nie.

Nou hoekom sou kolonel Jan Coetzee aan u vertel dat Joe Mamasela was vantevore 'n bron gewees? -- Weens die feit dat Joe het blykbaar voor dit probleme opgetel, daardie selfde tyd min of meer in Botswana. Hy het dit maar net aan my genoem terloops.

Dit is nie dat hy my sou geroep het en vertel het in geheim nie.

Watse soort probleme het hy opgetel? -- Hy het gesê hy was 'n bron en hy is uitgeloop hy kan hom nie meer gebruik in Botswana nie, hy kom nou plaas toe, hy bring nou die man plaas toe. (30)

En dan word hy 'n polisie? -- Dit is so.

Het u daarna met Mamasela gewerk? -- Baie min. Eers lank

K92.0988

- 2612 -

VAN DYK

daarna het ek met hom gesels, maar dit was baie min wat ons saamgewerk het.

Maar het u ook nie in die Wes-Transvaal dikwels gewerk nie? -- Ek het, nie waarvan ek kennis dra, in Wes-Transvaal veel gewerk nie, baie min.

Gewoonweg waar het u gewerk? -- As ons gewerk het was dit meer in Vryburg se kant toe en van Vryburg af dan Mafikeng se kant toe. (10)

VOORSITTER: Maar in die algemeen? -- In die algemeen het ek meesal in Oos-Transvaal gewerk.

MNR. KUNY: Maar Vryburg is in Noord-Natal? -- Noord-Kaap.

VOORSITTER: Nee, Noord-Kaap.

MNR. KUNY: O, Vryburg. Ek is jammer, ek het aan Vryheid gedink, Vryburg. -- Ja en dan het ons daarvandaan deurgewerk na Mafikeng toe, dit is ook maar Wes-Transvaal.

Maar daar is geen item hier op u werkskaart wat bewys dat u in die Noord-Kaap gewerk het nie. -- U het my nie gevra watter tydperk nie. (20)

Wel op enige stadium? -- Ek het later in 1985 en 1984 sover my kennis strek ... (tussenbei)

In die Noord-Kaap? -- Noord-Kaap.

Ja, dit gaan tot 1983. So u sê daarna was u wel in die Noord-Kaap gewees? -- Dit is korrek.

En het u dikwels met kaptein Vermeulen gewerk? -- Nee, ons het ook baie min saamgewerk. Ons was in groepe die meeste van die tyd. Hy het in Wes-Transvaal gewerk, ek in Oos-Transvaal die meeste van die tyd. (30)

Was julle altyd in dieselfde groepe of het julle verwissel? -- Nee, dit het gewissel.

U het? -- Ja, dit het gewissel.

Ja/...

K92.1058

- 2613 -

VAN DYK

Ja, maar min of meer dieselfde of heeltemal anders vir groep van tyd tot tyd? -- Dit kan wees dat jy twee maande min of meer dieselfde groep het en dan die derde maand 'n heel ander groep.

Dit kan wees dat jy twee of drie maande weer dieselfde groep het en dan verwissel dit weer.

Ja en wat van mnr. Nofemela, het u met hom saamgewerk? --
(10)
Ek het saam met hom gewerk.

In watter omgewing? -- Ek het met hom in Noord-Kaap, ek het saam met hom gewerk in Oos-Transvaal, Noord-Natal, Natal, die hele land.

Oral? -- Ja.

En mnr. Tshikalange? -- Ek het nie veel saam met hom gewerk nie, maar ek kan nie spesifiek sê waar het hy saam met my gewerk nie.

En Brian Ngqulunga? -- Hy het ook heelparty keer saam met my gewerk. Ek sal nie presies kan sê watter plekke oral nie en
(20)
wanneer nie.

Nou hierdie werkskaarte bewys dat julle van Vlakplaas af, die hele tyd in die Republiek gewerk het? -- Dit is korrek.

Ons het bewerings gehoor in die loop van hierdie Kommissie dat van tyd tot tyd het die Veiligheispolisie of lede van Vlakplaas na buurstate ingegaan op optogte. -- Om wat te maak.

VOORSITTER: Uittogte.

MNR. KUNY: Optog.

VOORSITTER: Nee, dit is 'n uittog nie 'n optog nie.

MNR. KUNY: Uittogte, aanvalle? -- O, aanvalle.

Ja, ek is jammer. -- Nee, ek was nie by by sulke stories nie
(30)
by daardie gevalle nie.

Maar het u daarvan gehoor? -- Ek het van die bewerings

gehoor/...

K92.1123

- 2614 -

VAN DYK

gehoor.

Het u van die feite gehoor? -- Ek het geen feite gehoor nie.

Wel, u sê u het van bewerings gehoor? -- In die koerante gelees, dit was vol gewees.

Nee, ek praat nie nou van die bewerings wat in hierdie
Kommissie gemaak is, ek vra u of dit wel van tyd tot tyd gebeur
het dat julle aan aanvalle in buurstate deelgeneem het? -- Glad
nie. (10)

U sê nooit nie? -- Ek het nie aan aanvalle in buurstate
deelgeneem nie.

Maar weet u of enige ander lede van Vlakplaas dit wel gedoen
het? -- Ek weet nie, ek het geen kennis daarvan nie.

Voor hierdie Kommissie gesit het, het u ooit daarvan gehoor?
-- Die enigste bewerings wat Dirk Coetzee gemaak het en wat Nofemela
hulle gemaak het ... (tussenbei)

Maar voor hulle bewerings gemaak het, het u nooit van so 'n
bewering gehoor nie? -- Nee, ek het nie van daardie bewering geweet
nie. (20)

Glad nie? -- Glad nie.

Of in die koerante, of in die loop van u werk of van u kollegas,
glad nie daarvan gehoor nie? -- Niks nie.

VOORSITTER: Ek dink u moet onderskeid tref. -- As dit met polisie
te doen het ... (tussenbei)

Nee-nee, op die polisie in die algemeen, het u geweet van
bewerings dat die polisie sulke dinge gedoen het? -- Geen kennis
gedra nie. (30)

Nee-nee, het u gehoor dat die bewering gemaak is in die verlede

dat die polisie wel in buurstate opgetree het? -- Nee, ek weet ook nie van sulke bewerings nie.

Nee/...

K92.1174

- 2615 -

VAN DYK

Nee, u weet nie van sulke bewerings nie? -- Nee, nie voor Dirk Coetzee en daardie mense dit gedoen het nie.

MNR. KUNY: So u moes verbaas gewees het om te hoor dat die polisie in die buitelandse state opgetree het van tyd tot tyd? -- Is dit nou die bewerings wat Coetzee-hulle toe gemaak het wat u van praat?

(10)

Ja, was u verbaas daaroor? -- Ja, ek was verbaas.

Want dit moes die eerste keer gewees het dat u ooit daarvan gehoor het? -- Dit is korrek.

Of so 'n bewering daarvan gehoor het? -- Dit is korrek.

En u sê dit sou heeltemal onwaar wees as daar bewerings teenoor u was dat u wel deelgeneem het aan so 'n aanval op ...? -- Indien ek betrokke was by die voorvalle, sou ek dit geweet het.

Want daar is 'n bewering dat u wel betrokke was in 'n aanval in Botswana. -- Ek was nog nooit in my lewe in Botswana nie.

Wel wettiglik of onwettiglik? -- Wettig of onwettig.

(20)

U het nooit oor die grens gegaan nie. -- Nee-nee, ek is 'n polisieman. Ek sal deur die grens ry as ek wil soontoe gaan, hulle kan maar gaan kyk

As dit nodig is? -- Ja, maar ek was nooit in Botswana nie.

Swaziland? -- Swaziland het ek gereeld besoek.

Oor die grens of deur die grenspos? -- Deur die grenspos.

Lesotho? -- Lesotho, ek dink ek was een keer in Lesotho sover ek kan onthou.

Deur die grenspos of deur die rivier? -- Deur die grenspos.

Ek is 'n polisieman.

(30)

Ja, ek weet, dit is waarom ek vra. -- Ek sal nie deur die

draad/...

draad kruip nie.

U het gesê as dit nodig is sal u dit wel doen? -- Nee, u het gevra wettig of onwettig was ek nooit in Botswana nie.

Ja. Dra u kennis van 'n sekere Joe Pillay? -- Joe Pillay ...?

Wat van Swaziland ontvoer was? -- Ja, ek het gehoor van dit.

Weet u enigiets in verband met mnr. Pillay? -- Glad nie.

Was u nie daarin betrokke nie? -- Ek weet net wat ek daardie tyd gelees het en wat ek nou weer gehoor het, die bewerings, maar
(10)
verder dra ek geen kennis van die man nie.

Wat het u daardie tyd gehoor? -- Net gehoor dat hy ontvoer was, na die Republiek van Suid-Afrika gebring was.

Deur wie? -- Praat u van daardie tyd of nou?

Ja, daardie tyd? -- Nee, ek weet nie deur wie nie, ek het net gehoor van die voorval.

Het u nie op Vlakplaas gehoor dat lede van Vlakplaas be-trokke was met sy ontvoering? -- Nee, glad nie.

En dat daar moeilikheid daaroor was? -- Ek weet daar was een of ander moeilikheid dat hy moes teruggaan Swaziland toe weer,
(20)
later, sover ek kan onthou die hele storie.

Ja en het u gehoor dat lede van Vlakplaas miskien in sy ontvoering betrokke was? -- Ek het nie daardie tyd belanggestel in die hele storie soveel nie. So ek het nie navrae gedoen.

Gewoonlik as 'n mens baie vrae vra dan vra hulle wat wil jy weet, hoekom wil jy dit weet.

Ek neem aan dat op Vlakplaas het julle met mekaar gepraat oor wat julle gedoen het, waar julle gegaan het, wat gebeur het ensovoorts? -- Onder normale omstandighede altyd. As jy terugkom dan vertel jy vir die manne jy was in die Noord-Kaap

(30)
of/...

of jy was in Wes-Transvaal of jy was in Oos-Transvaal, hoe het dit gegaan.

Of miskien was dit Swaziland? -- Ja, ek het nooit nadat ek op Vlakplaas gekom het vreeslik baie gereis nie.

Het u op Vlakplaas gebly? Het u daar, was u huis ...? -- Nee, ek het in 'n woonstel gebly.

Waar? -- Hier in Pretoria.

In Pretoria, nooit op Vlakplaas self gebly nie? -- Nee.

Het sekere lede van die polisiemag daar gebly? -- Die swartes, (10)
van die swartes, ja.

Mnr. Mamasela byvoorbeeld? -- Mamasela, nee, nie sover ek kan onthou nie. Die swart polisiemanne wat op daardie stadium daar was kan ek onthou. Ek dink die meeste van hulle het hulle eie plekke gehad, reeds.

Maar van tyd tot tyd daar oorgebly? -- Nee, dit is die nuwe manne wat aangekom het wat somtyds daar 'n tydjie gebly het.

Was daar huise vir hulle op Vlakplaas? -- Daar was 'n ou huis gewees. Daar was buitekamers gewees.

As u 'n bevel van u offisiere verkry het om in die buiteland (20)
op te tree, wat sou u gedoen het? -- Dit hang af watse bevel dit sal wees.

Wel 'n bevel om 'n sekere persoon daar te ontvoer byvoor-beeld? -- Wel eerstens, ek het nooit so 'n bevel gekry nie.

Of 'n huis aan te val? -- Nee, ek glo nie ons bevelvoerder sal vir ons sulke bevele gee nie.

Hoekom nie? -- Ek meen daar is sekere bevele wat jy gehoorsaam en sekeres nie, maar ek het nooit so 'n bevel gekry nie, so.

Maar julle was 'n teeninsurgensie eenheid, nie waar nie?

-- Ons/... (30)

-- Ons was betrokke by die identifisering en opsporing van ANC-lede daardie tyd.

En arrestasie? -- En arrestasie.

VOORSITTER: Was julle 'n teeninsurgensie of was julle nie 'n teeninsurgensie nie? -- 'n Mens kan dit in 'n sekere deel noem 'n teeninsurgensie.

Maar al wat ek wil weet is, ek is nou nie seker nie, is daar 'n aparte teeninsurgensie afdeling van die polisie? -- Dit is korrek.

Maar vorm dit deel van die veiligheidspolisie of vorm dit nie? -- Nee, dit is nie deel van die veiligheidspolisie nie. Dit is deel van die veiligheidsmagte as 'n mens dit so kan noem, maar dit is nie deel van die veiligheidspolisie nie, maar ons was ... (tussenbei)

Maar ek bedoel daar is 'n aparte eenheid bekend as teen-insurgensie? -- Ja, daar is.

Maar het u ooit daaraan behoort? -- Ek het nooit daaraan behoort nie.

Het Vlakplaas se mense ooit aan die teeninsurgensie behoort? -- Hulle het nooit daaraan behoort nie. (20)

MNR. KUNY: So u was net betrokke met opsporing en arrestasie, maar nie teeninsurgensie optrede nie? -- Ja, identifisering en opsporing. Nee, 'n sekere mate dan kry jy teeninsurgensie optrede, maar ons was nie die teeninsurgensie eenheid nie.

Was u ooit betrokke in enige skietvoorvalle met terro-riste? -- Ek was.

Amsterdam byvoorbeeld? -- Amsterdam was ek.

En waar nog? -- Ek dink in Piet Retief omgewing een slag, lang jare terug.

Wanneer sou dit gewees het die Piet Retief voorval? -- Ek

dink/...

dink dit is 1981 of 1982.

Dit is Amsterdam of Piet Retief, waarvan praat u? -- Een was Amsterdam, dit was 1986.

Ja en wat van Piet Retief? -- Ek dink dit was 1982 of 1981 was ons ook in 'n voorval daar betrokke.

Ja en enige ander insidente? -- Geen wat ek kan onthou op die oomblik nie.

Is dit nodig, vir u, was dit ooit nodig om te skiet om 'n arrestasie te maak? -- Herhaal net die vraag asseblief?

Was dit ooit nodig om aan mense te skiet om 'n arrestasie te maak? -- Praat u van die twee voorvalle nou spesifiek? (10)

Nee, of enige ander voorval? -- Dit was nodig.

Het u wel van tyd tot tyd geskiet? -- Ek het.

Het u iemand ooit doodgeskiet? -- Nee.

Of gewond? -- Ek sal nie weet of ek hom gewond het of iemand anders nie. Ek was nooit alleen nie.

Wel, laat ons byvoorbeeld na die Amsterdam insident kyk, julle was 'n lokval? -- Nee, ons is 'n observasiepos.

Ja en julle het daar onder die bome gelê en gewag vir mense wat terug na die Swazilandgrens loop nie waar nie? -- Dit is korrek. (20)

Om watter doel, wat sou u gedoen het? -- Nee, ons ...
(tussenbei)

Waarvoor het julle daar gewag? -- Ons het gewag, daar het wel inligting bestaan dat daar iemand sou infiltrer.

En wat sou u gedoen het toe u hierdie mense gewaar het? -- U meen vir die eerste keer wat hulle verby - ek het hulle twee keer - hulle het verby ons gestap en hulle het weer teruggekom.

Ja, die tweede keer, waarvoor was julle daar gewees?

-- Ons/... (30)

-- Ons het inligting gehad dat daar mense die land sou binnekom met wapens.

Ja en toe wat sou julle gedoen het? -- En ons was nie presies seker op watter punt nie. Daarom het ons 'n observasiepunt gestig daar.

Ja, maar julle hou nie net observasie nie, wat moes julle met daardie mense doen? -- Ons sou daardie mense arresteer sodra hulle terugkom, want ons was nie presies seker waar hulle die kontak sou maak met die ander mense nie.

En het u hulle gearresteer? -- Ons het een man gearres-
teer (10)
later.

En hoeveel mense het julle doodgeskiet? -- Een is dood.

Net een? -- Dit is korrek.

Dit is van die twee wat u gesien het? -- Dit is die twee wat ek gesien het.

Maar die ander persoon wat deur kaptein De Kock gevang is, wat het met hulle gebeur? -- Ek het later verneem hulle is al drie dood.

Al drie. So daar was vier mense daardie aand dood-geskiet?
-- Dit is korrek. (20)

En een wat later gearresteer was? -- Dit is korrek.

Gewond, nou u kan nie sê wie die een doodgeskiet het? -- Nee, ons was drie mense, so ek sal nie presies sê wie het hom waar getref nie.

Het julle al drie skote gevuur? -- Ons het al drie geskiet.

Watse soort wapens het julle gehad? -- Ek het 'n 9 millimeter pistool gehad en die ander twee manne ook.

Wie was saam met u? -- Sersant Willemse en sersant Badenhorst.

En/...

En enige ander persone? -- Daar was nog twee, maar hulle was

nie op die punt waar die skietery plaasgevind het nie.

Sersant Nofemela en sersant Mogadi.

Nou wie het geskiet? -- Ek het geskiet, sersant Willemse het geskiet en sersant Badenhorst het geskiet.

Ja, ken u die naam van die persoon wat weggekome het van die skietery? -- Vusi Muzi Sindane, ja.

Sindane? -- Ja.

En hy was min of meer 'n dag daarna gevang? -- Gearreesteer, dit is korrek.

En daarna was hy aangekla en skuldig bevind en na Robben Eiland toe gestuur? -- Ja, dit is al lank terug. Ek kan nie meer onthou presies, maar ek weet hy was in Ermelo verhoor. (10)

Hy is in Ermelo ...? -- Verhoor.

Ja, maar hy was aangekla en hy was skuldig bevind? -- Dit is korrek.

En hy is op die oomblik op Robben Eiland? -- Ek weet nie waar is hy vandag nie.

Nou ons het nie 'n beëdigde verklaring van hom gekry nie, maar, want daar is moeilikheid daaroor, maar as hy sê dat in die, as in daardie omstandighede as julle eers geskiet het, sou dit waar wees? -- Bedoel u dat ons sommer net sou geskiet het? (20)

VOORSITTER: Ja, met ander woorde wat hy sê is julle het eerste geskiet. -- Ek glo ons het eerste geskiet, want die manne was gewapen.

MNR. KUNY: Ja, maar julle het verwag dat hulle sou gewapen wees? -- Korrek, hulle sou gewapen wees.

En julle was van plan om hulle te arresteer? -- Ons wou hulle arresteer, hulle was behoorlik gewaarsku ook: Ons is van die/...

Ja, maar hoekom het julle dan eerste geskiet? -- As 'n man sy vuurwapen optel vra jy nie nog vrae nie.

Maar hulle het nie geskiet nie, u het eerste geskiet? -- Hy het self ook geskiet.

Eerste het u geskiet? -- Ek het eerste geskiet. Ek het eerste, ja.

En u kan nie sê of u enige van hulle raakgeskiet het nie? -- Soos ek sê ek is nie seker nie, ek kon hom raakgeskiet het die een man wat daar geval het ook. Sindane self het ook 'n paar skote gehad.

(10)

Hoe ver van julle af was hulle? -- Vier of vyf meter.

Nou ek kom terug na Dirk Coetzee, hy moet seker mal wees as hy sê dat u betrokke was in al hierdie voorvalle? -- Ek weet nie, u sê so, ek weet nie.

Wel watter verduideliking kan daar wees dat hy, wat 'n vriend van u is, sou beweer dat u in sulke soort dinge betrokke was as u nie daar was nie? -- Ek weet glad nie. Hoekom hy dit sê weet ek nie.

Want om sy storie vas te stel is dit nie nodig dat hy u inmeng met al hierdie voorvalle nie. Dit is nie nodig dat hy moet sê dat u betrokke was nie? -- Dit is hoekom ek nie verstaan dat hy sê ek was betrokke nie. (20)

En as dit nie waar was nie, sou hy geweet het dat u na enige Kommissie of hof of koerant sou kom en sê dit is nie waar nie.

Hy sou dit geweet het. -- Ek ken nie sy storie nie. Ek weet nie waaroor hy dit gesê het nie, daarom volg ek nie u vraag presies nie.

Miskien is dit 'n kwessie van argument, maar in elk geval u kan geen verduideliking gee nie? -- Ek kan geen

verduideliking/...

(30)

verduideliking daarvoor gee nie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. PRETORIUS: Volgens die prosedure en soos ons dit verstaan, as 'n Vlakplaas onder-offisier of offisier in 'n ander afdeling werksaam is werk hy onder die bevel van die bevelvoerder daar? -- Dit is korrek.

En is dit ook korrek dat 'n Vlakplaas persoon is nie toegelaat om op te tree sonder die medewete van die afdeling bevelvoerder? -- Dit is korrek.

Nou u was in 1985 in die Noord-Kaap? -- Ek wil net sien?

VOORSITTER: U het netnou gesê u was ongeveer 1984 tot 1985 in die Noordkaap. -- Ek was 1984 of 1985 ... dit is nie in hierdie een nie. (10)

MNR. MCNALLY: Ek dink die volledige stel is in B99. -- Ek is nie seker nie, maar ek was in daardie omgewing was ek in Noord-Kaap, 1984, 1985.

MNR. PRETORIUS: Kan u nog onthou wat u daar gedoen het of sou gedoen het? -- Dieselfde, identifisering en opsporing van ANC-lede.

Was u uitsluitlik betrokke by die identifisering en moontlike arrestasie van insurgente? -- Dit is uitsluitlik wat ons doel was. (20)

Geen ander taak verrig nie.

VOORSITTER: Ekskuus tog, kan ek tog net BEWYSSTUK B99, bladsy 56 toon aan dat u van Februarie 1985 herhaaldelik in die Noord-Kaap was en ek dink dat u iewers in November 1986 in die Noord-Kaap was.

MNR. PRETORIUS: Nou wat was u rang in 1985? -- Adjudant-offisier.

En het u van enige ander Van Dyk kennis gedra van òf by Kuruman òf by Vryburg in 1985? -- Nee.

U/...

inge-handig as BEWYSSTUK B104 van ene Hoffman Galeng. Weet u wie daardie man is? -- Hoffman Galeng. Ek kan my sy naam voorstel ja, maar ek weet nie presies wie hy is nie.

Kan u ons help waar het u die naam leer ken?-- Nee, ek het ook maar net gelees van beweringe wat teen my gemaak word, maar ek kan nie presies sê waar die man en wat sy posisie is nie.

Waar het u van hierdie beweringe gelees? -- Wat Nofemela sou gemaak het.

Nofemela se getuienis? -- Ja.

Nou hy sê dat in Februarie 1985 was hy gearresteer, hy sê dit was 'n luitenant Van Dyk van die Kuruman veiligheidstak van die Suid-Afrikaanse Polisie, Februarie 1985 sê hy hy was deur 'n Van Dyk gearresteer. -- Ek het nooit daardie man gearresteer nie. (10)

En hy gaan voort en hy sê dat by die veiligheidskantore te Kuruman toe hulle ingegaan het by die kantore was hy gevra om sy sakke leeg te maak en dit het sy motorsleutels ingesluit en hy het dit op die tafel daar by die ingang neergelê en toe is hy vir 'n paar minute ondervra en hy gaan voort met sy ge-tuienis so.

Is dit net toeval dat in daardie tydperk was u ook in die Noord-Kaap, volgens u werkskaart, was u in die Noord-Kaap? -- Ek was in die Noord-Kaap sien ek hierso van die eerste maand af tot die sesde maand. (20)

Ja wel u was in Februarimaand ...? -- Dit is korrek, ek was in die Noord-Kaap.

In die Noord-Kaap. As dit wel u was waarna hy verwys het in hierdie eedsverklaring kan u vir ons verduidelik hoe hy u naam sou geken het? -- Ek was nie by nie. Wanneer is die

verklaring/...

Hierdie verklaring is in verlede jaar gemaak. -- Verlede jaar, want 1985, ek was glad nie betrokke by daardie - soos die bewering daar gemaak is nie.

Nee, ek verstaan u ontkenning, maar u sien wat is interessant, hy sê 'n Van Dyk het hom gearresteer in die Noord-Kaap ...? -- Het hy nie dalk nadat hy die koerante gelees het my naam gesien en toe my naam genoem nie?

Is een verduideliking volgens u dat hy is ook deel van 'n sameswering teen u of dan Galeng? -- Ek skat so. Ek word ge-impliseer en dit is bewerings wat ongegrond is.

(10)

Maar u ken nie eers die persoon nie. -- Ek ken hom nie.

Hy woon in die Noord-Kaap, hy werk in die Noord-Kaap? -- Presies.

U was vir ses maande van u lewe daar of hoe? -- Hoekom het hy nie die verklaring gemaak in 1985 dan nie?

Wel ons sal daarby kom, ons sal daarby kom by watter verklarings hy in 1985 gemaak het, maar ek wil u eers vra, kan u enige verduideliking gee hoekom hy u sou, hoekom hy eers sou weet dat u in Februarie 1985 daar was? -- Ek dra geen kennis hoe weet hy dit nie.

(20)

En ek verstaan u verduideliking wat u nou opper is dat hy deel van 'n sameswering teen u is? -- Ek weet nie. U moet hom net vra as u hom sien, self.

U het geen feite om dit te bewys nie, ek neem aan, dit is net 'n afleiding wat u nou maak? -- Dit is seker maar, dit moet wees.

In elk geval hy gaan voort en sê dat hy is toe na 'n rukkie vrygelaat en in Aprilmaand van dieselfde jaar, nou per

toeval/...

(30)

-- Ja.

U sien dit? -- Ja.

Nou in Aprilmaand is sy kar gesteel en later uitgebrand. Nou ek neem aan dat u weet van die aantygings wat hy maak in verband met wat ook gesteel is. Hy het gesê en hy het rapporteer aan die polisie en hy het ook aan sy assuransiemaatskappy gerapporteer van verskeie van sy items, van sy eiendom, wat ook in die kar was toe dit gesteel is insluitend ses hoenders.

Dra u kennis daarvan? -- Ek ken nie, ek dra nie kennis nie.

Hy het dit aan sy assuransiemaatskappy gerapporteer en hy (10)
het ook aan die polisie gerapporteer in 1985. -- Is dit moontlik dat ek net daardie bewerings mag sien, alles?

Ekskuus? -- Mag ek dit sien asseblief, alles.

Ja, seker. Ek het nie 'n ander afskrif nie, maar miskien kan die sekretaris my ? -- Is hulle daarin, ek wil die hele ding sien.

Sien bladsy 2, paragraaf 4 sê hy:

"On 25 April 1985 I parked my car, a Cressida at De Kock Street in Vryburg alongside a parking metre. I went to my office for some time and when I came out my car was missing. I (20)
reported the missing car to the Vryburg police station on that same day. The policeman who I reported it to was a Constable Mabilo and I recall that I made a statement to the police on that occasion. At the time that my car was stolen the following items were in the car: Two suits; three seatcovers ..."

En hy gaan aan met daar was en die tweede bladsy sê hy "six chickens." Sien u dit? -- Ja, ek sien.

En hy sê op bladsy 3, paragraaf 5:

I/...
(30)

"I reported all of the above including the theft of the car to my insurance company being Guardian Insurance. A copy of my claim form dated 29 April 1985 is attached hereto marked "A"."

Dit is nie nodig nie, maar ek is seker dat u sal daardie lys van eiendom daar ook op aanhangsel "A" lees, insluitend die ses hoenders. Nou Nofemela het getuienis voor hierdie Kommissie gelewer en hy het gesê hy was opdrag gegee om daardie kar te gaan steel en u het vir hom die sleutels gegee en hy het die kar gaan steel en hulle het die hoenders opgeëet. -- Nee, beslis nie ek (10) nie, ek het hom nie so 'n opdrag gegee nie en ook die sleutels nie.

VOORSITTER: Het u ook nie die hoenders geëet nie? -- Ek het ook nie daardie hoenders geëet nie.

MNR. PRETORIUS: Waar sou Nofemela daardie feite gekry het van die hoenders? -- Het u hom nie gevra voorheen nie, want ek het dit nie vir hom - definitief nie, beslis nie.

Nee, hy het die feite gekry, want dit is waar. Wat hy vertel is die waarheid. Dit is die enigste verduideliking waaraan ek kan dink. Kan u aan 'n ander verduideliking dink? (20)
-- Wel as hy daarvan geweet het dit is waar, dan was hy moontlik betrokke, ek weet nie daarvan nie.

Ja, maar hy het u beskuldig dat u ook daarby betrokke was?
-- Ek is glad nie daarby betrokke nie.

Was dit net toeval dat toe sy sleutels gesteel was, u in die Noord-Kaap was in Februarimaand? -- Ek was in die Noord-Kaap volgens my kaart was ek daar. Dit is nie toeval nie, ek het gaan werk.

Was dit net toeval dat in Aprilmaand toe die kar gesteel is u was weer daar, is dit net toeval? -- Ja, ek was April (30)
daar/...

daar. Dit is nie toeval nie, want ek was van die eerste maand tot die sesde maand daar.

Ja, op verskeie kere daar. U was nie altyd daar nie. -- Dit is korrek, ek was nie net een slag daar nie. Een, twee, drie, vier, vyf maande agtermekaar. So ek was nie net toevallig twee maande daar nie.

Nee, ek weet dit, ek weet dit, maar ... (tussenbei)

VOORSITTER: Nee-nee, wat die advokaat eintlik sê is dit blote toeval dat die motor gesteel is terwyl u en Nofemela wel daar was? (10)
-- Ek glo dit is blote toeval dat die ding wel gebeur het dat ons daar was.

Nou ek neem aan u sal nie betwis dat Nofemela dit kon ge-doen het? -- Nee, ek kan nie vir hom praat nie so ek weet nie.

Nou sou - hoeveel van hulle was daar daardie jaar in die Noord-Kaap? -- Ek kan nie al die name presies onthou nie. Ons is gewoonlik 'n groep van twee blankes en sê dan so vyf of ses swartes.

En hulle was, was hulle onder u bevel toe? -- Hulle was onder my bevel.

(20)
Nou hoe gebeur dit dat iemand onder u bevel in die Noord-Kaap kry dit reg om 'n kar te gaan steel, om die hoenders te braai en op te eet sonder dat u daarvan weet? -- Daarom reken ek dit het nie wel so gebeur nie.

Ja, maar ek stel aan u dan, hoe kry Nofemela daardie inligting? -- Ek weet nie, ek het geen idee nie.

Die enigste verduideliking is dit nie, is dat Galeng by hierdie sameswering betrokke is. -- Dit is moontlik, ken hy vir Galeng, ons weet nie.

Maar ek moet aan u stel dit is heel onwaarskynlik daardie verduideliking. -- Ja, maar soos ek sê ek was nie betrokke (30)

nie/...

nie, ek dra geen kennis van die storie nie, so ek kan geen verdere antwoord daarop gee nie.

Is u ooit uitgevra oor hierdie aangeleentheid deur u senior offisiere? -- Nooit.

Is daar geen ondersoek ingestel oor hierdie aantygings teen u? -- Teen my?

Ja. -- Nie wat ek van weet nie tot nou wat die bewerings teen my gemaak was.

Maar hierdie is ernstige aantygings né? -- Dit is korrek.

Dat 'n senior lid van die Veiligheidspolisie betrokke is by sulke aangeleenthede, die steel van 'n motor nie? -- Ja, dit is korrek. Ek sou dit verwelkom het as hulle ondersoek ingestel het daardie tyd as daar bewerings was. (10)

Ja, maar die bewerings het net tevore gekom met dié wat Nofemela gesê het verlede jaar. -- Dit is hoekom ek sê as hulle daardie tyd bewerings gemaak het, dan sou ek dit verwelkom het dat hulle dit ondersoek.

Dit is gestaaf deur getuienis soos dié wat ek nou vir u uitgewys het. -- Soos ek sê ek dra nie kennis nie, ek was nie by nie. (20)

En dit word ook gestaf deur die werkskaarte wat bewys is dat u wel die betrokke tydperk daar was. -- Weet u hoe groot is Noord-Kaap?

Ja, maar u het self gesê u was in Vryburg en Kuruman. -- Ek sal nie sê ek was daardie dag op Kuruman of ek was op Vryburg of ek was op Kimberley of waar was ek nie.

Ja, maar u het ... (tussenbei)

VOORSITTER: Het u op 'n stadium naby 'n myn by Mafikeng uitgekamp, by Kuruman? -- Kuruman. Daar was 'n plek wat ons gebly het, dit was naby 'n myn. (30)

MNR. PRETORIUS: Aan wie het hierdie myn behoort? -- Nee, ek weet nie. Ek is nie seker nie. Ons het - dit is 'n ou huis wat daar gestaan het, wat ons gebruik het en adjudant Kleynhans op Kuruman het vir ons die huis gereël om net daar te bly vir 'n sekere tydperk.

U paspoort, het u dit miskien by u? -- Nee, ek het nie my paspoort nie.

Is dit by die huis? -- Ek sal hom moet gaan soek. Hy kan by die huis wees of by die kantoor.

Sal u dit asseblief vir ons kry? -- Ek sal. Wil u dit nou hê of môre? (10)

VOORSITTER: Nee, môre sal reg wees, dankie. -- Môre sal goed wees.

MNR. PRETORIUS: Nou kan u onthou dat u in Durban in November-maand 1981 was? -- Nadat ek na die eiseregister gekyk het, ja.

En volgens die werkskaarte is die meeste van die span terug Pretoria toe op die 21ste of 20ste November? -- Ja, ek het, sover my kennis strek, ek het gekyk na die kaarte so ek kan ... (tussenbei)

Wat het u daardie naweek gedoen? -- Ek weet nie of dit 'n naweek was daardie tyd nie.

Wel dit was 'n naweek ek kan vir u sê, die 21ste was 'n Saterdag? -- Miskien het ek gou 'n swem gaan vat of iets ek weet nie. Dit is so lank terug. (20)

U sien u werkskaart sê u is terug op die Maandag die 23ste. -- Die 23ste, die werkskaart is reg so, dan is ek Maandag terug.

U maak heeltemal staat op die werkskaarte en sê dit is heeltemal korrek? -- Dit moet wees, ja.

Ek vra vir u as die span teruggekeer het die Vrydag of vroeg/...

vroeg Saterdag, hoekom het u daar oorgebly tot die 23ste? -- Ek kan nie nou onthou nie. Daar is seker iets wat ek moes doen of (30)

iets, ek kan nie onthou nie, ek weet nie.

U kan geen...? -- Ek kan nie onthou nie.

Nou sekere aantygings is gemaak in verband met wat in die Oos-Kaap in 1981 gebeur het in verband met die uitbrand van sekere motorvoertuie, onthou u daardie aantygings? -- Ek onthou dit.

Is dit moontlik dat dit kon gebeur het sonder u medewete?
-- Dit is korrek.

Het u ooit 'n sakboek gedra, gehou? -- Nie solank ek op Vlakplaas was nie.

Nee. Wanneer is u na offisiersvlak toe bevorder? -- 1985.
1985. Het u 'n dagboek gehou? -- Ek het nie 'n dagboek gehou
nie. (10)

Het u enige skriftelike verslae ingedien? -- Somtyds, ja.
Oor watter onderwerpe? -- As jy inligting kry moet jy 'n skriftelike verslag indien daaromtrent.

Ekskuus, ek kan nie hoor nie? -- As jy inligting bekom wat die moeite werd is, dien jy wel verslae in.

Op skrif? -- Op skrif.

En aan wie is hierdie geadresseer? -- Aan die bevel-voerende offisier.

Van Vlakplaas? -- Nee, jy sal deur Vlakplaas ook werk, maar hy gaan eintlik sal hy na die hoofkantoor toe gaan dié. (20)

Na hoofkantoor toe? -- Ja.

Het u ooit 'n bron gehanteer? -- Ek het verskeie bronne hanteer.

Waar? -- Landwyd.

Was/...

K92.2532

- 2631 -

VAN DYK

Was dit deel van u take? -- Dit was.

Nou was u ooit betrokke by arrestasies toe u op Vlakplaas was? -- Ons was betrokke by arrestasies. (30)

Hoeveel? -- Ek sal nie kan sê hoeveel presies nie.

'n Skatting? -- Twee na vyf.

Oor watter tydperk? -- Sê sewe jaar.

Sewe jaar. Twee tot vyf in sewe jaar? -- Ja.

Wat u gesien het of uitgevoer het? -- Gesien het, wat ek betrokke was by, moet u vra.

Waarby u betrokke was, ja? -- Ja, sê betrokke was. As ek nie self uitgevoer het nie, wat ek weet wat - as u praat wat ek gesien het baie meer.

Hoeveel? -- Nee, ek kan glad nie getalle gee daar nie.

(10)

Nou het u ooit u vuurwapen gebruik in die verloop van u dienste? -- Korrek.

En toe u dit moes gedoen het moes u 'n verslag indien in verband met hoeveel koeëls gebruik is en om watter rede hulle gebruik is? -- Normaalweg doen 'n mens dit.

En is rekord daarvan gehou? -- Hulle hou rekord daarvan.

Wie hou - wie sou 'n verslag indien en sê kyk ek het soveel koeëls gebruik in verband met so 'n, sulke insident? -- In so 'n geval as daar 'n skietvoorval was sal die diensoffi-sier dit doen in daardie gebied waar dit gebeur het.

(20)

En as hy nie by was toe dit gebeur het sou u aan hom gerapporteer het en hy sou dan die skriftelike verslag indien? -- Hy sit dan 'n skriftelike verslag in.

Sover u kennis gaan was sulke rekords te Vlakplaas gehou? -- Nie te Vlakplaas nie, dit gaan alles hoofkantoor toe.

Maar was hulle op hoofkantoor gehou? -- Ja, u moet op hoofkantoor gaan soek as u dit wil hê.

Volgens/...

Volgens wat u kan onthou watter vuurwapens is by Vlakplaas gehou? -- Ons het 9 millimeter pistole gehad, daar was R1's,

hand-K's ... (tussenbei)

AK's? -- Nie wat ek van weet nie, nee.

U is onseker? -- Ja, ek is onseker, maar ek kan nie onthou van AK's nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. MARITZ: Geen vrae.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. McNALLY: Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE

MNR. MARITZ: Mnr. die Voorsitter, ek dink die volgende getuie is kaptein Vermeulen. Ek weet nie of my instruksies met be-trekking tot die aansoek verander het nie, kan ek net so 'n (10) bietjie kyk. Pas voor ons ingekom het na die middage was my instruksies dat ek moet voortgaan met die aansoek. Dit het in die getuiebank verander. Ek weet nie wat my instruksies is met betrekking tot kaptein Vermeulen nie.

VOORSITTER: Wil u hê ek moet uitgaan dat u uitvind wat u instruksies is?

MNR. MARITZ: Ekskuus tog?

VOORSITTER: Wil u hê ek moet net verdaag dat u uitvind wat u instruksies is?

MNR. MARITZ: Nee wat, ek dink ek sal baie gou agterkom. My (20) instruksies het inderdaad verander.

JOHANNES STEPHANUS VERMEULEN, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. McNALLY: Mnr. Vermeulen het u 'n beëdigde verklaring op 4 Junie vanjaar afgelê wat nou voor u in die getuiebank is? -- Dit is korrek.

Goed, sal u asseblief voortgaan om daardie ... (tussenbei)

VOORSITTER: U moet net die getuie insweer.

MNR. McNALLY:/...

K92.2760

- 2633 -

VERMEULEN
(30)

MNR. McNALLY: Ek het.

VOORSITTER: Het u. Dan is dit B146.

MNR. McNALLY: 146. Sal u daardie verklaring uitlees asseblief van paragraaf 1 af? --

"Ek die ondergetekende Johannes Stephanus Vermeulen verklaar hiermee onder eed soos volg:

1. Ek is 'n volwasse blanke man en 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie met die rang van majoor. Op 1 Maart 1988 is ek gesecondeer na die Bophuthatswana Polisie, waar ek steeds diens gedoen het tot November 1989 toe ek van diens onttrek is. Die rede vir sodanige diensonttrekking was die beweringe wat deur Almond Nofemela en Dirk Coetzee ten aansien van my gemaak het. (10)

Soos hierin later sal blyk, is al sodanige beweringe van alle waarheid ontbloeit en is ek ten volle bereid om onder eed te getuig voor die agbare Kommissie.

2. Ek het Dirk Coetzee gedurende 1973/1974 leer ken toe ek en hy beide uniformlede van die Suid-Afrikaanse Polisie was.

Ek was gestasioneer op Levubu en Dirk Coetzee op Sibasa.

Daar het 'n hegte vriendskap tussen ons ontstaan.

Aan die begin van 1981 het ek die rang van luitenant gehad en was ek die bevelvoerder van die polisiestasie op Bronkhorst-spruit. Behalwe dat ek gedurende (20)

1964/1965 vir ongeveer 'n jaar verbonde was aan die veiligheids-hoofkantoor te Pretoria, het ek tot op daardie stadium geen verbintenis met die veiligheidstak van die Suid-Afrikaanse Polisie gehad nie. Coetzee het my egter genader en gevra of ek sou belangstel om 'n oorplasing/...

K92.2856

- 2634 -

VERMEULEN

oorplasing na Vlakplaas te neem waar ek onder sy bevel sou dien. (30)
Ek het daartoe ingestem en dit het geskied. Een van die belangrikste redes waarom ek gewerf is was dat ek

in Botswana groot geword het en Tswana goed praat.
Ek ken ook die Wes-Transvaal en Noordoos-Kaapgebiede
baie goed.

3. Ek het gedurende of omtrent Augustus 1981 op Vlakplaas gekom.

Ek is hoofsaaklik aangewend in die Wes-Transvaal en
die Noordoos-Kaap. Ek het ook die beëdigde verklaring
van kolonel Coetzee gelees en ek bevestig die
korrektheid van sy uiteensetting van die werksaamhede
van die Vlakplaas-eenheid. Kort na my aankoms op
Vlakplaas is ek bevorder tot die rang van kaptein. Ek
was verbonde aan Vlakplaas tot Augustus 1985, daarna
na die Veiligheidstak, Noord-Transvaal tot 28 Februarie
1988 totdat ek na die Bophuthatswana Polisie geseondeer
is soos voor-meld. (10)

4. Ek het kennis geneem van die beweringe dat daar 'n sogenaamde

"moord-eenheid" op Vlakplaas sou bestaan het. Sodanige
beweringe is van alle waarheid ontbloom. Ek het ook
die hooffigure wat verantwoordelik sou gewees het vir
die beweerde onwettige optredes geken, naamlik Dirk
Coetzee, Almond Nofemela, David Tshikalange en Brian
Ngqulunga. Joseph Mamasela was beslis nie op
Vlakplaas toe ek daar gekom het in Augustus 1981 nie. (20)

Hy het eers by die Vlakplaas-eenheid aangesluit nadat
kolonel Coetzee in Januarie 1982 bevel van Vlakplaas
oorgeneem het by Dirk Coetzee. Ek het ook later op
Vlakplaas/...

K92.2947

- 2635 -

VERMEULEN

Vlakplaas gedien onder die bevel van brigadier Cronjé. (Hy was
destyds 'n kolonel.) (30)

5. Ek word geadviseer dat beweerde buitelandse optrede nie deur
die agbare Kommissie ondersoek word nie en ek handel

derhalwe nie met sodanige beweringe nie. In wat volg handel ek met beweerde onregmatige binnelandse optredes, waarby ek betrek word.

6.Ten aanvang skets ek graag my rol in die Ernest Dipale aangeleentheid. Ek kan my betrokkenheid in breë trekke onthou, maar ek is nie in staat om fyner detail in herinnering te roep nie. Ek verwys in hierdie verband na 'n afskrif van my werkkaart wat hierby aangeheg is as aanhangsel "JV1". Daaruit blyk dat ek vanaf 5 Oktober 1981 tot 29 Oktober werksaam in Wes-Transvaal was. Ek moet hier vermeld dat ek geadviseer word dat (10) beweer word dat die werkskaarte en die vervoer en verblyf eise wat daarmee verband hou, vervals of onakkuraat sou wees. Dit is beslis nie so nie. In my geval en na die beste van my kennis en wete, ook in alle ander gevalle, is sodanige eisvorms met nougesette akku-raatheid voltooi.

Ek het ook saam met kolonel Coetzee en kolonel Grobbelaar die lêers wat betrekking het op die arrestasie en aanhouding van Dipale gedurende Oktober 1981 nagegaan en my geheue aan (20) die hand daarvan verfris.

7.Ons het destyds 'n basis gehad op 'n plaas naby Kop-fontein grenspos in die Marico distrik vanwaar ons gewerk het.

Ons was besig met opsporing van

insurgente/...

K92.3045

- 2636 -

VERMEULEN

insurgente of verdagte insurgente. Ek kan onthou dat ek by geleentheid onderweg vanaf Mafikeng na die basis twee swart mans langs die pad opgemerk het. Hulle het geen bagasie gehad nie en hulle teenwoordigheid langs die (30) pad tussen niks en nêrens nie het by my agterdog verwek.

Ek het hulle gestop en gevra om hulleself aan my te identifiseer, maar hulle het geen dokumente gehad nie.

Omdat ek vermoed het dat hulle moontlik insurgente kon wees, het ek beide gearresteer en hulle geneem na die polisiestasie te Ottoshoop waar hulle aangehou is.

8. Ek het die selregister (SAP 14) van die Ottoshoop polisiestasie vir Oktober 1981 ter insae gehad en ek heg hierby aan aanhangsel "JV 2" 'n afskrif van die tersaaklike bladsy daarvan. Die besonderhede van die twee swart mans wat ek arresteer het is op aanhangsel "JV 2" ingeskryf (10) teenoor items 42 en 43. Nadat ek die twee swart mans in die selle te Ottoshoop laat opneem het, het ek hulle verder ondervra en hulle ware identiteit vasgestel. Ek het die besonderhede deurgegee aan die veiligheidstak van die afdeling Wes-Transvaal in afwagting op verdere instruksies. Ek het destyds verneem dat hulle gesoek word deur die veiligheidstak van Soweto en dat hulle daarheen oorgeplaas is. Ek het daarna nooit weer enigiets met enigeen van hul te doen gehad nie. Uit die voormelde lêers blyk dit dat die twee persone wat ek gearresteer het inderdaad Ernest Dipale en Gilbert (20) Phoshoko was.

Ek moet egter verder daarop wys dat ek destyds glad

nie/...

K92.3142

- 2637 -

VERMEULEN

nie geweet het van Joseph Mamasela nie. Ek merk ook uit die werkskaarte wat toepassing het op Dirk Coetzee en Nofemela dat eersgenoemde in die Oos-Kaap was vanaf 9 tot 29 Oktober 1981 en laasgenoemde vanaf 11 tot 29 (30) Oktober 1981. Hulle kon dus nie betrokke gewees het by my voormelde optrede nie.

9. Vervolgens handel ek met die beweringe deur Dirk Coetzee ten aansien van my beweerde betrokkenheid by die moord op Griffiths Mxenge. Volgens aanhangsel "JV 2" het ek vanaf 5 tot 20 November 1981 diens verrig in die Wes-Transvaal en vanaf 22 tot 23 November 1981 het ek diens verrig in die Oos-Transvaal. Gedurende sodanige tydperke was ek besig met die uitvoering van my voormelde pligte om insurgente op te spoor. Ek was in die gemelde tydperk glad nie in Natal nie en ek ontken ten sterkste dat ek enigiets te doen gehad het met die moord op Griffiths Mxenge of die vergiftiging van sy honde. (10)
Ek het ook hoegenaamd niks te doen gehad met die uitbrandery van wyle Mxenge se motor nie.

10. Ek is ook verwys na die verhaal wat Dirk Coetzee vertel op bladsye 143 tot 151 van BEWYSSRTUK B3 voor die agbare Kommissie. Hierdie is 'n totale onware verhaal wat Dirk Coetzee uit sy duim gesuig het. Ek moet verder daarop wys dat die verhaal ten aansien van generaal Neethling van alle waarheid ontbloot is. Ek het destyds van generaal Neethling geweet en dit is absurd om te suggereer dat hy aan my, wat 'n wildvreemde aan hom was, goedsmoeds gif sou gee waarmee mense vermoor sou kon word. (20)

11. Ek/...

K92.3251

- 2638 -

VERMEULEN

11. Ek is ook verwys na die verhaal wat Dirk Coetzee vertel op bladsye 155 en 156 van BEWYSSSTUK B3. Ek dra hoegenaamd geen kennis van die beweerde diefstal van die betrokke motor nie. (30)

12. Ek is ook verwys na 'n verdere motordiefstal verhaal wat Dirk

Coetzee vertel op bladsy 173 van BEWYSSTUK B3. Ek was hoegenaamd nie by die beweerde voorval betrokke nie.

13. Ek is ook verwys na bladsy 201 van BEWYSSTUKL B3 waar ek van moord op ene Chris beskuldig word deur Dirk Coetzee.

Hierdie beskuldiging is van alle waarheid ontbloot en ek verwerp dit met die minagting wat dit verdien.

Ek word geadviseer dat Dirk Coetzee in sy getuienis na hiedie persoon as Ace Moema verwys het. Daar was inderdaad 'n Ace Moema op Vlakplaas. Op 15 en 16 Februarie 1982 was Moema saam met my op patrolliediens in die Oos-Transvaal. Vroeg die oggend van 16 Februarie 1982 het ek agter-gekom dat Moema weg is. Ek het na hom gesoek, maar sy spoor verloor. Ek het hom nooit weer gesien of van hom gehoor nie. Ek het 'n verslag met betrekking tot die voorval ingedien en ek heg 'n afskrif daarvan hierby aan as aanhangsel 'JV 3'." (10)

Sal u asseblief net daardie verslag aan die Kommissie voorlees hy is gedateer 2 Maart 1982 né? -- Ja.

Dit is geadresseer aan die Bevelvoerende Offisier, Veiligheidshoofkantoor, Privaatsak X302, Pretoria. -- Dit is korrek. (20)

Dit gaan oor die geval van Isaac Moema soos die opskrif aandui en hoe lui die werklike verslag, sal u dit uitlees

asseblief/...

K92.3364

- 2639 -

VERMEULEN

asseblief? --

"ISAAC MOEMA : S4/59933

1. Op Maandag 15 Februarie 1982 het die bovermelde opgeleide ANC terroris en ek ondersoek gedoen na die opsporing van moontlik teruggekeerde terroriste na die Republiek van Suid-Afrika. (30)

2. Gedurende die nag van 15 en 16 Februarie 1982 het die onderwerp en ek ongeveer 10 tot 15 kilometer van die Mosambiekgrens, waar moontlike kruising kan plaasvind, in die veld geslaap.

Die oggend van 16 Februarie 1982 om ongeveer 04h30 het ek wakker geword en gevind dat Isaac nie in sy slaapsak is nie. Ek het dadelik begin soek, maar kon sy spoor slegs vir ongeveer 20 meter volg, waar ek dit toe verloor het en ek my soektog gestaak het.

3. Dit word aanbeveel dat die besonderhede van die onderwerp (10) teruggeplaas moet word op indeks, asook in die foto-album."

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. KUNY: Hoe lank is u nou 'n polisieman?

-- Ek het aangesluit op 13 Januarie 1964.

En vir hoe lank is u in die veiligheidspolisie? -- Ek was aanvanklik vir 'n jaar en is toe nou weer van 1981 tot 1985 op Vlakplaas gewees en van 1985 tot 1988 was ek by Noord-Transvaal tak waarna ek na Bophuthatswana is.

Hoe lank was u in Bophuthatswana? -- Dit was 'n jaar en etlike maande tot - ek is 1 Maart 1988 is ek Bophuthatswana toe tot en (20) met November 1989.

Dit is die maand na die coup d'état was u in Bophutha-tswana? -- Ek verstaan nie, ek het nie gehoor nie.

Die staatsgreep, dit was in Februarimaand gewees, 1988/...

K92.3511 - 2640 - VERMEULEN
1988? -- Dit is korrek.

U was die volgende maand na Bophuthatswana? -- Ek was die volgende maand na Bophuthatswana. (30)
Tot min of meer die einde van 1989? -- Tot November 1989.

K93. En wat het toe gebeur dat u van diens onttrek was? -- As gevolg

van die beweringe teen my gemaak.

Deur Nofemela en Coetzee? -- Deur Nofemela en Dirk Coetzee.

Wat het gebeur in Bophuthatswana? -- Ek was gesecondeer aan die Bophuthatswana polisie en om van diens te onttrek deur die, as gevolg van die bewerings moes ek gedesecondeer word terug na die Suid-Afrikaanse Polisie sodat ek van diens kan onttrek.

So u het terug Pretoria toe gekom nie waar nie? -- Dit is korrek.

En sedert daardie tyd is u in diens in Pretoria? -- Ek is April hierdie jaar, gedurende April hierdie jaar is ek weer terug
(10)
aan diens.

So wat het tussen Novembermaand en April van hierdie jaar gebeur, het u nie gewerk nie? -- Ek het nie gewerk nie.

Hoekom so, as gevolg van hierdie bewerings? -- Dit is korrek.

Of was u op verlof? -- Nee, ek is onttrek van diens as gevolg van die bewerings.

En hoe het dit gekom dat u weer in Aprilmaand begin werk het, want die bewerings staan nog? -- Dit is korrek. Daardie vraag kan ek nie antwoord nie, die Kommissaris kan dit antwoord.

Was daar ook nie moeilikheid met u in Bophuthatswana in
(20)
verband met 'n sekere skietvoorval? -- Nee.

Geen/...

K93.006

- 2641 -

VERMEULEN

Geen bewerings teen u nie in Botphuthatswana dat u enig-iemand geskiet het? -- Daar is nie bewerings nie, dit is 'n feit, maar dit het niks te doen met die onttrekking van die diens nie.

Ja-nee, ek verstaan, maar wat was die feit, wat het daar gebeur? -- Tydens 'n onlus situasie het ek 'n student deur die been geskiet.

(30)

En gewond? -- Korrek.

Was daar enige verhoor in daardie verband of was u aange-kla

of wat het gebeur? -- Ek was nie aangekla nie.

Wanneer was dit gewees? -- Ek kan nie onthou nie.

Min of meer? -- Ek kan nie 'n datum nie ... (tussenbei)

Was dit 1988 of 1989? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Was dit die begin van 1988 of die einde van 1988 of wanneer?

-- Ek kan nie onthou nie.

Of watter jaar of watter maand dit was? -- Dit moes of 1988 of 1989, voor November gewees het.

Ja, dit is die twee jare dat u in Bophuthatswana was. Dit moes gedurende daardie tydperk plaasgevind het, maar wanneer gedurende daardie tydperk? -- Ek kan nie onthou nie. (10)

En u sê dit het niks te doen gehad met dat u u onttrek het van Bophuthatswana? -- Nee.

Nou wanneer het u eers Dirk Coetzee ontmoet? -- Ek het Dirk Coetzee ontmoet gedurende 1973 of 1974.

Waar? -- Dit was iewers in Noord-Transvaal, ek is nie seker of dit op Sibasa was en of dit op Levubu was nie.

Ja, dit is so en julle het goeie vriende geword nie waar nie? -- Dit is korrek.

En julle het vriende gebly tot die tyd dat u op Vlakplaas begin werk het? -- Nee, daar was 'n tydperk wat Dirk Coetzee en/... (20)

K93.0144

- 2642 -

VERMEULEN

en ek nie met mekaar kontak gehad het nie.

Ja, maar omdat julle op verskillende plekke gewerk het, nie omdat julle nog nie vriende was nie? -- Dit is korrek.

So julle was nog vriende toe u op Vlakplaas gekom het? -- Dit is korrek.

En die feit is dat u Vlakplaas toe gegaan het op versoek van Dirk Coetzee? -- Dit is korrek. (30)

Hy het gevra of u daar wou kom werk? -- Dit is korrek.

En u het saamgestem? -- Dit is korrek.

En vir hoe lank was u dan op Vlakplaas? -- Ek was van Augustus 1981 tot min of meer Augustus 1985 op Vlakplaas gewees.

En nadat Dirk Coetzee Vlakplaas verlaat het, het u hom van tyd tot tyd gesien? -- Ek het Dirk ek dink by een geleentheid daarna gesien.

Het julle nie by mekaar gekuier nie? -- Nee.

Of op die telefoon, telefonies gepraat? -- Nee.

Waar het u hom gesien? -- Dit was op Sandwerke gewees. Ek dink dit was sy neef se sandwerke, noordwes van Pretoria.

Net toevallig? -- Nee, hy het my gebel en gevra ek moet daarheen kom. (10)

Om enige rede? -- Ja.

In verband met werk of nie? -- Nee.

En daarna, wanneer was dit, watter jaar, kan u onthou? -- Nee, dit was nadat ek reeds weg was van Vlakplaas.

U sê dan van die tyd dat hy Vlakplaas verlaat het die einde van Desembermaand 1981 tot die tyd dat u Vlakplaas verlaat het, het u hom nooit gesien nie? -- Ek kan my nie herinner aan so 'n geval nie.

Of met hom gepraat nie? -- Ek kan my nie herinner daaraan (20)
nie/...

K93.0203

- 2643 -

VERMEULEN

nie.

Daar was geen kontak tussen julle nie? -- Nee.

En daarna het u hom net eenkeer gesien? -- Dit is reg.

Tot vandag? -- Ja.

Beskou u hom nog of tot Novembermaand verlede jaar het u hom nog beskou as u vriend? -- Ja.

Daar was geen moeilikheid tussen julle gewees nie? -- Nee, ons het geen moeilikheid gehad nie. (30)

Geen rusie tussen julle nie? -- Nee.

En u moes verbaas gewees het toe u die bewerings teenoor u gehoor het? -- Ek was.

Wat van mnr. Nofemela, het u ooit met hom gewerk terwyl u op Vlakplaas was, was u in dieselfde groep van tyd tot tyd? -- Nee, ek kan nie onthou dat Almond Nofemela en ek ooit saamge-werk het nie.

Is dit moontlik dat julle het of sê u dat dit nie so gebeur het nie? -- Nee, ek kan nie bespiegel daaroor nie.

En wat van Tshikalange? -- Nee, Tshikalange was altyd saam met Dirk Coetzee gewees. (10)

En het u en Dirk Coetzee nie saamgewerk nie op geleent-hede? -- In 'n eenheid, maar nie per geleenthede nie. Hy het my slegs besoek, maar ons het nie saamgewerk nie.

Nooit in dieselfde groep gewerk nie? -- Nee.

As julle uitgegaan het om na insurgente te soek of op te spoor, te arresteer? -- Nee.

Het u gewoonlik in die Wes-Transvaal gewerk, in daardie omgewing? -- Die meeste van die tyd, maar nie altyd nie.

En hierdie plaas of plaashuisie by Kopfontein wat was dit en waar was dit presies gewees? -- Dit is 'n plaashuis naby Kopfontein. Nadere besonderhede gaan ek nie verstrek nie, want/... (20)

K93.0276

- 2644 -

VERMEULEN

want dit word nog soms gebruik.

Het u ooit in polisiekwartiere in die Wes-Transvaal gebly gedurende u werk in die Wes-Transvaal? -- Nee.

Waar sou u gewoonlik gebly het in hierdie huisie? -- Daar is plekke beskikbaar, leë huise beskikbaar in Wes-Transvaal waar ons tuisgegaan het. (30)

Maar hierdie huis waarvan u praat, die plaashuisie was dit

net deur u gebruik of deur die lede in die algemeen? -- Die lede saam met my het saam met my daar gewoon.

VOORSITTER: Maar ek dink wat die advokaat wil weet is, was die huis byvoorbeeld ter beskikking van ander lede sonder dat u daarby betrokke was? -- Ja.

MNR. KUNY: En het dit gebeur dat ander lede die huis gebruik het sonder dat u daar gewees het? -- Ek kan nie sê nie. As ek nie daar was nie, was ek nie daarvan bewus nie.

Nou watse soort huis was dit?-- Dit is 'n plaashuis.

'n Ou plaashuis? -- Dit is reg.

(10)

Waar julle geslaap het? -- Dit is reg.

Geëet het? -- Dit is reg.

En waarna u persone wat gearresteer was aangebring het? -- Nee.

Op geen stadium nie? -- Nee.

Of persone wat ontvoer was? -- Nee.

Ons het gehoor dat dit baie naby aan die Botswana-grens was, dit is die getuienis voor die Kommissie, is dit so? -- Ja.

Naby aan die grenspos by Kopfontein? -- Dit is korrek.

En ek neem aan dat u moes van tyd tot tyd Botswana ingegaan het in die loop van u werk. -- Ja.

(20)

Want u het groot geword in Botswana? -- Dit is reg.

Tot/...

K93.0353

- 2645 -

VERMEULE

Tot hoe laat in u lewe het u daar gewoon? -- Ek was in matriek toe het ons nog daar gewoon. Dit was 1963.

Waar in Botswana? In Gabarone se wêreld of waar? -- Ek dink nie dit is ter sprake nie.

Maar ek wil net vasstel wat ... ? -- Ek het familie wat ek daar wil beskerm.

(30)

Goed, maar u stem saam dat, nadat u op Vlakplaas gaan werk

het, het u van tyd tot tyd Botswana ingegaan, in die loop van u werk? -- Ja.

Het u 'n paspoort gebruik vir daardie doel? -- Korrek.

Om deur die grenspos te gaan? -- Dit is korrek.

Het u op enige geleentheid oor die grens gegaan sonder om deur die grenspos te gaan? -- Nee.

En u het wel 'n paspoort? -- Dit is korrek.

En dit sal bewys wanneer en hoe dikwels u Botswana toe gegaan het? -- Die huidige paspoort wat ek tans het, dink ek het ek verlede jaar, voor verlede jaar gekry of verlede jaar en toe was ek nie (10) meer aan Vlakplaas verbonde nie met die gevolg toe het ek Botswana net besoek as toeris, as vakansie-ganger.

Ja, maar wat het met u vorige paspoort gebeur, het u dit nog? -- Nee.

Het u dit weggegooi of verbrand of wat? -- Dit het verlê geraak.

Hoeveel paspoorte het u in u lewe gehad? -- In my hele lewe?

Ja. -- Ek dink drie.

Die een wat u nou het? -- Die een wat ek gehad het toe ons op skool was.

(20)

Dit was 'n Botswana paspoort? -- Nee.

'n/...

K93.0420

- 2646 -

VERMEULEN

'n Suid-Afrikaanse ..? -- Dit was 'n Suid-Afrikaanse paspoort en toe het ek een daarna gehad en nou.

Nou, dit is die een daarna waarvan ek wil weet. Dit sou die een wees wat wys wanneer u Botswana toe gegaan het terwyl u op Vlakplaas was, nie waar nie? -- Ja.

En u sê dit het weggeraak? -- Jy hy is weg.

(30)

Nou u het na u werkskaart gekyk en sê u dat daardie werkskaart heeltemal korrek is in al die besonderhede? -- Dit is reg.

En u sê dat u definitief nie in Natal was in Novembermaand 1981 nie, want dit bewys dat u in die Oos-Transvaal en die Wes-Transvaal was gedurende daardie tydperk? -- Dit is korrek.

Wel u sien eers was u in die Wes-Transvaal van 5 tot 20 November? -- Korrek.

En dan is u Oos-Transvaal toe van 22 tot 23 November? -- Dit is korrek.

Nou kan u onthou wat u op daardie twee dae, die 22ste tot 23 November in die Oos-Transvaal gedoen het? -- Ek kan nie spesifiek onthou nie.

(10)

Kan u onthou wat u in die Wes-Transvaal gedoen het van 5 tot 20 November 1981? -- Van die 5de tot die ...?

Tot die 20ste? -- Nee, ek kan nie spesifiek onthou nie. Dit was in die gewone verloop van my uitvoerende pligte wat ek ... (tussenbei)

En ook in die Oos-Transvaal vir daardie twee dae? -- Dit is korrek.

Is dit moontlik dat u saam met Dirk Coetzee na die Oos-Transvaal toe gegaan het op 22 en 23 November? -- Ek dink nie so nie. As ek sy werkskaart kon sien, maar ek glo nie ek was
(20)
saam/...

K93.0499

- 2647 -

VERMEULEN

saam met Dirk Coetzee daar gewees nie.

Kan u onthou wie saam met u was of u met enige persoon, enige persoon u vergesel het? -- Ek dink moontlik was dit dalk Koos Schutte gewees.

Hoekom sou Koos Schutte u vergesel? -- Hy het soms het hy ook saam met my uitgegaan en soms my ook besoek.

Maar hoekom sou hy saam met u uitgegaan het? Want hy was
(30)
betrokke op Vlakplaas self. Hy het nie dikwels uitgegaan nie, behalwe om voorrade byvoorbeeld aan sekere van die lede te neem.

-- Ek kon hom saamgeneem het vir geselskap. Ek be-spiegel.

En sê u op hierdie geleentheid het hy saam met u gegaan of kan u nie onthou nie? -- Ek kan nie onthou nie.

Waar in die Oos-Transvaal sou u gegaan het? -- Ek kan nie spesifiek onthou nie.

En as mnr. Schutte sê dat u met 'n sekere bron in die Oos-Transvaal gaan skakel het sou dit kon korrek wees? -- Ek kan nie bevestig nie.

Het u bronne in die Oos-Transvaal gehad? -- Ek het bronne hanteer.

(10)

In die Oos-Transvaal? -- Korrek.

En as u 'n bron sou besoek is dit moontlik dat u Koos Schutte saam met u sal neem? -- Ja, ek kon hom saamgeneem het.

Sou hy kon gesien het wie die bron was of waar hy woon? -- Nee.

Hoekom nie? -- As 'n reël besoek ek nie die bronne by hulle wonings nie.

En sou u hom aan die bron voorstel? -- Nee, nie as 'n reël nie.

Hoekom nie? -- Daar is bronne wat 'n mens, wat vir 'n mens/... (20)

K93.0581

- 2648 -

VERMEULEN

mens minder sensitief is wat jy aan 'n ander persoon sou voorstel, maar dan is daar meer sensitiewe bronne wat jy nie aan ander persone sou voorstel nie.

Ja. U sien dit is snaaks, daardie twee dae, 22 en 23 November is twee dae waarvan Dirk Coetzee melding gemaak het in sy getuienis, u weet dit? Hy sê dit is die twee dae dat hy en u en Van Dyk en Schutte na die Swazigrens gegaan het om Mxenge se kar uit te brand en u het hom vergesel? -- Ek ontken dit. (30)

U woon op Bronkhorstspruit, nie waar nie? -- Dit is korrek.

En hy het gesê dat hulle was op pad na die plek waar die kar gebêre was en hulle het eers by u huis gestop en u het gesê u sal hulle vergesel. -- Onwaar.

Hy sê ook dat dit is nie korrek dat u in die Wes-Transvaal gedurende Novembermaand was, u was ook in Durban gewees. -- My werkskaart sê ek was in Wes-Transvaal en dit is waar ek was.

U sê dit omdat die werkskaart sê so. -- Dit is reg.

Nie omdat u onafhanklik daarvan kan onthou nie? -- Nee, ek berus my by my werkskaart, want dit is noukeurig en korrek voltooi.

U berus nie op u geheue nie, maar op die werkskaart? -- Ek
(10)
het my geheue verfris deur die werkskaart.

Ja, maar sonder om na die werkskaart toe te kyk sou u nie kon onthou het waar u in Novembermaand 1981 was nie? -- Nee.

VOORSITTER: Kan ek vir u iets anders vra: Het u op enige stadium in Durban gewerk? -- Nee.

MNR. KUNY: Joe Mamasela wanneer het u hom leer ken? -- Aan die begin 1982.

Nou/...

K93.0670

- 2649 -

VERMEULEN

(20)

Nou hoe kan u dit onthou? -- Ek onthou dit omdat hy gekom het op die plaas nadat kolonel Coetzee ons bevelvoerder geword het.

Was hy nooit vantevore daar gewees nie? -- Ek het hom nooit vantevore daar gesien nie.

En u het nooit hom voor daardie tydperk ontmoet nie? -- Nee.

Het u van hom gehoor? -- Nee.

Die naam Joe Mamasela was dit 'n nuwe naam vir u om te hoor? -- Dit was korrek.

En as wat was hy aan u voorgestel toe u hom eers ontmoet het?
(30)
-- Hoe meen u as wat is hy aan my voorgestel.

Was hy 'n polisieman, was hy 'n Askari, was hy 'n bron, wat

het ...? -- Nee, ek herinner my dat hy aan my voorgestel was as 'n bron.

As 'n bron? -- Dit is reg.

Deur wie? -- Deur kolonel Coetzee.

Was dit voordat hy 'n polisieman geword het? -- Ja.

So dit was openlik geopenbaar dat hy 'n bron was aan u? -- Dit is korrek.

En dit sou die begin van 1982 gewees het? -- Dit is korrek.

Het u ooit met hom gewerk? -- Hy het by geleenthede saam met my gewerk.

(10)

In watter omgewing? -- Wes-Transvaal.

En Botswana? -- Nee.

Hoekom nie? Hoekom nie in Botswana of in verband met Botswana nie? -- Dit was in verband met Botswana, maar nie in Botswana nie.

Nou as dit in verband met Botswana was, wat was die verband/...

K93.0738

- 2650 -

VERMEULEN

verband met Botswana? -- Die infiltrasies vanuit Botswana die Republiek in. (20)

Nou wat sou Joe Mamasela se taak gewees het in verband met daardie infiltrasies? -- Identifikasie van infiltrerders.

En sou hy inligting aan julle voorstel in verband met daardie infiltrerders? -- Nee, slegs identifikasie.

U bedoel fisiese identifikasie, as julle mense sien of inligting gee in verband met die identifikasie van mense? -- As ons mense sien.

Maar wat van die inligting self, waar sou u die inligting kry in verband met daardie mense? -- Uit ons eie bronne, asook by die veiligheidstakke. (30)

Ja, nou dit is wat ek wil vra, was hy nie een van die bronne

nie wat vir julle informasie, inligting gegee het? -- Ons het hom nie op daardie stadium meer gebruik vir Botswana nie.

Het hy nooit Botswana toe gegaan nie op daardie stadium? -- Nee.

Sê u dit definitief of vermoed u dat hy nie Botswana toe gegaan het? -- Ek sê dit omdat hy, terwyl hy onder my toesig was, nie Botswana toe gegaan het nie.

Maar was dit nie nodig dat julle inligting vanaf Botswana kry in verband met insurgensie wat vanaf Botswana kom? -- Dit is nodig gewees.

(10)

En was dit nie nodig dat 'n persoon soos Joe Mamasela in-ligting vir julle in daardie verband kry, want hy het Botswana goed geken en die mense in Botswana goed geken? -- Dit is korrek, hy het Botswana goed geken, hy het die mense in Botswana goed geken.

En hy het vir ons, het vir hierdie Kommissie gesê dat hy
bronne/...

K93.0820

- 2651 -

VERMEULEN

bronne in Botswana gehad het en hy het wel ... ? -- Hy kon moontlik gehad het.

(20)

En hy het wel Botswana ingegaan net vir kort tydperke om daardie inligting te kry van sy brone. -- Ek het hom nie, terwyl hy onder my toesig was in Botswana ingestuur nie.

Hoe sou Almond Nofemela geweet het van hierdie plaas-huisie naby die grenspos te Kopfontein? Was hy ooit met u saam na daardie huis? -- Ek kan nie onthou nie. Dit kon deur oorvertellings ook gewees het.

Hoe sou David Tshikalange geweet het van daardie huisie? -- Ek weet nie.

(30)

Was hy ooit saam met u daar? -- Ek kan nie onthou dat David saam met my was nie.

Dirk Coetzee? -- Dirk Coetzee het, kon my daar besoek het.
Ek is nie seker of hy by daardie spesifieke huis besoek by my
gebring het nie.

En Joe Mamasela? -- Joe het saam met ons daar gewoon.

Kolonel Jan Coetzee? -- Kolonel Jan Coetzee was ook daar
gewees.

Paul van Dyk? -- Ek kan nie onthou of Paul van Dyk daar was
nie.

Mnr. die Voorsitter dit is amper 16h00 kan ons verdaag?

DIE KOMMISSIE VERDAAG TOT 13 JUNIE 1990 TOT 10H00.

---oOo---

Collection Number: AK2300

HARMS COMMISSION OF INQUIRY, Death squads 1990

PUBLISHER:

Publisher:- Harms Commission of Inquiry

Location:-

©1990

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection donated to Historical Papers at The University of the Witwatersrand.